

SENTRAAL-WES AS LANDBOUKOÖPERASIE

Verhandeling ingedien by die
Potchefstroomse Universiteit
vir

Christelike Hoër Onderwys
ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes van die
graad

M A G I S T E R C O M M E R C I I

Cornelis Jan Bos

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.
Augustus 1956.

VOORWOORD

Graag wil ek hier my dank en erkentelikheid betuig aan almal wat my van verskillende kante op vriendelike en belangelose wyse met raad en daad bygestaan het.

In besonder wil ek my waardering uitspreek vir die wetenskaplike VOORLIGTING wat ek ontvang het van prof. dr. B. van Deventer en sy leiding by hierdie verhandeling. Voorts my dank aan die Raad van Direkteure van die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Bpk. vir die welwillende toestemming om die maatskappy die hoofonderwerp van my verhandeling te maak, en aan die bestuur en personeel van die Koöperasie vir die hulp en medewerking verleen by die navorsingswerk.

Ten slotte wil ek my erkentlikheid uitspreek teenoor die Universiteit vir die toekenning aan my van 'n beurs van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie.

INHOUDSOPGAAF.

Voorwoord.

Algemene Inleiding.

AFDELING A.

Struktuur en Differensiasie.

HOOFSTUK I

Beginnels en doelstelling van Koöperasies.

1. Omskrywing van die term „Koöperasie“.
2. Grondreëls van die Koöperatiewe ondernemingsvorm.
3. Oogmerke en algemene reëls van koöperatiewe ondernemings.
4. Verskillende soorte koöperatiewe ondernemings.
5. Doelstellings van die verskillende koöperatiewe ondernemings.
6. Samevatting.

AFDELING B.

Die Landboukoöperasie, Retrospektiewe Oorsig.

HOOFSTUK II

Ekonomies-historiese agtergrond waaruit koöperasies en met name die Sentraal-Wes ontstaan het.

1. Algemeen ekonomies-historiese agtergrond.
2. Die gebied en gebiedsomstandighede waarin die Sentraal-Wes ontstaan het.
3. Samevatting.

HOOFSTUK III

Geskiedkundig oorsig van die landboukoöperatiewe beweging.

1. Algemeen geskiedkundige oorsig.
2. Die landboukoöperatiewe beweging in Suid-Afrika.
3. Resente ontwikkeling van die koöperatiewe beweging.
4. Samevatting.

HOOFSTUK IV

Beknopte historiese oorsig van die ontwikkeling van die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

1. Inleidend.
2. Die Sentraal Westelike Koöperatiewe Vereniging (1909-1936).

3. Die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk (1936 - tot hede).
4. Samevatting.

HOOFSTUK V

Die betekenis en ontwikkeling van die Mieliénywerheid in Suid-Afrika met verwysing na die Sentraal-Wes.

1. Die Mieliénywerheid in Suid-Afrika.
2. Die posisie van die Sentraal-Wes as agent van die Raad van Beheer oor die Mieliénywerheid.
3. Samevatting.

AFDELING C.

Ontleding van 'n Koöperasie.

HOOFSTUK VI

Die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

1. Koöperatiewe Maatskappy teenoor Publieke Maatskappy.
2. Die bestuur en beheer van Sentraal-Wes.
3. Die verskillende afdelings van die maatskappy.
4. Samevatting.

HOOFSTUK VII

Die ontwikkeling van die Sentraal-Wes statisties gesien.

p. 64.

1. Die aantal lede van die Maatskappy.
2. Blanke personeel in diens van die maatskappy.
3. Die graanafdeling.
4. Die handelsafdeling.
5. Die nywerheidsafdeling.
6. Samevattende bespreking van die statistiese gegewens vir die graan-, handels- en nywerheidsafdeling.

HOOFSTUK VIII

Bydrae van die Sentraal-Wes tot die meganisasie van die landbou.

1. Inleidend.
2. Die bydrae van koöperasies in die algemeen.
3. Die bydrae van die Sentraal-Wes.
4. Samevatting.

HOOFSTUK IX.

Algemene finansieringsaspekte van landboukoöperasies.

1. Begripsbepaling.
2. Die kapitaalbehoefte van landboukoöperasies.

3. Metodes van finansiering.
4. Leemtes in die kredietverskaffing.
5. Samevatting.

HOOFSTUK X

Die finansiële toestand van die Sentraal-Wes.

1. Algemene omskrywing van die doel en betekenis van finansiële state.
2. Opsomming van die balansstate 1947-48 tot 1954-55.
3. Opsomming van die vernaamste balansposte van die boekjaar 1953-54 en vergelyking daarvan met 'n soortgelyke opsomming vir alle spesifieke mielie-koöperasies.
4. Finansieringskema van die Sentraal-Wes vir die boekjaar 1953-54.
5. Bespreking van enkele balansposte.
6. Aard en omvang van die kredietbehoefte.
7. Die Wins-en-Verliesrekening.
8. Samevatting.

AFDELING D

Die funksionering v. d. Koöperasie: Beoordeling.

HOOFSTUK XI

Die funksionering van die Sentraal-Wes as Landbou-koöperasie.

1. Funksies van landboukoöperasies in die algemeen.
2. Geregistreerde ledetal.
3. Bestuur en beheer.
4. Bydrae van die Sentraal-Wes tot die ontwikkeling van die Landbou.
5. Uitbetaling van lede.
6. Boekhouding.
7. Finansiële toestand.
8. Administrasie en direkte koste.

HOOFSTUK XII

Slotbeskouing.

Bylaes.

Lys van aangehaalde Werke.

A L G E M E N E I N L E I D I N G .

Die doel van hierdie verhandeling is om die ontstaan en ontwikkeling van Die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk ¹⁾ as landboukoöperasie te skets. Dit geskied begryplicherwyse teen die agtergrond van sowel die algemeen ekonomiese ontwikkeling as die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging in die Unie van Suid-Afrika. Benewens ontstaan en groei word dan meer in besonderhede die aard en omvang van die werksaamhede van die Koöperasie nagegaan om sodoende sy betekenis vir die landbou en landbougemeenskap te probeer bepaal.

Terwyl daar oor die teoretiese deel van hierdie veld 'n vry omvangrike literatuur bestaan, is die behandeling van 'n spesifieke landboukoöperasie so goed as onbegane veld. Tog kan en moet hierdie veld begaan word. Enersyds kan die welwillende vergunning van Direkteure en Besture om toegang te kry tot gegewens, die bestudering van 'n koöperasie 'n moontlike en aangename taak maak - soos skrywer hiervan dankbaar ondervind het, andersyds kan 'n resente oorsig van die werksaamhede van 'n koöperasie as nuttige organisasie in die Landbou-ekonomie van Suid-Afrika, van groot waarde wees: vir die betrokke koöperasie, vir 'n vooruitstrewende landboubedryf; en vir die landbou-ekonomiese wetenskap.

Met toestemming van die direkteure van enkele andere landboukoöperasies, onder voorbehoud dat geen syfers gepubliseer word nie, is nagegaan of bepaalde, by die Sentraal-Wes waargenome tendensies ook op andere koöperasies van toepassing was. Oor die algemeen is, met inagneming van spesiale toestande en omstandighede, 'n bevestigende antwoord hierop gevind.

In die Slotbeskouing is getrag om die essensiële van elke hoofstuk en van die werk as geheel so beknopt moontlik weer te gee, met die bedoeling dat dit onmiddelik vir die leser duidelik sal word wat onder die verskillende hoofde van die inhoudsopgaaf behandel is.

1) Hierna saaklik die Sentraal-Wes genoem.

AFDELING A

STRUKTUUR EN DIFFERENSIASIE

HOOFSTUK I

BEGINSELS EN DOELSTELLINGE VAN KOÖPERASIES.

1. Omskrywing van die term „koöperasie“.

Daar is geen algemeen aanneemlike definisie van „koöperasie" nie, maar die volgende definisie gee 'n doelmatige omskrywing van wat daaronder verstaan word.

Koöperasie, in sy wydste betekenis, beteken samewerking vir die verwesenliking van 'n gemeenskaplike doel. As 'n ekonomiese stelsel is dit die samewerking van persone met gemeenskaplike belange wat werk vir die onderlinge en algemene voordeel van sy lede volgens sekere bepaalde reëls en voorwaardes, wat vereis dat die bestuur en beheer van sy sake deur persone, en nie deur kapitaal nie, uitgeoefen moet word op 'n breë basis van gelykheid. Hoewel hierdie soort organisasie baie en uiteenlopende vorms behels, en op verskillende maniere in verskillende lande ontwikkel het, is die demokratiese metode van beheer daarvan en die grondslag van wederkerigheid en gelykheid, kenmerke van alle koöperasies ¹⁾.

Die begrip koöperasie word nie in die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939 ²⁾ omskryf nie. In artikel 101^a van die wet word egter melding gemaak van 'n stelsel of grondreëls waarvolgens 'n koöperasie handel drywe. Die betrokke artikel lui as volg:

„Geen persone en geen vereniging van persone, behalwe 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde vereniging of maatskappy wat volgens hierdie Wet geag word aldus geregistreer te wees, mag na 'n datum vermeld in 'n deur die registrateur ondertekende kennisgewing waarin gewaarsku word dat die Minister van oordeel is dat, met die oog op die oogmerke van hierdie Wet, die stelsel of grondreëls waaronder hy besigheid drywe, 'n stelsel of grondreël is waaronder alleen 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde vereniging of maatskappy toegelaat behoort te word

1) Memorandum oor koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika, Koöperasiepers van S.A. Bpk., Kaapstad 1944. bls. 1.

2) Wet no. 29 van 1939.

om besigheid te drywe, voortgaan om onder daardie stelsel of grondreëls besigheid te drywe nie."

In die genoemde artikel word nie gemeld wat die oogmerke van die Wet op die koöperatiewe „stelsel of grondreëls" is nie. Die Wet is vaag in hierdie opsig; blykbaar om so rekbaar moontlik te wees. Dit sal dus nodig wees om na die betrokke bepalings van die Wet te verwys om vas te stel wat daaronder verstaan word.

2. Grondreëls van die koöperatiewe ondernemingsvorm.

In verskillende artikels van die Wet ³⁾ word sekere grondreëls van die koöperatiewe ondernemingsvorm uiteengesit:

Artikel 5 gee onder meer aan wat die bevoegdhede tot lidmaatskap in 'n landboukoöperasie moet wees. Behalwe in sekere gevalle is slegs 'n bona fide-boer bevoeg om lid van 'n koöperasie te word.

In artikel 6 word die doelstellings waarvoor 'n landboukoöperasie opgerig kan word, aangegee. Die hoofdoelstellings is om die landbouprodukte of lewende hawe van sy lede op die voordeligste wyse van die hand te sit, om boerderybenodighede ten behoeve van sy lede aan te koop en om sekere dienste vir sy lede te verrig. Behalwe in sekere gevalle mag so 'n koöperasie nie handel met die produkte van iemand wat nie lid is nie, of aan so iemand boerderybenodighede verstrek nie, of, behalwe vir lewering aan sy lede, van so iemand produkte of lewende hawe koop nie, of ander dienste vir so iemand verrig nie.

Artikel 7(3) belet 'n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy om die surplus of wins, of 'n gedeelte daarvan, onder persone wat nie lede is nie, te verdeel.

Artikel 11(1)(a) en 11(2)(a) bepaal onderskeidelik dat die surplus van 'n koöperatiewe handelsvereniging onder sy lede verdeel moet word en dat die surplus, of 'n gedeelte daarvan, nie onder persone verdeel mag word wat nie lede is nie.

Volgens artikel 15(1)(g) moet die regulasies van koöperasies vermeld hoe die surplus verdeel moet word. Die modelstatute wat ingevolge die Wet gepubliseer is, bepaal in die geval van beperkte koöperasies dat die bedrag wat oorbly, nadat rente op aandelekapitaal betaal is en voorsiening gemaak is vir die opbou

3) Wet no. 29 van 1939., art. 5, 6, 7(3), 11(1)(a), 11(2)(a), 15(1)(g), 15(1)(b), 15(2)(b), 15(3)(b), 138, 39(1), 30(2) en 76(b).

van reserwes, onder die lede verdeel moet word in verhouding met die waarde van die sake wat hulle met die koöperasies gedoen het.

Vogens artikel 15(1)(h) moet die statute van koöperasies ook die regte en verpligtings van lede vermeld. In die modelstatute word voorsiening gemaak vir duursame lidmaatskap.

Artikel 15(2)(b) bepaal dat 'n rente van hoogstens agt persent per jaar betaal kan word op die bedrag wat op aandele betaal is.

Volgens artikel 15(3)(b) kan die statuut van 'n beperkte koöperasie sy lede verplig om aandele volgens omset te besit.

Volgens artikel 30(2) is slegs 'n lid van 'n koöperasie of 'n persoon wat lid is van 'n organisasie wat lid van die koöperasie is, bevoeg om direkteur van die koöperasie te wees.

Artikel 38 bepaal dat 'n lid van 'n koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid slegs een stem het.

Volgens artikel 39(1)(h) het 'n lid van 'n koöperasie met beperkte aanspreeklikheid een stem, maar in die geval van 'n hoofdelike stemming kan hy addisionele stemme (hoogstens vier) uitbring, indien die regulasies daarvoor voorsiening maak. Die addisionele stem of stemme word bereken volgens die waarde van elke lid se sakedoen met die koöperasie.

Artikel 76(1) bepaal hoe die oorskot by likwidasie verdeel moet word. Eers word die opbetaalde bedrag van die aandele terugbetaal, en die balans word dan verdeel in verhouding met die waarde van die sake wat elke lid met die koöperasie oor 'n bepaalde aantal jare voor die datum van likwidasie gedoen het.

3. Oogmerke en algemene reëls van koöperatiewe ondernemings.⁴⁾

Die vooruitgang wat deur koöperatiewe ondernemings gedurende die kort tydperk van hul bestaan gemaak is, is in geen geringe mate nie toe te skryf aan hul ideale en reëls, en die feit dat hul aangevuur word deur die voorneme van lede om saam te staan; om deur die uitskakeling van skadelike konkurrensie en onnodige middelmannen hul produkte te verkoop teen die

4) Dit is beter om van koöperatiewe „reëls” as „beginsels” te praat. Beginsels is fundamentele waarhede waar nie van afgewyk kan word nie, en hoewel hulle in die koöperatiewe praktyk bestaan, kan sommige beginsels soms verskil van land tot land en produk tot produk, volgens plaaslike omstandighede en behoeftes. Koöperatiewe reëls is dus 'n getrouer en omvattender term. Vgl. J.J. Adams: Die Algemene beginsels van die koöperatiewe beweging. Voordrag gehou voor: Tweede vakansiekursus in koöperatiewe leer te Potchefstroom. (1953), bls. 7.

gunstigste pryse; om hul benodighede te koop en dienste so goedkoop moontlik te verkry. In die geval van koöperatiewe ondernemings as sakeorganisasies is die strewe, sover dit produsente-organisasies betref, die stabilisering van bemarkings-toestande deur middel van ordelik gereguleerde voorrade en distribuering, sonder om die gewone faktore van vraag en aanbod uit te skakel. Die doel is egter nie in die eerste plaas om 'n hoër prys van die verbruiker af te dwing nie, maar om 'n permanente afsetkanaal te verkry asook gestabiliseerde pryse deur doeltreffende en ordelike bemarking. Deur gradering en standaardisering, sowel wat die gehalte van die produk as die verpakking daarvan betref, is die produsente-organisasie in staat om 'n hoër prys te verkry; en deur gesamentlike verkoop van groot hoeveelhede van die produk word bowendien besparing van die distribusuerings- en bemarkingskoste bewerkstellig. ⁵⁾

4. Verskillende soorte Koöperatiewe ondernemings.

Vir 'n beter begrip van die rol wat deur koöperatiewe ondernemings gespeel word, is dit nodig om 'n uiteensetting te gee van die soorte koöperasies en die aard van elkeen se bedrywigheid.

Die vorms of soorte koöperasies waarvoor in die Wet op koöperatiewe Verenigings ⁶⁾ voorsiening gemaak is, kan onder die volgende twee breë groepe ingedeel word:

1. Produsentekoöperasies, wat weer die volgende 3 groepe insluit:

- i) Koöperatiewe landboumaatskappye met beperkte aanspreeklikheid.
- ii) Koöperatiewe verenigings met onbeperkte aanspreeklikheid. En
- iii) Spesiale koöperatiewe boeremaatskappye, met beperkte aanspreeklikheid.

5) Idem, bls. 4 en 5.

6) Wet no. 29 van 1939.

2. Verbruikerskoöperasies. Dit is koöperatiewe handelsverenigings met beperkte aanspreeklikheid.

Die bestaansrede vir aparte organisasies vir produsente en verbruikers, is dat daar 'n botsing tussen die belange van die twee groepe koöperasies bestaan.

Produsentekoöperasies enersyds strew na die hoogs moontlike pryse van lede se produkte; die doel van die verbruikerskoöperasies andersyds is om die benodighede van lede teen die laags moontlike pryse aan te koop.

5. Doelstellings van die verskillende koöperatiewe ondernemings.

Daar is dus verskillende tipes van koöperatiewe organisasies met verskillende oogmerke waarvoor hulle in die lewende groep is. Die koöperatiewe verbruikerskoöperasies of handelskoöperasies word gestig met die doel om byna enige soort saak of onderneming onder 'n koöperasiestelsel te dryf. Die gewone doel van so 'n koöperasie is om sake as algemene handelaar of ander sakebedryf namens sy lede te dryf, en om die lede so goedkoop en doeltreffend moontlik te voorsien van hulle benodighede.

Die produksiekoöperasies, die landbou- en spesiale boerekoöperasieorganisasies het doelstellings wat hulle heeltemal onderskei van die eerste tipe. Die hoofdoel van die koöperatiewe produksieorganisasies is hoofsaaklik om die landbouprodukte en lewende hawe van hul lede so voordelig moontlik te verkoop en hulle te voorsien van landboubenodighede, of dienste te lewer in verband met die boerdery en ander werksaamhede.

Die produsentekoöperasies kan meer spesifiek geklassifiseer word volgens doelstellings:

- i) Koöperasies vir die verkoop van landbouprodukte.
- ii) Koöperasies vir die verskaffing van boerderybenodighede. En
- iii) Koöperasies wat algemene diens verrig, soos die verskaffing van krediet, versekering ens.

6. Samevatting.

Soos gesien, kan die term „Koöperasie" gedefinieer word as 'n ekonomiese stelsel, waarin die mense demokraties organiseer om te voorsien in hulle behoeftes, deur wedersydse hulp te verleen met dicns as die onderliggende grondbeginsel.

Die grondreëls van die koöperatiewe ondernemingsvorm is in Suid-Afrika wetlik in Wet no. 29 van 1939, vasgelê.

In breë lyne kan die koöperatiewe ondernemings in twee groepe ingedeel word, te wete: verbruikerskoöperasies en produksiekoöperasies. Landboukoöperasies val onder die laaste groep, en hul hoofdoel is om die landbouprodukte van hul lede so voordelig moontlik te verkoop en/of dienste te lewer in verband met die boerdery en ander werksaamhede. Die strewe is egter nie in die eerste plek om dit te bewerkstellig deur hoër pryse van die verbruikers af te dwing nie, maar om deur middel van 'n permanente afsetkanaal pryse te stabiliseer en bemerking te reguleer. Op hierdie wyse kan besparing van die distribusie- en bemarkingskoste bewerkstellig word.

Alvorens 'n spesifieke koöperasie aan die hand van eerder genoemde beginsels en doelstellinge ontleed word, sal in afdeling B 'n retrospektiewe oorsig gegee word van landboukoöperasies, en van die Sentraal-Wes in die besonder.

AFDELING B

DIE LANDBOUKOÖPERASIE, RETROSPEKTIEWE OORSIG.

HOOFSTUK II

Ekonomies-historiese agtergrond waaruit koöperasies en met name die Sentraal-Wes ontstaan het.

ALGEMEEN EKONOMIES-HISTORIESE AGTERGROND.

Om die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika en in besonder dié van die Sentraal-Wes in die juiste lig te sien, is dit dienlik om eers 'n skets te gee van die ekonomies-historiese agtergrond, met spesiale verwysing na die gebied waar genoemde koöperasie optree. Nadruk sal gelê word op die periode kort voor en na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, aangesien die toestand wat in toentertyd geheers het, aanleiding tot die stigting van die Sentraal-Wes in 1909 gegee het.

Van die landing van Van Riebeeck in 1652 tot diep in die tweede helfte van die 19de eeu was Suid-Afrika hoofsaaklik 'n landbouland ⁷⁾. Die ontdekking van diamante in 1867, binne korte tyd gevolg deur dié van goud, verander egter spoedig die ekonomiese struktuur van die land en Suid-Afrika ontwikkel tot 'n mynbou- en landbouland.

"The local demand was increased during this era by (i) the rapid growth of population (natural increase plus immigration), (ii) increase of wealth and purchasing power, and (iii) widening of the domestic market by the improved facilities of railway transportation, communication and banking, rendered available to the community under the direct stimulus of the diamond industry. On account of world trade conditions agricultural production was virtually limited to the local demand." ⁸⁾

Die uitvoer van Suid-Afrikaanse landbouprodukte was

7) M.H de Kock: The Economic development of South Africa (1935), bls. 4, 36.

8) Idem, bls. 47 en 48.

betreklik onbetekenend "in view of the fact that other new countries were developing their agricultural resources more efficiently and had already secured a firm footing in the markets of Europe." 9) Die binnelandse vraag neem egter toe, en die vestiging van 'n industriële sentrum in Suid-Afrika was, van die landbou-oogpunt uit gesien, 'n belangrike gebeurtenis. "The development of agriculture went hand in hand with that of mining." 10)

Meer land word ontgin, nuwe en betere boerderymetodes word toegepas en die gebruik van masjinerie en kunsmis neem toe.

Die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het geblyk 'n politieke gebeurtenis te wees van groot ekonomiese betekenis, en wel om verskillende redes.

In die eerste plek is 'n algemene, nasionale beleid aangeneem in die plek van die vier afsonderlike beleidsrigtings voorheen deur die vier provinsies gevolg. Dit het 'n gunstige sfeer geskep vir die ontwikkeling van die land as geheel. In die tweede plek het alle spoorweë en hawens wat aan die vier provinsies behoort het, onder die bestuur van die Unieregering gekom. Tariewe is opnuut vasgestel en nuwe taklyne is na veelbelowende landbou- en weidingstreke aangelê. 11) In die derde plek het 'n doeltreffende landboudepartement vir die hele land in werking getree, wat veral raadgewend opgetree het in sake soos vee- en plantesiektes, die regte metodes van grondbewerking ens. Daar was egter nog geen bepaalde landboubeleid waardeur veranderings in boerderystelsels deurgevoer kon word nie. Voor die Eerste Wêreldoorlog (1914-18) altans, is daar byvoorbeeld feitlik geen beskermende beleid ten opsigte van die landbou deur die Staat gevolg nie, en eers toe die wêreldpryse vir

9) Idem, bls. 43.

10) Idem, bls. 48.

11) a. Idem, bls. 71.

b. C.G.W. Schumann: Structural Changes and Business Cycles in South Africa 1806-1936 (1938), bls. 180.

landbouprodukte gedurende die ekonomiese depressie van 1929-32 ineengestort het, is spesiale maatreëls deur die Unieregering getref met die doel om verligting te bring in die posisie van sommige van daardie landbounywerhede wat van die wêreldmark vir 'n afset van surplusproduksie afhanklik is. ¹²⁾ Gevolglik het die landbou aanvanklik ontwikkel sonder dat dit deur sterk eksterne rigtinggewende faktore beïnvloed is. In die vierde plek is na die Uniefikasie voorsiening gemaak vir die aanmoediging en ontwikkeling van industrieë anders as die land- en mynbou, en 'n Departement van Handel en Nywerhede is in 1910 gestig. ¹³⁾

Na die Eerste Wêreldoorlog het daar in sekere opsigte 'n verandering plaasgevind in die produksiestruktuur. Net soos in ander lande, was ook in Suid-Afrika 'n strewe na selfvoorsiening te bespeur, wat veral deur die Staat aangemoedig is. ¹⁴⁾ Internasionaal gesien, was die toestand nie veel anders nie. Vóór die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 was daar verskeie van die sogenaamde „nuwere" lande soos Argentinië, Australië, Kanada en Nu-Seeland wat eweas Suid-Afrika begin toetree het tot die wêreldmark vir landbouprodukte. "After 1914", skryf van der Post, "the influence of the Great War exerted itself more and more in the agricultural exporting countries. War-stricken Europe's primary concern was the conduct of the war; it had neither time nor men nor inclination

12) Verslag oor die Werkzaamhede van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid in die boekjaar geëindig 30 April 1954, W.P. - 16682 - 23/12/54, bls. 1.

13) M.H. de Kock: The Economic Development of South Africa, bls. 71.
C.G.W. Schumann: Structural Changes and Business Cycles in South Africa 1806-1936 (1938), bls. 176, 177, en 217.

14) C.G.W. Schumann: „Ekonomiese vooruitgang en vooruitsigte in Suid-Afrika, Voordrag gehou voor: Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1954, bls. 40, 41.

to provide its own requirements and consequently its agricultural lapsed. It and its armies, however, had to be clothed and fed and looked to the agricultural exporting countries for their supplies. This naturally stimulated and increased agricultural production in the latter countries but thereby also laid the foundation of future trouble." 15)

Die onmiddellike uitwerking van die oorlog op die landboubedryf was derhalwe dat uitbreiding van produksie in die nuwere lande aangemoedig is om in die behoeftes van die oorlogvoerende lande te voorsien. Ook in Suid-Afrika het 'n merkbare toename in landbouproduksie gedurende die jare 1915-17 plaasgevind, en ten spyte van 'n geringe terugslag in 1918-19, het 'n verdere toename daarna plaasgevind. 16) Die stygende produksie om in die behoeftes van die Vasteland te voorsien en ook om die voordele van stygende pryse te bekom, is nie slegs verkry deur 'n vergroting van die beplante oppervlakte nie maar ook deur die toepassing van verbeterde produksiemetodes.

Na die Eerste Wêreldoorlog het die oorspronklike uitvoerlande hul posisie as produsente en uitvoerders probeer herwin, maar terselfdertyd het 'n nuwe ekonomiese beleid as gevolg van die oorlog sy verskyning gemaak, naamlik die beleid van ekonomiese selfgenoegsaamheid. Dit het gelei tot aanmoediging van produksie in daardie lande wat vóór die oorlog afhanklik was van die invoer van landbouprodukte om in die eie behoefte te voorsien. Daar ontstaan dus 'n toestand waarin die invoer vanaf bepaalde lande langamerhand verdwyn, terwyl daar 'n toename in die produksie van landbouprodukte plaasvind. In 1929 kom toe die wêreld se ergste ekonomiese depressie, en sonder dat in besonderhede ingegaan hoef te word, kan gesê word dat die gevolge hiervan die landboubedryf die ergste aangetas

15) A.P. van der Post: Economies of Agriculture (1937), . . . bls. 542.

16) Ibidem.

het, hoofsaaklik weens die toestande wat ontwikkel het in die jare wat die depressie voorafgegaan het.

Die uitwerking van die daling in die pryse van landbouprodukte was so ernstig in Suid-Afrika, in vergelyking met pryse van grond en produksiekoste van boere gedurende die twintigerjare, dat talle met bankrotskap bedreig is. Die Staat was dus verplig om deur middel van die Landbank en die Boere-onderstandsraad finansiële hulp aan die landbougemeenskap te verleen. 'n Poging is ook aangewend om die pryse van landbouprodukte meer lonend te maak deur die aanname van spesiale wette wat voorsiening gemaak het vir sekere beheermaatreëls wat met sekere magte bekleed is. 17)

Stadigaan is die beheer van bemarking verder ingevoer, en hierdie pogings tot beheer in die landbou is uiteindelik bekroon met die aanname van die bemarkingswet in 1937. 18) Tussen 1937-38 en 1952-53 het die netto bydrae van die landbou, bosbou en visserij tot die nasionale inkome van die Unie toegeneem met 366 persent teen heersende pryse bereken. Die toename in die produksievolume was ongeveer 40 persent. Die fabrieksnywerheid toon vir hierdie jare egter 'n toename van 230 persent in die produksievolume. 19)

Die Tweede Wêreldoorlog het op ekonomiese gebied 'n belangrike uitwerking gehad, en oor die algemeen was dit maar moeilike jare vir die landbou in Suid-Afrika. In sekere opsigte was daar 'n herhaling van die toestande wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Europa geheers het. Oorlogsomstandighede het meegebring dat daar klaargekom moes word met tekorte

17) Sien vir verdere uitwerking bls. 13.

18) Wet no. 26 van 1937.

19) C.G.W. Schumann: „Ekonomiese vooruitgang en vooruitsigte in Suid-Afrika,” Voordrag gehou voor: Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1954, bls. 40.

aan baie essensiële produksiemiddele. Die landboubevolking het te kampe gehad met 'n gebrek aan kunsmis, terwyl landbougereedskap skaars en dikwels onverkrygbaar was. Die oorlog het die gesondmaking van die landbouproduksie, waarmee die oorlog begin is, jare vertraag. In plaas van weg te kom van die verbouing van alleen koring en mielies, en die boerderystelsel aan te pas by die natuurlike toestande en die behoud van grondvrugbaarheid, moes boere daarmee voortgaan om hul bydrae aan voedsel vir die oorlogspoging te lewer. Die grond is so-doende verder uitgeput en verarm.

Pas gedurende die na-oorlogse jare het die boerdery in Suid-Afrika die nuwe ontwikkelingsfase binnegegaan waarmee voor die oorlog begin is. Beter boerderymetodes en 'n groter meganisasie word vandag deur steeds meer boere toegepas. Dit stel hoër eise aan die grondbronne en aan die boer se bekwaamheid as ooit te vore.

In Suid-Afrika met sy wisselvallige klimaatstoestande gaan die reënval en landbou-opbrengste hand aan hand. Die goeie ooste van die afgelope jare is egter nie net aan die natuur te danke nie. 'n Aansienlike persentasie van die verhoogde opbrengste weerspieël reeds die struktuurverandering wat die landbou oor die afgelope paar jare ondergaan het op die gebied van aangepaste boerderystelsels en wetenskaplike praktyke. ²⁰⁾ Hierdie ontwikkeling is veral 'n regstreekse uitvlocisel van die depressie van 1929-32, maar dis terselfdertyd 'n deel van 'n algemene wêreldtendens tot groter staatsinmenging in die ekonomiese lewe, en veral in die landboubedryf. ²¹⁾

20) Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou, in: Boerdery in Suid-Afrika, 1945-55.

21) C.G.W. Schumann: Die Unie van Suid-Afrika tot 1939, in: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, (1951), bls. 281.

Die gebied en gebiedsomstandighede waarin die Sentraal-Wes
ontstaan het.

Op die kaart (vgl. bylae no. 1, gearseerdegedeelte) kan gesien word dat die Sentraal-Wes 'n groot gedeelte van Wes-Transvaal en die Oranje-Vrystaat bestryk. Oor die ontwikkeling van Transvaal skryf de Kock: ²²⁾ "The establishment of the gold mining industry on the Rand, with Johannesburg as its centre, was an event of great importance to South-Africa, and more especially to the Transvaal."

Terwyl die Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat en Natal aansienlike voordele en aansporing van die diamantnywerheid ondervind het, "was the Transvaal, as it were, an isolated community, slow to realise the agricultural and pastoral possibilities of the territory. It was the development of the mineral resources that stimulated the development of agriculture and stock farming and broke the commercial isolation and its evil consequences to which the Transvaal had been subject."

Die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 het die provinsies Transvaal en Oranje-Vrystaat ekonomies swaar ontwrig en lamgelaê. Hoewel die plaaslike pryse van landbouprodukte onmiddelik na 1902 'n vry gunstig beeld vertoon het, het die rehabilitasie van plase en boerderye groot kapitaaluitgawes van die boere in daardie provinsies geverg. Die meeste boere was verplig om groot verbande op hulle plase te neem, en selfs met betreklik goeie pryse vir landbouprodukte het die boere dit uiters moeilik gevind om hul finansiële verpligtings na te kom. Produsente het onder hierdie omstandighede gemeen dat die koöperatiewe vorm van afset hulle 'n beter prys vir landbouprodukte sou besorg. ²³⁾

22) M.H. de Kock: The Economic development of South Africa (1935), bls. 50.

23) W.H. van der Merwe: Bemarkingswetgewing en die Koöperatiewe Beweging, in: Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer. Stellenbosch 1952, bls. 74.

'n Ander rede wat na vore gebring kan word, is dat die posisie van die boer aansienlik verander het na die Anglo-Boereoorlog. Nie alleen moes die boer nou vir 'n mark produseer nie, maar rekening moes ook gehou word met kompetisie. Sukses veronderstel 'n sekere kennis van finansiële en be-markingspraktyke, nuwe masjinerie en metodes, waarvan die gemiddelde 19de-eeuse boer min kennis besit het.

Hierdie onbekendheid met moderne sakepraktyke het die boer in baie gevalle in die hande van 'n toenemende aantal tussenhandelaars geplaas, en die boer se vrees dat hy nie eerlik behandel word nie, was dikwels nie sonder grond nie. Daar was sodoende van die begin van die moderne ekonomiese ontwikkeling 'n half onbewuste, half bewuste teenkanting teen die tussenhandelaars. Dit is waarskynlik dat hierdie gevoel invloed gehad het op die landboupolitiek van die Staat, spesiaal ten opsigte van die houding teenoor bemarkingsprobleme. 24) Dit lyk vreemd dat die Transvaalse Regering so vroeg as 1908 reeds alles in die werk gestel het om koöperatiewe bemarking van landbouprodukte aan te moedig. 25) 'n Mens sou verwag dat die nadruk eerder gelê sou word op die bekendstelling van die boer met moderne produksiepraktyke as op die bemarking.

Dit staan egter vas dat koöperatiewe bemarking in Suid-Afrika deur die Staat ingevoer is en in sekere sin afgedwing is op die landboubevolking. 26) Vandaar die Wet op Koöperatiewe Landbouverenigings 27) in 1908 in die Transvaal en 'n enersluidende Wet in die Oranje-Vrystaat kort daarna. 28)

Dit is van belang om daarop te wys dat in daardie jare hoër pryse die hoofoogmerk was, en nie soseer die lewer van ander dienste nie.

24) H. Frankel: Coöperation - Competition in the Marketing of Maize in South Africa (1926), bls. 4 e.v.

25) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet, Kaapstad 1934, (U.G.16-'34), bls. 2.

26)a A.P. van der Post: Economies of Agriculture (1937), bls. 590.

SAMEVATTING.

Die vernaamste struktuele omvorming van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu was die betreklik snelle verandering van 'n landbou- na 'n landbou-mynbouland. Die opkoms van die mynbou het die ontwikkeling van binnelandse markte vir boerderyprodukte meegebring, maar die aanpassing van die landbougemeenskap aan die strukturele ontwikkeling het nie sonder moeilikhede verloop nie. Gebrek aan kennis van moderne boerdery- en bemarkingsmetodes en 'n tekort aan kapitaal het die vereiste aanpassing vir die boeregemeenskap moeilik gemaak.

Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika sedert die totstandkoming van die Unie is dié van toenemende welvaart, waarby die nadruk val op die toenemende industrialisasie en verstedeliking van die bevolking wat daarmee saamgaan. Dit geld in die besonder vir die provinsies Transvaal en Oranje-Vrystaat. Die Transvaal, wat aan die begin van hierdie eeu 'n ekonomies onontwikkelde provinsie was, het ontwikkel tot een van die ekonomies mees belangrike gebiede van die Unie. Nie alleen het die land se fabrieksnywerhede egter toegeneem nie, maar ook die landbou, hoewel in minder mate. Die betekenisvolste ontwikkeling in die landboubedryf is die mate van staatsbeheer wat direk of indirek uitgeoefen is. Met die Bemarkingswet van 1937 en die instelling van die stelsel van beheerrade, het dit 'n nuwe stadium bereik. Hierdie ontwikkeling is veral 'n regstreekse uitvloeisel van die depressie van 1929-32, maar is terselfdertyd 'n deel van 'n algemene wêreldtendens tot groter staatsinmenging in die ekonomiese lewe en veral in die landboubedryf.

26)b M.H. de Kock: The Economic development of South Africa (1935), bls. 50.

27) Wet no. 17 van 1908.

28) Wet no. 1 van 1910.

HOOFSTUK III

Geskiedkundige oorsig van die Landboukoöperatiewe beweging.

1. ALGEMEEN GESKIEDKUNDIGE OORSIG.

Daar is min lande in die wêreld waar daar vandag nie een of ander vorm van koöperasie aangetref word nie, en landboukoöperatiewe organisasies bestaan in al die vernaamste landboulande van die wêreld. Hulle neem baie en verskillende vorms aan en het op uiteenlopende maniere in die verskillende lande ontwikkel. Plaaslike toestande en volkskarakter het in 'n groot mate die aard en metode van koöperatiewe ontwikkeling in elke land bepaal, sodat sekere kenmerke van die beweging in een land duideliker is as in 'n ander. Gebrek aan kennis van sulke plaaslike verskille is waarskynlik die hoofoorsaak vir die mislukking van die Ierse en Deense stelsels, wat in die eerste stadia in die Kaap en Transvaal onderskeidelik ingevoer is deur mnr. P.J.H. Hannon en mnr. Stilling-Anderson.

Die veralgemening van die koöperatiewe beweging oor die wêreld en sy vinnige groei binne 'n betreklik kort tydperk is fenomenaal. Hoewel 'n paar vroeë soorte van landboukoöperatiewe organisasies voorheen bestaan het, is dit nie voor omtrent die middel van die 19de-eeu dat die moderne beweging sy oorsprong in Noordwes-Europa gehad het nie. Die ware vooruitgang het egter eers omtrent dertig jaar later begin, nie alleen in Europa nie maar deur die hele wêreld. In sy oorsprong en ontwikkeling is die koöperasiebeweging gekenmerk sowel deur idealisme as ekonomiese noodsaak. In Denemarke en tot sekere hoogte ook in Suid-Afrika het die beweging ontstaan uit nood of chaos asook uit die reorganisasie van sowel landbouondernemings as die lewe op die platteland. In Duitsland het die beweging sy ontstaan gehad in die noodsaaklikheid om die kleinboere te bevry van die wurggreep van geldskieters. In Engeland was dit die werkende klas wat verbruikerskoöpera-

sies gestig het om die volle waarde vir hulle geld te kry.²⁹⁾

2. DIE LANDBOUKOÖPERATIEWE BEWEGING IN SUID-AFRIKA.

By die bestudering van die landboukoöperatiewe beweging in Suid-Afrika word 'n mens getref deur die kontras wat daar te vinde is tussen die stadige vooruitgang gemaak voor 1922, toe die Wet op Koöperatiewe Vereniging ³⁰⁾ van krag geword het, en die betreklik snelle ontwikkeling daarna. Tereg kan die gevolgtrekking gemaak word dat die wetgewing tot 1922 'n struikelblok was. Koöperasies in Natal en Kaapland is geregistreer kragtens die Maatskappywette van hierdie provinsies, en het weinig toesig van die kant van die regering ontvang. In Transvaal en die Vrystaat is genootskappe gestig met onbeperkte aanspreeklikheid, kragtens koöperasiewette geregistreer; origens het alle onbeperkte koöperasies onder die gewone wette op Maatskappye geressorteer. Die gebrek aan toesig en koöperatiewe wetgewing in die eersgenoemde twee provinsies, asook die beperking tot die tipe organisasie met onbeperkte aanspreeklikheid in laasgenoemde twee provinsies, was almal faktore wat die ontwikkeling van die beweging vertraag het tot 1922, toe die Wet op Koöperatiewe Verenigings aangeneem is. Die doel van hierdie Wet was om die bestaande koöperasiewette te herroep en om die hele beweging in die Unie onder die beheer van die Minister van Landbou en Bosbou, deur middel van die Registrateur van Koöperasies, te bring. ³¹⁾

Die nuwe wetgewing is deur die hele land verwelkom en die

29) a. Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet, Kaapstad 1934, (U.G.16-34) bls. 2.

b. Memorandum oor Koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika, Kaapstad 1944, bls. 1.

30) Wet no. 28 van 1922.

31) Memorandum oor Koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika, Kaapstad 1944, bls. 2.

boere in 'n aantal streke het begin met die stigting van koöperasies. Aangemoedig deur die heersende ekonomiese toestand en aangehelp deur lenings, wat die produsente-genootskappe met beperkte aanspreeklikheid toe ook van die Landbank kon verkry, en deur offisiële leiding wat gegee is, het die beweging vinnig ontwikkel, veral wat bemarking van landbouprodukte betref.

Ook in hierdie sogenaamde „tweede“ koöperatiewe beweging was die gebrek aan gunstige pryse en bygevolg die drang na hoër produsentepryse die hooforsaak en motief in die ontwikkeling van die beweging. 32)

In die tydperk 1924-29 was weer 'n periode van ekonomiese herlewing, waarin die prysprikkel koöperasie nie aangemoedig het nie. Oor die algemeen was hierdie tydperk die leertyd deur ervaring vir die koöperasies. Toe die wêreldwye ekonomiese ineenstorting in 1929-32 kom, was daar onmiddellik 'n byna paniekerige drang na 'n verandering in die bestaande afsetstelsel. Wysiging in die koöperatiewe wetgewing is dan ook aangebring. 33) Een ding het egter duidelik in hierdie jare geblyk: die bestaande owerheidsmaatreëls was nie bestand teen die gevolge van verswakte koopkrag en die lae wêreldpryse nie.

Na lange oordenking en ondersoek oorsae is die Bemarkingswet van 1937 opgestel en aangeneem. 34) Dit is hierdie Wet wat verantwoordelik genoem kan word vir die huidige posisie van die koöperasies in die afsetsfaktuur. Immers, die Wet is eintlik 'n magtigingsmaatreël wat onder andere die instelling van Rade van Beheer volgens 'n voorgeskrewe prosedure met o.a.

32) W.H. van der Merwe: Bemarkingswetgewing en die koöperatiewe Beweging, Voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in koöperasieleer, Stellenbosch 1952, bls. 75.

33) Wet no. 2 van 1930, no. 45 van 1931, no. 23 van 1933 en no. 33 van 1934.

34) Wet no. 26 van 1937.

bemarkingsbevoegdhede instel, d.w.s. met bevoegdhede om self produkte te koop en te verkoop, om produsentepryse, en pryse van die tussenhandel en verbruikerspryse vas te stel ens.

Verder maak die Wet voorsiening vir 'n Nasionale Bemarkingsraad met toesighoudende en koördinerende pligte en wat die Minister moet adviseer oor die afsonderlike Rade van Beheer.

Die Wet op Koöperatiewe Verenigings ³⁵⁾ is in 1939 aangeneem om uitvoering te gee aan sekere aanbevelings wat gemaak is deur 'n Staatskommissie, aangestel om ondersoek in te stel insake koöperasies en landboukrediet in Suid-Afrika. ³⁶⁾ Alle vorige wette is herroep en belangrike nuwe bepalings is in hierdie Wet opgeneem. Dit is 'n kompliment vir die opstellers van bogenoemde Wet dat na 'n tydperk van ruim 15 jaar nog geen belangrike wysigings, met uitsondering van sekere belastingvoorsienings in 1944, noodsaaklik geag is nie.

Dit was ogter die onvermoë van die landboukoöperasies om die vraagstuk van ordelike bemarking op te los, wat onder andere tot die aanname van die Bemarkingswet gelei het. ³⁷⁾ Met die koms van die beheer en oornome van die koste en risiko van bemarking, het die koöperatiewe beweging 'n buitengewone uitbreiding ondergaan. Die Beheerraadstelsel was dus die volgende stap in die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging. Die oprigting van beheerrade ingevolge die Bemarkingswet, 1937, het sedert 1938 radikale veranderinge in die funksies van sekere koöperasies aangebring. Sommige van hierdie koöperasies, nl. mielie- en koringkoöperasies, verrig nie meer al die bemarkingsfunksies self nie. Hulle tree op as agente van

35) Wet no. 29 van 1937.

36) Die rapport is in 1934 gepubliseer; vgl. noot 29a.

37) W.H. van der Merwe: Bemarkingswetgewing en die koöperatiewe Beweging, Voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in koöperasieleer, Stellenbosch 1952, bls. 76-79.

die betrokke beheerrade en koop die produkte op teen vasgestelde pryse vir 'n vasgestelde kommissie, gradeer dit en berg dit op, namens die rade teen betaling van 'n vasgestelde opbergingsvergoeding. Die verkoopsfunksies het in hierdie gevalle van die koöperasies oorgegaan op die betrokke rade. Die bemarkingsfunksies wat die koöperasies nog verrig, is die versameling, finansiëring, gradering en opberging van die lede se produkte, d.w.s. die meer plaaslike funksies van bemarking.

3. RESENTE ONTWIKKELING VAN DIE KOÖPERATIEWE BEWEGING.

Die landboukoöperatiewe beweging het dus gestadig gegroei gedurende die voorgaande dekades, en hoewel daar baie moeilikhede oorwin moes word, het die beweging 'n toestand bereik waarin dit 'n belangrike invloed op die ekonomiese struktuur kan uitoefen. 38)

In September 1946 is in Bloemfontein 'n nasionale konferensie van landboukoöperasies gehou. Dit was die eerste van sy soort in die geskiedenis van Suid-Afrika. Hierdie konferensie is deur die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie (S.A.L.U.) belê. Die posisie was nl. dat die koöperasies gevoel het dat een of ander organisasie in die lewe geroep moes word om as 'n mondstuk vir die koöperasies op te tree en wat koördinasie tussen die verskillende koöperasies kan bewerkstellig. 39)

Die konferensie het besluit dat die konsolidasie van die koöperatiewe beweging o.a. op die volgende grondslag gevind moet word: Deur die skepping van 'n verenigde front, vir welke doel die konferensie die S.A.L.U. erken en aanvaar het as die nasionale organisasie, waardeur die hele landboubevolking kan uiting gee aan die vereistes van die bedryf as geheel.

38) Memorandum oor Koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika, Kaapstad 1944, bls. 2.

39) P.G. le Clus: Landboukoöperasie en landbouorganisasie in Suid-Afrika, Voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in Koöperasieler, Stellenbosch 1952, bls. 48 e.v.

In 1948, 1950, 1952 en 1954 is eweneens algemene konferensies gehou.

In die tweejarige verslag van die aangestelde koöperatiewe komitee ter voorlegging aan die vyfde algemene koöperatiewe kongres, word 'n oorsig gegee van die reorganisasie wat plaasgevind het in die S.A.L.U. Die veranderinge wat aangebring is, weerspieël baie duidelik die belangrikheid van die landboukoöperatiewe beweging. Die koöperasies het van ahangsel tot integrerende deel van die S.A.L.U. geword, en die S.A.L.U. is nou deur sy konstitusie gebind om koöperasies te beskerm en te bevorder. ⁴⁰⁾ Hierdie reorganisasie het sowel die algemene organisasies as die inskakeling van die koöperasies bevorder.

4. SAMEVATTING.

Die hele ontwikkelingsgeskiedenis van die koöperatiewe beweging word oor die algemeen gekenmerk deur idealisme en ekonomiese noodsaak, ook in Suid-Afrika, toe die koöperatiewe beweging vir die eerste maal deur die koloniale regering gepropageer is aan die begin van die twintigste eeu.

Pas egter na 1922 het die beweging op groot skaal ontwikkel. Aangemoedig deur betere wetgewing, is baie koöperasies, veral op landbougebied, gestig. Onder invloed van ekonomiese omstandighede is die koöperatiewe wetgewing van tyd tot tyd verander, tot in 1939 nuwe wetgewing aangeneem is wat alle vorige wette herroep het.

Die ontwikkeling van die koöperatiewe beweging staan egter nie stil nie. Enkele jare gelede is tot konsolidasie van die landboukoöperasies en die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie besluit. Hierdie samevoeging het reeds geblyk van groot betekenis te wees, nie alleen vir die landboukoöperasies as sodanig nie, maar ook vir die landbouekonomie van die land.

40) Konstitusie en reëls van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, Doelstellings 1, 5 en 6.

HOOFSTUK IV

Beknopte historiese oorsig van die ontwikkeling van die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

1. INLEIDEND.

Uit die voorgaande hoofstukke het reeds geblyk dat die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika nie spontaan ontstaan het nie, maar deur die opeenvolgende Unieregerings op direkte sowel as indirekte manier na vore gebring is as 'n middel om die gesketste moeilikhede in verband met die bemaking van landbouprodukte op te los.

Die Transvaalse regering het in 1907 mnr. B. Stilling Andersen as registrateur van die koöperatiewe beweging aangestel. Sy taak was om aan die boere die nuwe koöperatiewe beweging te verduidelik en aan hierdie beweging leiding te gee. Op een van sy rondreise het mnr. Stilling Andersen Klerksdorp besoek, en met die hulp van mnr. J.A. Neser, 'n lid van die Volksraad, is op 15 Mei 1909 'n publieke vergadering aldaar belê. Die stigting van „De Centraal Westelyke Co-operatiewe Landbou Vereniging" was 'n direkte gevolg van hierdie vergadering. 41)

Die historiese ontwikkeling van die Sentraal-Wes toon groot ooreenkoms met dié van ander landboukoöperasies wat eweens aan die begin van hierdie eeu gestig is. Groot moeilikhede moes oorwin word voordat daar van sukses sprake kon wees. Ontrouheid van lede, bestuurs- en finansiële moeilikhede het verskillende koöperasies in daardie jare laat misluk. Dit is egter aan die leiding en optrede van die bestuur van hierdie koöperasie te danke, dat hierdie maatskappy geslaag het en vandag die grootste mieliekoöperasie in die suidelike halfrond is.

41) Tensy anders vermeld, is feite aangaande die geskiedkundige ontwikkeling ontleen aan die argief van die Koöperasie, wat welwillend tot my beskikking gestel is.

Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Sentraal-Wes kan goedskiks in twee fases verdeel word, aangesien die organisasie van 1909 tot 1936 as koöperatiewe vereniging opgetree het, en na 1936 as koöperatiewe maatskappy. Soos later aangetoon sal word, was die kwessie van aanspreeklikheid een van die hoofredes tot die reorganisasie in 1936.

2. DIE SENTRAAL-WESTELIKE KOÖPERATIEWE VERENIGING (1909-1936).

i) Die oprigting van die Vereniging.

Op 15 Mei ¹⁹⁰⁹ is te Klerksdorp besluit om bogenoemde Vereniging te stig onder die naam van „De Centraal Westelyke Coöperatiewe Landbou Vereniging.”

Die oprigtingsvergadering, bygewoon deur 45 boere, het die lees en verduideliking van die konsepregulasies vir die oprigting van 'n koöperasie aangehoor en aangeneem en vervolgens 'n bestuur en 7 lede gekies.

Die werksaamhede het feitlik op 1 Julie 1909 begin, nadat die Spoorwegdepartement 'n voorlopige standplaas te Klerksdorp toegestaan is.

ii) Die Beginjare.

In 1911 neem die Vereniging 'n aandeel van £100 uit in „Het Centraal Agentschap voor Co-operatieve Verenigingen,” wat deur die regering te Johannesburg opgerig is, ten einde deur middel van 'n sentrale verkoopsliggaam die kompetisie tussen die verskillende koöperatiewe verenigings uit te skakel. 42) In dieselfde jaar word 'n begin gemaak met die verskaffing van landbougreedskap aan lede van die Vereniging. Verskillende pogings is in daardie jare ook aangewend om tot samesmelting met die Lichtenburgse vereniging te kom. Lichtenburg het

42) Hierdie liggaam is later deur die koöperatiewe verenigings oorgeneem, en elke vereniging het 'n verteenwoordiger op die bestuur daarvan verkry.

destyds 650 lede gehad teenoor die Sentraal-Wes se 515 lede. Ondanks pogings en voorstelle in hierdie verband, het die saak steeds misluk.

In die direkteursrapporte van die eerste jare word melding gemaak van baie gevalle van ontrouheid by lede. Laasgenoemdes was dikwels nie gewillig om te wag vir 'n agterskot op hul produkte aan die koöperasie gelewer nie, en waar handelaars 'n paar pennies meer betaal het as die Vereniging se voorskot, is baie graan buite die koöperasie om verkoop.

iii) Verdere Ontwikkeling.

In 1917 is die eerste vaste eiendom in die Vrystaat op Rendezvous aangekoop en 'n tak aldaar geopen. Hiermee begin die groot ontwikkeling van die Vereniging in die Vrystaat.

In 1925 word besluit tot die 1 pennie-heffing per sak gelewerde graan - 'n heffing wat vandag nog bestaan. Die heffing word in die naam van die betrokke lede tot 'n spesiale fonds, genoem die heffingsfonds, gekrediteer. Hierdie fonds dien as sekuriteit vir die krediet aankope van die lede.

Uit die ouditeursverslae blyk dat dit sedert 1921 die strewe van die Vereniging was om die uitgawes met die inkomstes te balanseer deur middel van die kommissiepersentasie wat die Vereniging teen sy lede in rekening gebring het vir die hantering van hulle produkte. As gevolg hiervan wissel die persentasie van jaar tot jaar.

'n Uitbreiding van die diens aan lede vind plaas in 1929, toe die Vereniging kunsmis aan sy lede begin lewer. Die Sentraal Agentskap importeer ten behoeve van die aangeslote verenigings kunsmis regstreeks uit Holland. Voorheen was die invoer hiervan feitlik 'n monopolie in die hande van sekere firmas. Verder sluit die Sentraal Agentskap met 'n petrolmaatskappy 'n kontrak, wat die verenigings in staat stel om sy lede teen verminderde pryse van petrol te voorsien.

Sodoende vind alweer 'n uitbreiding plaas van die dienste wat die Koöperasie lewer.

In 1931 oorskry die graanontvangste vir die eerste keer in die geskiedenis van die Vereniging die miljoen-merk, toe 1,303,702 sakke mielies ontvang word.

Die hoogste getal geregistreerde lede vir die Vereniging onder onbeperkte verantwoordelikheid, naamlik 3,426, word in 1932 aangeteken. In dieselfde jaar word op 41 verskillende poste graan ingesamel.

iv) Moeilikhede en Reorganisasie van die Vereniging.

Die jaar 1935 het egter ernstige moeilikhede opgelewer, wat die ontbinding van die Sentraal Agentskap tot gevolg gehad het.

Die bestuurder van die agentskap het graan vir uitvoer verkoop sonder medewete van sy direkteure, en diť terwyl die aangeslote Verenigings nog maar oor weinig graan beskik het. Die Raad van Direkteure van die Sentraal-Wes het geweier om die verkoopskontrakte te erken. Die Sentraal Agentskap het nie met die kopers tot ooreenstemming geraak nie en 'n likwidasie was die gevolg.

Die kopers het egter die aangeslote Verenigings aanspreeklik gehou vir die skade wat hulle gely het. Persberigte hieromtrent het bygedra om die ontrouheid van lede in die hand te werk. Gelukkig was die uitspraak van die hofsaak wat die kopers teen die betrokke verenigings aanhangig gemaak het ten gunste van die verweerders, en dit het baie daartoe bygedra om die gees van wantroue onder die lede te verwyder. Die resultaat van hierdie gebeure was, dat die verenigings sonder 'n verkoopsliggaam gelaat is. 'n Nuwe maatskappy, die ^{Koöperatiewe} "Unie Graan Maatskappy, Bpk.", word in samewerking met die Oostelike Transvaalse Koöperasie deur die Sentraal-Wes te Johannesburg gestig (15 Mei 1935), om vir die nodige uitvoerfasiliteite te

sorg.

Die wenslikheid om die Vereniging om te skep in 'n Maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, word na aanleiding van voorgenoemde gebeurtenis, deur die Raad van Direkteure bespreek, en daar word besluit om geen verdere lede aan te neem vir die res van die boekjaar nie. Begin 1936 word werk gemaak van die plan om die Vereniging te omskep van 'n Vereniging met onbeperkte verantwoordelikheid in 'n Maatskappy met beperkte verantwoordelikheid. Die nodige aanwysings word van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings verkry, en dit blyk dat dit nodig is om die Vereniging eers te likwideer.

In 'n omsendbrief word die saak aan die lede verduidelik en toestemming tot reorganisasie gevra. In April 1936 is van 802 lede toestemmende antwoorde ontvang, en in Junie van dieselfde jaar word die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Bpk. gestig.

Die jaar sluit af met 1,248 lede, 'n kantoorpersoneel van 9 en 'n loodspersoneel van 38 man.

3. DIE SENTRAAL WESTELIKE KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY BPK.
(1936 tot hede).

Dit is as koöperatiewe maatskappy dat die Koöperasie sy groot ontwikkeling beleef het.

Nadat die werksaamhede op 11 Junie 1936 met ruim 1,200 lede hervat is, het hierdie aantal vandag vertienvoudig: oor die 12,000 lede is ingeskryf.

Die werkterrein van die Koöperasie is ook aansienlik uitgebrei, en 'n herindeling van die gebied, wat reeds onder die ou vereniging in wyke verdeel was, het nodig geword. Op 12 April 1947 is die nuwe hoofkantoor te Klerksdorp in gebruik geneem. Planne hiertoe is al in 1943 gemaak, maar daar was besware teen Klerksdorp, en Kroonstad is genoem as 'n meer sentrale vestigingsplek. Nadat uitvoerig op die voor- en nadele

ingegaan is, sowel wat die koste van oorplasing, as die uitwerking van so 'n stap op die toekoms van die maatskappy betref, is besluit om die hoofkantoor te Klerksdorp te hou.

In 1945 het die maatskappy met 'n meulesaak begin, om die graan van die lede verder te kon bewerk. Eerstens is die Heuningspruitmeule aangekoop. In die daaropvolgende jare is nog meulens aangekoop of aangebou, sodat daar op die oomblik 7 meulens in bedryf is. 'n Saadskoonmaak-afdeling is ewe-eens in 1945 begin, terwyl ook 2 dienstasies en 'n smidswinkel opgerig is.

In 1948 word verdere verwerking van die lede se produkte voortgesit met die oprigting van 'n fabriekekompleks te Viljoenskroon, en 'n grondbone-oliepersfabriek, kragvoerfabriek, kantoor en kampong is voltooi. In die loop van die daaropvolgende jare is 'n dop- en olieverfyningsfabriek bygevoeg. Die hantering en berging van mielies was en bly egter die vernaamste bedrywigheid van die maatskappy. Juis op hierdie aspek sal in die volgende hoofstukke in besonder ingegaan word.

4. SAMEVATTING.

Van 1909 tot 1936 het die Sentraal-Wes opgetree as koöperatiewe vereniging en na 1936 as koöperatiewe Maatskappy. Dit is as koöperatiewe vereniging dat die grondslag gelê is vir die latere groot ontwikkeling as maatskappy. Baie moeilikhede en probleme op velerlei gebied moes oorwen word voordat daar van sukses sprake kon wees. Die omvang van die sake en dienste wat deur die koöperasie onderneem is, het aansienlik uitgebrei, en vandag is die Sentraal-Wes die grootste mielie-koöperasie in die suidelike halfmond.

Op hierdie laaste aspek sal veral in die volgende hoofstuk dieper ingegaan word.

HOOFSTUK V

Die betekenis en ontwikkeling van die mieliennywerheid in Suid-Afrika met verwysing na die Sentraal-Wes.

1. DIE MIELIENYWERHEID IN SUID-AFRIKA.

Eerder is reeds gemeld dat die Sentraal-Wes die belangrikste en grootste mieliekoöperasie in Suid-Afrika is. Om hierdie posisie en die bydrae van die Sentraal-Wes tot die land se ekonomie in sy juiste verhouding te sien, is dit noodsaaklik om die betekenis en ontwikkeling van die mieliennywerheid as geheel vlugtig onder oog te kry.

Die belangrikheid en betekenis van hierdie nywerheid vir die landbou sowel as vir die hele volksekonomie van Suid-Afrika, word vandag allerweë besef. Wat die produksie-omvang betref, oorskadu mielies alle ander akkerbougewasse. Mielies is die stapelvoedsel van die grootste deel van die land se bevolking en vorm die hoofkontakoes van die meeste boere as enige ander gewas. Dit is verder die belangrikste graanvoedsel vir vee in die land.

Omdat mielies so 'n basiese en integrerende deel uitmaak van die dieet van so'n groot bevolkingsgroep en van diererantsoene, beïnvloed die koste of pryspeil van mielies nie alleen die ekonomiese posisie van die produsente nie, maar ook die loonpeil van die ongeskoolde arbeiders in die mynbou en nywerhede, asook die pryse van suiwel-, vark-, pluimvee- en ander veeteeltprodukte. Die mieliennywerheid neem dus 'n vername posisie in, nie alleen in die landbou nie, dog ook in die hele volkshuishouding.

Van die wêreld se tien vernaamste mielieproduserende lande ten weste van die ystergordyn is die Unie die sesde belangrikste land. En as aangeneem word dat die gemiddelde jaarlikse hoeveelheid van 5½-miljoen sak wat deur naturelle in die reservate en op plase geproduseer word, na verhouding op dieself-

de oppervlakte verkry word as die 22 $\frac{1}{4}$ -miljoen sak wat deur blankes geproduseer word op 3,427 morg, neem die Unie en Mexiko, sover dit die oppervlakte onder bewerking betref, saam die derde plek in na die Verenigde State van Amerika en Brasilië. Die gemiddelde opbrengs per morg in die Unie is betreklik laag, slegs 6 $\frac{1}{2}$ sak per morg (slegs blankes), teenoor 22 $\frac{1}{2}$ sak per morg in die Verenigde State van Amerika. 43)

Hoewel daar van 'n eintlike mielienywerheid eers sprake is vanaf die begin van hierdie eeu, het die mielie reeds in 1658 sy verskyning aan die Kaap gemaak. Dit is egter die eerste twee eeue nooit op groot skaal verbou nie. 44)

Die ontdekking van diamante in 1867 en van goud in 1886 het tot gevolg gehad dat die boere in Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal meer aandag aan mielieboerdery begin skenk het. Mielies het die hoofvoedsel van die naturelle arbeiders op die myne uitgemaak, en die aanvraag het steeds groter geword. As gevolg hiervan het die mielieverbouing in die drie provinsies, hierbo genoem, vinnig uitgebrei, en ons kan sê dat die geskiedenis van die kooperatiewe bemerking volgens wetlike voorskrifte in Suid-Afrika begin met die mielienywerheid. 45)

Word die mielieproduksie van die Unie oor die afgelope 44 jaar nagegaan, dan merk ons 'n geleidelike toename in produksie van 8.6-miljoen sakke in 1910/11 tot 12.6-miljoen sakke in 1921/22. Dog vanaf 1922/23 vind daar groot stygings in die opbrengs plaas, wat egter gekenmerk word deur besonder groot skommelings van jaar tot jaar soos uit bygevoegde tabel blyk.

43) Raad van Beheer oor die Mielienywerheid. bls. 15. Die genoemde syfers berus op gemiddeldes, bereken oor die periode 1946/47 - 1952/53. Verslag vir die boekjaar geëindig 30 April 1954. W.P. - 16682 - 23/12/54.

45) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake kooperasie en landboukrediet, Kaapstad 1934, (U.G. 16-'34) bls. 27.

44) P.W. Voster: Die Mieliebedryf. Boerdery in Suid-Afrika, Maart 1952, bls. 172.

TABEL I 46)

Mielieproduksie in die Unie (1910-1955)

Jaar	'ooo sakke	Jaar	'ooo sakke
1910-1911	8,632	1930-1931'	16,008
12'	9,116	32'	19,033
13'	9,625	33'	8,340
14'	10,165	34	24,119
15'	11,234	35	18,561
16'	10,835	36	14,984
17'	11,970	37	28,178
18	12,640	38	19,212
19	11,598	39	29,020
20	12,546	40	20,750
21	13,347	1945-1946	17,798
22	13,428	47	18,921
23	19,764	48	32,119
24	11,239	49	21,009
25	24,249	50	29,809
26	10,920	51	30,084
27	18,257	52	21,511
28	19,186	53	33,760
29	18,691	54'	39,124
30	22,386	55'	36,537
' skattings			

Die bemarking van mielies het van die begin af moeilik-
hede gegee. Die produsente het gevoel dat hulle nie hul reg-
matige deel van die prys vir hul produkte ontvang nie, omdat
die tussenhandelaars se wins te groot is. Die Staat het in
die begin probeer om die produsente op indirekte wyse te help,
deur hulle aan te moedig om hul mielies koöperatief te bemark.
Dit het gelei tot die oprigting van 'n groot aantal onafhank-
like organisasies dwarsdeur die mieliestreke. Die koöperasies
het egter spoedig uitgevind dat hulle nie die verkoop van die
produkte en die aankoop van benodighede baie doeltreffend kan

46) Syfers ontleen aan offisiële Jaarboeke van die Unie van
Suid-Afrika. Staatsdrukker, Pretoria.

verrig nie. Hulle was feitlik almal klein plaaslike ondernemings, en daar was min of geen koördinasie tussen hulle wat die verrigting van hierdie funksies betref nie. Hulle het dus dieselfde nadele gehad as die tussenpersone wat hulle moes uit-skakel. Daar was skerp mededinging onder die koöperasies; elkeen het probeer om die beste prys te kry en groot somme is aan die heen-en-weer-vervoer van produkte betaal. Die gevolg was dat die mielieboere in 1909 reeds besef het dat iets gedoen moes word om die ongesonde konkurrensie tussen die klein koöperasies in die bemarkingsproses uit te skakel. Met die hulp van die Transvaalse regering het hierdie bedryf dus in 1909 'n sentrale koöperatiewe organisasie gestig om die bemarking van die mielies te behartig. Daar is ook besef dat so'n liggaam sy aandag slegs by een bepaalde aspek van die bemarking van die produk, nl. die verkoopfunksie, sou kon bepaal. Hierdie sentrale organisasie was veronderstel om in die posisie te wees om die statistieke te kry wat nodig was vir markontleding, om die nodige personeel vir hierdie doel in diens te neem en om voorrade van die gerieflikste plekke te kry ten einde die vervoerkoste tot 'n minimum te beperk. Hierdie sentrale liggaam het bekend gestaan as die Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings.

Die Sentrale Agentskap het voortbestaan tot 1935, toe dit tot niet gegaan het weens die ontrouheid van die individuele koöperasies en hul lede deur nie die kontrakte deur die Agentskap aangegaan te onderskryf nie. Tydens sy bestaan het die liggaam baie nuttige dienste aan die bedryf gelewer. Die ekonomiese toestande wat in die mieliebedryf bestaan het sedert die buitengewone daling in die pryse van landbouprodukte sedert 1930, was die oorsaak van die ontrouheid wat tot die likwidasie van die Sentrale Agentskap gelei het. Daar het blykbaar 'n gevoel by die plaaslike koöperasies en hul lede ontstaan dat die Sentrale Agentskap nie sy funksies op 'n bevredigende manier

vervul het nie. Die oorsake van die agteruitgang moes egter baie dieper gesoek word, soos hierbo aangedui is. Met die koms van die wêrelddepressie van 1930 het dit egter vir die destydse regering nodig geword om direk in te gryp. Dus is die Mielie-Reëlingswet in 1931 op die Wetboek geplaas. 47) Doel van die Wet was om deur uitvoerreëling die plaaslike pryse so hoog te hou dat boere nog 'n bestaan kon voer, ook al sou surplusmielies teen 'n verlies uitgevoer word. Die depressie het egter steeds groter afmetings aangeneem, sodat verdere maatreëls, soos die instelling van heffings- en subsidieskemas, getref moes word. 48)

Die jaar 1931 is dus 'n belangrike mylpaal in die bemarkingsgeskiedenis van mielies, want van toe af dateer die direkte inmenging van die Staat in die bemarking van mielies. Uit die Mielie-Reëlingswet van 1931 het eintlik die huidige Raad van Beheer oor die Mielienywerheid ontwikkel. Met die doel om produsente en ander belange seggenskap in die beheermaatreëls met betrekking tot die bemarking van mielies te gee, het die regering in 1935 wetgewing aangeneem waarkragtens die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid ingestel is. x)

Sedert 1935 het die individuele koöperasies hul eie bemarking onderneem, maar hulle het weldra besef dat daar nie veel kans was om sukses op hierdie gebied te behaal nie. Die gevolg was dat daar 'n neiging ontstaan het om die koöperasies te konsolideer, en so het twee groot koöperatiewe organisasies in die mieliestreek ontstaan, nl. die Oostelike Transvaalse Koöperatiewe Maatskappy Beperk met sy hoofkantoor te Bethal en die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk

47) Wet no. 39 van 1931.

48) A.P. van der Post: Economics of Agriculture (1937), bls. 536.

x) Ingestel deur Wet no. 59 van 1935 en hersaamgestel deur Proklamasie no. 77 van 1939, uitgevaardig kragtens Wet no. 26 van 1937.

met sy hoofkantoor te Klerksdorp. Elkeen van hierdie koöperasies het 'n groot aantal takke dwarsdeur die gebied onder sy beheer ingestel. Die verskillende takke sorg vir die plaaslike funksies, nl. die ontvangs, gradering en opberging van die mielies wat deur die boere in die omgewing afgelewer word, en die verskaffing van landboubenodighede, terwyl die hoofkantoor sorg vir die bemarking van die mielies en die aankoop van benodighede vir distribusie onder die verskillende takke. Die benodighede word op 'n groot skaal aangekoop ten einde voordeel te trek uit die laer pryse vir groot hoeveelhede en om te bespaar op die verpakkings- en vervoerskoste. 'n Aantal ander kleiner koöperasies het egter bly voortbestaan, sodat daar tans 18 koöperasies in hierdie mieliestreek is.

Intussen is stappe gedoen vir die oprigting van 'n nuwe sentrale organisasie om die bemarkingsbedrywigheide van die twee groot koöperasies waarna hierbo verwys is en die mieliekoöperasies in ander gebiede te koördineer. Hierdie sentrale liggaam staan bekend as die Unie Graanmaatskappy Koöperatief, Beperk, en dit setel in Johannesburg.

Hoewel 'n mens die ontrouheid betreur wat tot die likwidasie van die Sentrale Agentskap - wat ongetwyfeld 'n groot skok vir die koöperatiewe beweging oor die algemeen moes gewees het -, is dit bemoedigend om op die latere ontwikkelings in die koöperatiewe bemarking te let. Hierdie ontwikkeling toon dat die onderskeid tussen die funksie wat van 'n plaaslike aard is en die wat 'n groter omvang het, en die noodsaaklikheid om die bemarkingstelsel te organiseer, ten volle beseef is. Die Distribusiekostekommissie het ook na die ontwikkeling van koöperatiewe organisasies met verskillende takke en na die instelling van sentrale verkoopsorganisasies verwys. 49)

Die finale stap tot die huidige beheerstelsel is gedoen

49) Die Verslag van die Distribusiekoste-kommissie, (U.G. 28-1947), par. 35.

toe die Parlement die Bemerkingswet van 1937 gepasseer het, waarvolgens die eerste mieliereëlinskema by Proklamasie no. 131 van 1938 gepubliseer is. In 1939 is die skema hersien en uitgebrei, bogenoemde Proklamasie is herroep en die mielie-reëlinskema wat tans nog bestaan, hoewel van tyd tot tyd gewysig, het by Proklamasie no. 77 van 1939 in werking getree en gee die Raad veel wyer magte as die vroeëre skema. So byvoorbeeld is aan die Raad die bevoegdheid verleen om mielie-meulenaars en -handelaars te registreer, asook om van 1941 af, met goedkeuring van die Minister van Landbou, die pryse van mielies en mielieprodukte vas te stel.

Die eenkanalige bemarkingstelsel van mielies het uiteindelik in 1944-45 in werking getree, toe die Mielieraad die bevoegdheid gekry het om as enigste koper van mielies in Transvaal, die Oranje-Vrystaat en in die distrikte Mafeking en Vryburg van die Kaapprovinsie - die sogenaamde A gebiede - op te tree. In die res van die Unie, wat as gebied B bekend is, registreer die Raad mieliehandelaars wat mielies van produsente koop en sodanige mielies vir hulle eie rekening verkoop.

Sedert die instelling van die eenkanalige bemarkingstelsel het die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid deur verskillende groepe agente die volgende hoeveelheid mielies van produsente ontvang:

TABEL 2 50)

Mielies deur die Raad van Beheer van produsente ontvang.

1945-46		1953-54	
Jaar	Totaal Unie '000 sakke	Gebied A '000 sakke	Gebied B '000 sakke
1945-46	11,581	11,296	285
-47	10,083	9,422	661
-48	16,986	15,825	1,161
-49	24,348	23,245	1,103
-50	14,349	13,706	643
-51	24,275	23,059	1,216
-52	24,121	23,264	857
-53	14,513	13,708	805
-54	28,609	27,240	1,369

Van die totale hoeveelheid mielies deur die Raad ontvang, is die volgende persentasies deur elkeen van die verskillende groepe ontvangsagente in gebied A ingeneem:

TABEL 3 51)

Mielies deur verskillende groepe agente van produsente ontvang. Persentasie van totaal.

Jaar	Koöperatiewe agente	Handelaar- agente	Meulenaar- agente	Graan- suikers	Direk deur Raad
1945-46	64.3	16.3	14.3	5.0	0.1
-47	58.5	13.8	19.6	7.8	0.3
-48	58.5	11.3	15.3	14.6	0.3
-49	67.1	9.3	13.1	10.3	0.2
-50	64.8	11.3	14.8	8.9	0.2
-51	66.3	9.9	16.6	6.8	0.4
-52	69.2	8.8	15.0	6.9	0.1
-53	65.2	9.6	18.9	6.1	0.2
-54	67.7	9.0	16.1	7.0	0.2

50) Hierdie liggaam is later deur die koöperatiewe verenigings oorgeneem, en elke vereniging het 'n verteenwoordiger op die bestuur daarvan verkry.

51) Idem 42.

2. DIE POSISIE VAN DIE SENTRAAL-WES AS AGENT VAN DIE
RAAD VAN BEHEER OOR DIE MIELIENYWERHEID.

Wanneer die hoeveelheid mielies deur die Sentraal-Wes ontvang vir bogenoemde jare as 'n persentasie van die totale ontvangste in gebied A en as 'n persentasie van die ontvangste van koöperatiewe agente bereken word, dan kry ons die volgende persentasie:

TABEL 4

Die mielie-ontvangste van die Sentraal-Wes bereken as persentasie van (i) die totale ontvangste van die Raad van Beheer van die Mielienywerheid en (ii) as persentasie van die mielies deur alle koöperasies aan die Raad gelewer.

Jaar	% Van totale ontvangste	% Van ontvangste van koöperasies.
1945-46	27.3	42.3
47	15.5	26.6
48	18.6	31.9
49	27.6	40.5
50	12.5	19.5
51	21.9	33.3
52	24.5	35.5
53	13.5	19.7
54	22.4	33.2

Uit die laaste tabel blyk die posisie en bydraes van die koöperasies en van die Sentraal-Wes heel duidelik. Dit kan gesien word dat die aandeel van die Sentraal-Wes, ondanks aansienlike skommelings van die afgelope nege jaar, gemiddeld ruim 31% van die totale ontvangste van alle koöperatiewe agente bedra het, en ruim 20% van die totale ontvangste van die Raad in gebied A vir bogenoemde tydperk

Hierdie syfers spreek des te duideliker as in gedagte gehou word dat daar in gebied A agtien koöperatiewe agente optree en dat die totale aantal depots waar mielies ontvang word, 283 bedra ⁵²⁾, waarvan ruim 100 depots vir rekening van 52) Idem 42,

die Sentraal-Wes kom.

3. SAMEVATTING.

Sentraal-Wes beklec, wat die ontvangs, hantering en opberging van mielies betref 'n vooraanstaande plek, nie slegs onder mielie-koöperasies nie, maar ook in die melienywerheid as geheel.

AFDELING C

ONTLEDING VAN 'N KOÖPERASIE.

HOOFSTUK VI

DIE SENTRAAL WESTELIKE KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY BEPERK.

1. KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY TEENoor PUBLIEKE MAATSKAPPY.

Aangesien sowel die koöperatiewe maatskappy as die publieke maatskappy regspersone is, die aandele aan die publiek aangebied en die aanspreeklikheid van die aandeelhouers beperk is, is dit wenslik om die vernaamste punte van verskil tussen hierdie twee organisasies kortliks te behandel.

a. Die Koöperatiewe Maatskappy.

Die koöperatiewe maatskappy word gestig om te bespaar en wel deur die uitskakeling van enige buitensporige winste. Sy hoofdoel is om 'n ekonomiese diens, vry van enige koste behalwe die noodsaaklike, tot voordeel van sy lede te verrig. Dit is dus 'n organisasie van persone met die hoofdoel om diens te besorg. Elke aandeelhouer het een stem, ongeag die aantal wat hy besit. Aandele is nie verhandelbaar nie en kan slegs met goedkeuring van die direksie oorgedra word. Aandele is daarom nooit spekulatief nie. Die eienaars (lede) is terselfdertyd verbruikers en het persoonlik belang by die diens wat gelower word. Die wins of batige saldo, voortvloeiende uit die verrigtings van die koöperatiewe maatskappy gedurende die finansiële jaar, word, nadat voorsiening gemaak is vir waardevermindering van die eiendom van die maatskappy en vir onvoorsiene aanspreeklikheid vir verlies aan die end van die boekjaar, in die volgende volgorde bestee:

- (i) Betaling aan lede van 'n dividend (agt persent per jaar nie te bowe gaande nie) op die bedrag wat hulle op hul respektiewelike aandele opbetaal het.
- (ii) 'n Bedrag wat by die reserwefonds gevoeg moet word, welke bedrag op 'n algemene vergadering vasgestel moet word, maar wat nie minder sal wees dan deur die direkteure aanbeveel nie.
- (iii) Betaling van 'n bonus aan lede na gelang van die

waarde van die sake deur hulle met die maatskappy gedurende die jaar gedoen.

b. Publieke Maatskappy.

'n Publieke maatskappy is, in teenstelling met 'n koöperatiewe maatskappy, 'n kapitaal-organisasie wat gevorm word om 'n inkomste op kapitaal wat belê is, te verkry, en neem, met die oog hierop, deel aan mededingende sake met die hoofdoel om die groots moontlike wins te maak vir die voordeel van sy aandeelhouders. Die stemme van die aandeelhouders is eweredig met die hoeveelheid aandelekapitaal wat hulle besit, en diwidende is onbeperk binne die winste wat gemaak word. Winste word verdeel in die vorm van diwidende aan die aandeelhouders in verhouding tot die hoeveelheid aandele wat hulle besit. Aandele is daarom spekulatief en vry verhandelbaar, behalwe vir sover die statute sekere beperkings lê op die verkoop van aandele wat nog nie vol opbetaal is nie. Aandeelhouders het in die reël geen direkte belang by die diens wat die onderneming verskaf nie. 53)

2. BESTUUR EN BEHEER VAN DIE SENTRAAL-WES.

Hierdie koöperatiewe organisasie het trou aan sy aard as koöperatiewe maatskappy, sy eie stelsel van bestuur en beheer ontwikkel. Die bestuur word gevestig in 'n Raad van Direkteure verkose deur die lede van die onderneming. In die statute van die Koöperasie word die pligte en magte van die direksie breedvoerig omskrywe. Hulle neem die leiding van die onderneming op hulle self, tree op as agente en trustees van die koöperasie, sorg vir die uitvoering van die statuut en hou 'n wakende oog oor die belange van die onderneming. Die finale gesag oor

-
- 53) a) Memorandum oor koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika, Koöperasiepers van S.A., Kaapstad, 1944.
b) Rapport van die Kommissie van ondersoek insake Koöperasie en landboukrediet, (U.G.-16-'37), bls. 8.
c) J.J. Adams: 'n Historiese oorsig van die koöperatiewe wetgewing in Suid-Afrika, Voordrag gehou voor: Eerste vakansiekursus in koöperasieleer, Stellenbosch 1952, p.67

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE ORGANISASIE VAN DIE SENTRAAL-WES.

Algemene Ledevergadering.

Raad van Direkteurs.

Hoofbestuurder

Assistent Hoofbestuurder.

Graanafd.	Handelsafd.	Meuleafd.	Fabriekafd.	Boekhouafd.	Sekretariëleafd.	Ingenieurs- Bou-afd.	Ledere- afd.
Graan- Loodse	Handels- takke	Champions	Kragvoer- fabriek	Boekhou- graanafd.			
SaadsKoon- maakafd.	Smids- winkel	Lederle	Dopfabriek	Boekhou- Handelsafd.			
Inspek- teurs		Reuning- spruit	Oljepers- fabriek	Boekhou- Meuleafd.			
		Twee- Spruit	Verfynings- fabriek	Boekhou- fabr. afd.			
		Acme		Boekhou- Algemeen en Saadsk. afd.			
		Wessels- Bror		Ingenieurs- Bouafd.			
		Zastron					

elke aangeleentheid van die onderneming berus by die vergadering van lede waar die lede by wyse van voorstelle en met die uitoefening van hulle stemreg, hulle gesag kan laat geld. Koöperatiewe organisasie is dus eiendom van en word beheer deur die lede op suiwer demokratiese grondslag, terwyl slegs lede deel het aan die wins of verlies wat daar mag wees.

Die Sentraal-Wes het die gebied waarin opgetree word verdeel in dertien wyke. Elke wyk kies, om as sy verteenwoordiger op te tree, 'n persoon wat lid is van die maatskappy, of lid is van 'n vereniging of maatskappy wat op sy beurt weer lid is van die Sentraal-Wes.

Vir die daaglikse bestuur en beheer is deur die Raad van Direkteure 'n hoof- en assistentbestuurder aangestel. Verder is daar die afdelingshoofde wat verantwoordelik is, elk vir sy onderskeie afdeling.

Die normale gang van sake by die koöperasie is dat eens per maand 'n vergadering gehou word van die hoofbestuurder, die assistentbestuurder en afdelingshoofde om die lopende, interne sake te bespreek. Hoewel die uiteindelijke beslissing by die hoofbestuurder berus, word daar gewoonlik tot stemming oorgegaan as daar nie tot eenstemmigheid gekom kan word nie. 56)

3. DIE VERSKILLENDE AFDELINGS VAN DIE MAATSKAPPY.

a. Die Graanafdeling.

Hoewel die eerste doeleinde volgens die statuut van die maatskappy is: „Om die landbouprodukte en lewende hawe van sy lede op die mees voordelige wyse van die hand te sit“, is daar ten opsigte van die onderstreepte gedeelte van die doeleinde weinig keuse wat beheerde produkte betref.

56) Vir 'n skematiese voorstelling van die organisasie van die maatskappy, vgl. bylae hierteenoor.

Soos eerder gesê, het die oprigting van beheerrade ingevolge die bemarkingswet van 1937 ⁵⁴⁾, radikale veranderings aangebring in die funksie van koöperasies wat die produkte mielies, koring, kafferkoring en oliesade betref. In die geval van hierdie produkte tree die koöperasie op as 'n agent van die beheerrade. In die memorandum van ooreenkomste tussen die betrokke beheerrade aan die een kant en die Sentraal-Wes aan die ander kant, word onder andere die hanterings- en opbergingsvergoeding vir die betrokke produk(te) genoem. Vir mielies byvoorbeeld werk dit uit op 'n gemiddelde van 2/- per sak van 200lb. ⁵⁵⁾

In 1954-55 is deur die maatskappy alleen al 7,8-miljoen sakke omgeset, en dit kom dus neer op 'n bruto inkomste van ongeveer £800,000. Dit spreek vanself dat, om dit alles moontlik te kan maak, die maatskappy oor die nodige fasaliteite moet beskik. Vir die opberging van graan beskik die maatskappy dan ook oor 102 loodse met 'n kapasiteit van ruim 5-miljoen sakke. Die verantwoordelikheid vir 'n vlotte hantering en opberging berus by die graanafdeling.

Naas die beheer, bestuur en organisasie van die loodse kan die volgende onderverdeling in hierdie afdeling gemaak word:

- i) Sakke- en bokseileafdeling.
- ii) Versporingsafdeling.
- iii) Saadafdeling.
- iv) Verkoopafdeling.

Alvorens hierop in te gaan, val iets op te merk oor die graanafdeling en die loodse in die algemeen.

'n Ekonomiese kenmerk wat in die graanafdeling sterk op

54) Wet no. 26 van 1937.

55) Verslag van die Raad van Beheer oor die mieliennywerheid oor die boekjaar geëindig 30 April 1954, bls.4. Hanteeringsvergoeding aan agente betaalbaar is 10d. per sak en opbergingsvergoeding 5.4d. per sak per maand in 3½ maande (seisoen 1953-54).

GRADERING LOODSE

Spesiale Loodse: 175 - 200,000. C Loodse: 60 - 90,000

1. Bothaville
2. Bultfontein
3. Protespan
4. Theunissen
5. Wesselsbron

A Loodse: 125 - 175,000

1. Besempan
2. Brandfort
3. Grootpan
4. Hartebeestfontein
5. Heilbron
6. Odendaalsrus
7. Potchefstroom
8. Tierfontein
9. Ventersdorp
10. Vredefort
11. Winburg
12. Willemsrust
13. Wolwehoek

B Loodse: 90 - 125,000

1. Bloemfontein
2. Buckingham
3. Edenville
4. Enselspruit
5. Groenebloem
6. Hennenman
7. Heuningspruit
8. Holfontein.
9. Klerksdorp
10. Koppies
11. Lindley
12. Losdoorns
13. Rietgat
14. Rooiwal
15. Schuttesdraai
16. Tweespruit
17. Ventersburg.
18. Vierfontein
19. Viljoenskroon G/B
20. Werda
21. Zastron

1. Amerika
2. Ancona
3. Bornmansfontein
4. Brakfontein
5. Brakspruit
6. Concordia
7. Fochville
8. Geneva
9. Goosen
10. Kalkvlakte
11. Kleinbegin
12. Makokskraal
13. Melliadora
14. Middenin
15. Mirage
16. Ottosdal
17. Passie
18. Schoonspruit
19. Steynspruit
20. Vermaas
21. Vetrivier
22. Vredebloem
23. Welgeleë

D Loodse: 25 - 60,000

1. Arlington
2. Attie
3. Boesmanskop
4. Coalbrook
5. Dealesville
6. Dewetsdorp
7. Dover
8. Erfdeel
9. Goldenfleace
10. Greenlands
11. Kaalvlei
12. Komspruit
13. Kroonstad
14. Lakensvlei
15. Maraispark
16. Mariandal
17. Meadows

18.	Nevada	<u>E Loodse:</u> 0 - 25,000
19.	Genadendal	1. Edenburg
20.	Gottenburg	2. Fauresmith
21.	Oorgang .	3. Hoogte
22.	Parys	4. Koffiefontein
24.	Petrusburg	5. Oppaslaagte
25.	Regina	6. Wurasoord
26.	Rouxville	
27.	Rustig	
28.	Serfontein	
29.	Soutpan	
30.	Theron	
31.	Verkeerdevelei	
32.	Weiveld	
33.	Wonderkop	Mimosa

Totaal 102 Loodse

die voorgrond tree, is beplanning. Naas die beplanning van die normale gang van werksaamhede in die afdeling, val die nadruk ook op die beplanning van die verwagte oes. Hierdie beplanning is van die grootste betekenis. Die verdeling van die beskikbare opslagruimte oor die verskillende te ontvang graansoorte, moet vooraf beplan word, om te verhoed dat chaos in-tree wanneer die graansoorte gelewer word. Dat hierdie voorlopige skatting vry noukeurig is, blyk uit die feit dat daar bv. 308,500 sak sonneblomsaad in 1954 verwag is, terwyl die oes in werklikheid ruim 310,000 sak bedra het. Die beplanning geskied nie soos art. 70 van die statuut van die maatskappy bepaal nie, nl. dat elke lid 'n opgawe moet indien nie ⁵⁷⁾, maar deur middel van opgawes verstrekk deur die loodsmanne: hulle is vry noukeurig op hoogte van die oestoestande in hul streek.

In die praktyk kom die resultaat op dieselfde neer, en die laaste metode verskaf meer sekerheid, omdat die maatskappy geen opgawe kan kry van 'n non-lid oor die hoeveelheid graan wat hy meen om te lewer nie.

Die Loodse.

Soos reeds eerder genoem, beskik die maatskappy oor 102 loodse, wat ingedeel is in 6 klasse, en wel volgens omset. Die gemiddelde omset oor die laaste 7 - 8 jaar beslis in welke klas die loods ingedeel word. ⁵⁸⁾

'n Nuwe loods kan geopen word op aanvraag van 'n aantal lede, wat meen dat hulle genoeg graan kan lewer om 'n loods te regverdig. Die minimum hoeveelheid sakke wat ontvang^{moet} word, is 60,000 sakke. Na dusdanige aansoek om die opening van 'n loods, word eers 'n ontvangsplek geopen. By konstante lewer-

57) Sien statuut agterin afgedruk.

58) Oor die indeling van loodse wat gemaak is, vgl. bylae hier-teenoor.

ing word dan later 'n vaste loods opgerig. Die maatskappy sorg vir alle benodighede by 'n loods, soos graangradeerders, naturellearbeiders, sakke, seilgare, pakpale ens. In die oorsig van die loods val dit op dat loods D en E nie aan die minimum vereiste van 60,000 sakke voldoen nie. Hierdie store is egter meesal gekombineer met 'n gereedskapwinkel, sodat hul instandhouding tog geregverdig geag word.

ad. 1. Sakke - bokselaafdeling.

Die aan- en verkoop van hierdie artikels word deur hierdie onderafdeling behartig om die maatskappy se lede hiervan te kan voorsien. Lede kan op krediet sakke verkry.

ad. 2. Versporingsafdeling.

By die versporing is daar, eweas by die ontvangs van graan, sprake van beplanning. Aan die verskillende Beheerrade word opgegee hoeveel sakke in 'n sekere maand verspoor kan word vanaf 'n bepaalde loods. Die Beheerrade stuur dan versporingsopdragte in, en nadat hierdie opdragte ontvang is, moet hulle uitgevoer wees binne 21 dae op straf van 'n boete. Normaalweg word een soort graan per keer verspoor. Die versporingskapasiteit van 'n depot is ongeveer 1,000 sakke per dag.

ad. 3. Die Saadafdeling.

Die maatskappy gee aan bepaalde lede 'n kweekkontrak uit om verskillende soorte graan te verbou. Hiervoor word dan 'n spesiale beloning betaal. Nadat die saad gelewer is deur die lid, word dit in die fabriek te Orkney gesorteer, gesif, skeikundig behandel ens. Hierna is die saad gereed vir verkoop. Die pryse word deur die maatskappy self vasgestel.

ad. 4. Die Verkoopafdeling.

Saad en onbeheerde produkte kan aan enige persoon verkoop word. In die geval van saad is daar deur 'n ministeriële

beskikking toegestaan dat aan non-lede saad verkoop kan word tot 'n bedrag van £75,000.

In die organisasie-diagram van die Sentraal-Wes word onder die graanafdeling ook nog die onderafdeling „inspekteurs” genoem. Die hele gebied waarin die maatskappy optree, is in 4 dele verdeel. In elke deel is 'n inspekteur werksaam om namens die maatskappy toesig te hou oor die loodse en die daarin opgeslane graan. Die inspekteurs wissel iedere maand van streek en bring weekliks verslag uit aan die hoof van die graanafdeling. Op hierdie manier word 'n goeie kontrole uitgeoefen oor die belange van die maatskappy.

b. Handelsafdeling.

Een van die doeleindes van die maatskappy is om die lede van landbouwerktuie en masjinerie, saad, misstowwe en ander boerderybenodigdhede te voorsien ⁵⁹⁾, en om winkels op te rig of aan te koop en te bestuur volgens die koöperatiewe stelsel vir die verkoop en aflewering van boerdery-benodigdhede. ⁶⁰⁾

'n Nadere uiteensetting van bogenoemde doeleindes word in die statuut, onder die opskrif „Verskaffing van landboubenodigdhede aan lede”, as volg gegee:

As die maatskappy daartoe in staat is, voorsien hy sy lede van landbouwerktuie en masjinerie en andere boerderybenodigdhede ⁶¹⁾. Sulke artikels word verkoop teen kosprys plus 'n kommissie wat deur die Raad van Direkteure bepaal sal word. ⁶²⁾

Handelstakke.

Vir die verleen van hierdie diens beskik die maatskappy oor 40 takke. 'n Sekere voorraad landbouwerktuie word by die

59) Statuut van die Maatskappy. Art. 3b.

60) Idem, Art. 3f.

61) Idem, Art. 87.

62) Idem, Art. 88.

takke aangehou, maar as die takbestuurder bepaalde gereedskap of goedere nie in voorraad het nie, plaas hy 'n bestelling by die hoofkantoor, wat dan weer bestellings by groothandelsorganisasies plaas.

Hierdie prosedure word gevolg, aangesien dit nie in die belang van die lede sou wees om 'n groot kapitaal in sekere goedere te belê, waarna die vraag relatief klein is nie. Die maatskappy verleen in hierdie geval dus grotendeels 'n bemiddelingsdiens om die goedere goedkoper as algemene handelaars aan die lede te kan lower. Die kommissiepersentasie wat die maatskappy vir sy dienste in rekening bring, is laag. Vir 1955 was dit gemiddeld slegs 7.7 persent. Hieruit moet alle onkoste, verbonde aan die instandhouding van die handelsapparaat, bestry word.

Verder beskik die maatskappy oor 'n smidswinkel te Kroonstad.

c. Meuleafdeling.

In Februarie 1945 is, met die aankoop van die Heuningsspruitmeule, 'n begin gemaak met die meulbesigheid. In daaropvolgende jare is nog 6 meulens aangekoop of aangebou, sodat die maatskappy tans die lede se graan in die Champions-, Lederle-, Heuningspruit-, Tweespruit, Amce-, Wesselsbron- en Zastronmeule maal.

Ooreenkomstig die mieliereëlinskema moet alle persone wat mielies vir klandisie maal of dit maal met die doel om die produkte deur hulle vervaardig, te verkoop, by die Raad van Beheer oor die Mieliemywerheid geregistreer wees. By die registrasie van meulenaars maak die Raad onderskeid tussen klandisiemeulenaars en kommersiële meulenaars. Persone wat nie mielies maal met die doel om mielieprodukte te verkoop nie, maar wat slegs mielies namens ander persone maal, word as klandisiemeulenaars geregistreer. Kommersiële meulenaars mag mielieprodukte verkoop wat deur hulle vervaardig is, en mag

ook mielies namens ander persone maal. Die mielie-afdeling van die Sentraal-Wes val onder die kommersiële groep. ⁶³⁾

In aansluiting by die voorgaande kan vermeld word dat, hoewel die maksimum verkoopprijs vir mielieprodukte deur die Raad van Beheer oor die Mielierywerheid vasgestel is, daar 'n taamlike kompetisie heers by die bemaking van die produk. In sekere mate kom hier, eweas by die bemaking van die produkte van die fabriek-afdeling, die egte koöperatiewe beginsel na vore, naamlik dat die maatskappy moet probeer om so goedkoop moontlik te werk ten einde die beste prys vir die lede te verseker.

d. Fabriek-afdeling.

Gedurende die boekjaar 1948/49 is met die fabriek-afdeling 'n begin gemaak en wel na voltooiing van die grondbone-oliepersfabriek, kragvoerbriek, kantoor en kampong te Viljoenskroon. Die omset van hierdie fabriek, - later is nog 'n dop- en olieverslyfingsfabriek toegevoeg - was maar gering in die eerste produksiejare. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die klein toewysing vir verwerking van die oes wat deur die voedselkontroleur gemaak is. In later jare is hierdie kwota aansienlik vermeerder en het hierdie afdeling geblyk 'n waardevolle bydrae in die diensverlening van die maatskappy te wees.

e. Die Sekretariële afdeling.

Oor hierdie afdeling kan met 'n paar woorde volstaan word. Die werksaamhede van die sekretaris en sy personeel is die konsvensionele.

Ingenieurs en bou-afdeling.

Hierdie afdeling hou hom hoofsaaklik besig met die aanbou en nasien van loodse en ander werksaamhede op hierdie terrein.

⁶³⁾ In art. 30, 3p en 3f van die Statuut van die Maatskappy is voorsiening gemaak vir hierdie afdeling. Vgl. die Statuut agterin.

f. Die Lederekeningsafdeling.

Ondanks die geografiese uitgestrektheid van die gebied waarin die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy optree, word alle rekenings van lede in die hoofkantoor te Klerksdorp geadministreer. Hierdie sentralisasie is deurgevoer omdat die funksies wat deur die lederekeningsafdeling verrig word doeltreffender vanuit een punt behartig kan word as onder 'n stelsel van desentralisasie. Die funksies wat verrig word, kan op verskillende wyses benader word, maar die volgende klasifikasie by die bespreking sal die oorsigtelikste wees.

- (i) Toepassing van beheer oor krediet aan lede verskaf,
- (ii) Betaling aan lede.

(i) Toepassing van beheer oor lede-krediet.

a) Die verlening van krediet.

Die mate van krediet wat deur koöperasies toegeken mag word, is gewoonlik bepaal in die statute van sulke koöperasies, ook in die geval van hierdie maatskappy. Voorsiening is daartoe gemaak in artikel 94 en 77, 77A en B. ⁶⁴⁾

In artikel 77 word melding gemaak van 'n krediet-heffingsfonds waarteen die lid aankope kan maak. Duidelikhedshalwe word verwys na artikel 76 ⁶⁵⁾ van die statuut. Volgens die statuut is dit al krediet wat verleen kan word. Dit gebeur egter dikwels dat 'n lid 'n taamlik gevorderde oes op die land het maar ooreenkomstig die bepalinge nie in aanmerking kom vir krediet om die nodige groot gereedskap aan te koop om sy oes in te samel nie. Om in hierdie geval bonafide-lede 'n diens te bewys, het die Raad van Direkteure van die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy verdere krediet-fasiliteite ter beskikking gestel. Die desbetreffende omsend-

64) Ibidem.

65) Ibidem.

brief aan lede lui:

„Kennisgwing aan lede insake kredietaankope.

Soos u weet word daar in die Statuut van die Maatskappy geen voorsiening gemaak vir kredietverkoop aan lede nie, behalwe dat 'n lid geregtig is om aankope op rekening te maak tot 'n bedrag gelykstaande aan 100% van sy heffingsfonds.

Teneinde lede egter tegemoet te kom waar spesiale omstandighede dit vereis, is die Raad van Direkteure bereid om in besondere gevalle krediet verkoop op 'n maandelikse basis toe te laat, onderworpe aan die voorwaarde dat alle aankope wat op hierdie basis gedoen word stiptelik binne 30 dae vereffen moet wees in soverre die rekening nie deur die heffingsfonds gedek word nie.

As 'n gevolg van die feit dat die Maatskappy afhanklik is vir sy bedryfskapitaal van lenings by die Landbank waarop rente betaal moet word, kan dit beslis nie toegelaat word dat rekenings vir langer as die 30 dae tydperk oorgehou word nie en dit is deur die Raad van Direkteure besluit dat daar vanaf 1 Desember 1949 rente teen 8% per jaar (teenswoordig 5%) gehef sal word op alle rekenings wat nie binne 30 dae soos hierbo uiteengesit betaal is nie.

By die berekening van rente sal die lid se beskikbare heffingsfonds natuurlik in aanmerking geneem word en sal geen rente bereken word op die gedeelte van die rekening wat deur die heffing gedek word nie."

In 1955 is die Statuut van die Sentraal-Wes in hierdie verband aangevul met artikel 77A, wat as volg lui:

Art. 77A.

(a) „Benewens die bepalinge van art. 77 mag die Raad van Direkteure landbou-implemente, misstowwe, berokingsmiddels, insekdodende middels, sakke, bindertou en ander boerdery benodighede aan sy lede op krediet verskaf teen sekuriteit van produkte afgelewer of nog onafgelewer, die opbrengs waarvan aan sodanige lede betaalbaar mag word;

(b) Die Raad van Direkteure kan ook na goeëdunke besluit om duursame landbougereedskap, - werktuie en - masjinerie ooreenkomstig die huurkoopstelsel aan lede verskaf, mits 'n beoorlikke huurkoop-kontrak of huurkoopkontrakte daarvan gesluit word waarvan die termyn oor 'n tydperk van hoogstens 2 jaar strek en waarvolgens 'n deposito van tenmiste een vyfde van die waarde van sodanige artikels gestort word."

Hierdie artikel behels 'n aansienlike vermeerdering van die kredietfasiliteite wat die maatskappy ter beskikking van sy lede gestel het.

b) Die toepassing van beheer oor krediet.

Terwyl die verantwoordelikheid vir beheer van krediet by die Raad van Direkteure berus, is dit prakties onmoontlik vir die Raad van Direkteure om persoonlik toesig te hou oor die rekenings. Die beleid en die prosedure kan slegs bepaal word, en dit was dus nodig om 'n verantwoordelike amptenaar met die uitvoering van die neergelegde beleid te belas. Gevolglik is 'n hoof vir die lederekeningafdeling aangestel.

Die kredietbestuurder moet iedere maand, of met elke vergadering van die Raad van Direkteure, 'n staat voorlê wat die uitstaande bedrae aan die begin van die maand aantoon, welke bedrae gedurende die maand gevorder was, hoeveel addisionele krediet gedurende die maand toegestaan is; welk bedrag aan die end van die maand uitstaande is, en hoe die totale uitstaande bedrag vergelyk met die heffingsfonds van die lede.

In hoofstuk X word 'n grafiek behandel wat 'n insig omtrent die omvang van die verleende diens gedurende die laaste jare gee, en hieruit kan ook duidelik die toepassing van die beskrywe beleid gevolg word. Daar sal opgemerk word dat die lede van die kredietfasiliteite gebruik maak deur aankope te maak teen hulle diverse koring-en/of mielie-oeste. As die oesverwagting goed is, word ook meer aangekoop as in die teen-

oorgestelde geval. Verder val dit nog op dat na die finansiële jaar 1948/49 die kredietbeheer baie strenger toegepas is as voorheen.

Die kredietbestuurder kan dus krediet bo die lid se heffingsfonds goedkeur. As daar egter getwyfel word oor die lid se terugbetalingsmoontlikheid, word die kredietaanvraag met die bestuurder van die maatskappy bespreek. Kan ook tydens hierdie bespreking geen definitiewe beslissing geneem word nie, dan word die aanvraag om krediet aan die Raad van Direkteure ter beslissing voorgelê en op 'n algemene vergadering van die Raad van Direkteure behandel.

Indien 'n lid nie sy verpligtinge in verband met die terugbetaling van die verleende krediet nakom nie, en sy rekening raak agterstallig, dan word hy daarvan in kennis gestel. Dit geskied deur middel van 'n drietal gedrukte aanmaningsbriewe. Reageer 'n lid nie op die eerste en tweede aanmaningsbrief wat hom met 'n tydsverskil van veertien dae deur die lederekeningsafdeling toegestuur word en waarin hy tot vereffening van sy skulde aangemaan word nie, dan word die derde en finale aanmaningsbrief toegestuur. Hierin word die lid in kennis gestel dat, tensy hy binne 'n sekere tyd sy verpligtings nakom, die rekening aan die prokureurs van die koöperasie oorhandig sal word.

Hierdie laaste brief word egter eers ter oorweging aan die hoof van die afdeling voorgelê alvorens dit uitgestuur word.

(ii) Betaling aan lede.

Voordat die beheerrade oor die verskillende nywerhede soos mielies, koring, kafferkoring en oliesade in werking getree het en die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy aangestel is as agent van die afsonderlike beheerrade, is die betaling aan lede in die Statuut van die maatskappy gereël in sewe artikels. nl. no. 79 tot en met 86 ⁶⁶⁾, wat egter op die oomblik groten-
66) Ibidem.

deels hulle aktualiteit verloor het en nog slegs op enkele onbeheerde produkte van toepassing is.

As agent van die beheerrade is die maatskappy verplig om die produkte wat deur lede en non-lede gelewer word in ontvangs te neem en vir kontant te koop teen die produsente-pryse volgens goewermentskennisgewing vasgestel vir die diverse beheerde produkte.

In sekere sin het die beheerraadstelsel die omvang van die werksaamhede van die lederekeningsafdeling beïnvloed. Daar is in die eerste plek - enkele uitsonderinge van onbeheerde produkte daargelate - geen sprake meer van betaling van 'n voorskot op gelewerde graan en 'n latere verrekening van 'n moontlike agterskot, nadat hanterings-, opbergings- en andere koste afgetrek is nie. Die beheerraadstelsel het dus vereenvoudigend gewerk in hierdie opsig.

In die tweede plek het daar egter met die koms van die beheerrade 'n belangrike uitbreiding van die werksaamhede plaasgevind. Beheerde produkte moet naamlik ook van die non-lede ontvang word. By die bespreking van die lederekeningsafdeling kan daarom die volgende indeling in hierdie verband gemaak word:

- i) Transaksies met lede.
- ii) Transaksies met non-lede.

i) Wat transaksies met lede betref.

Alle boekhoukundige gegewens wat voortvloei uit die finansiële transaksies tussen die maatskappy en die produsente van graan, word in die lederekeningsafdeling verwerk en aangeteken. Die lede se rekenings word in hierdie afdeling gemaklikheids- halwe alfabeties in agt seksies verdeel. Iedere seksie kan vergroot word na gelang die lidmaatskap toeneem, en dit vergemaklik die administrasie en kontrole oor die verskeie rekenings.

Hieruit voortspruitende volg dat alle spesifieke transaksies met 'n lid op sy persoonlike rekening aangebring moet word, ten einde van tyd tot tyd te kan vasstel wat die ware

toedrag van sake met die betrokke lid se rekening is. Op die lid se rekeningskaart word aangeteken sy graanleweransies, kredietaankope van landboubenodighede en die uitbetalings wat aan hom gemaak is.

Kortom, dit is 'n verslag van alle transaksies van die lid met die maatskappy. Daarnaas word van alle kontanttransaksies 'n afsonderlike aantekening gehou. Die doel hiervan is om, in geval die Maatskappy 'n bonus verklaar, te beskik oor die totale bedrag van sake deur die lid met die maatskappy gedoen gedurende die boekjaar. 'n Sodanige bonus moet volgens artikel 89 van die statuut van die maatskappy op hierdie bedrag bereken word. Aan die einde van die boekjaar, as daar 'n wins of batige saldo is, word die lede se rekenings gekrediteer met 'n diwidend op die opbetaalde aandele, met 'n bonus, indien verklaar, asook met rente op sy ledeheffingsfonds. Met iedere lowering van graan word die lid 'n afrekeningstaat toegestuur, waarop die volgende aangegee is:

- a) Die bruto opbrengs van die graan, plus die hoeveelheid sakke ontvang.
- b) Die in rekening gebragte ld.- en 6d.- heffing.
- c) Berekende kommissie in geval van onbeheerde produkte.
- d) Die netto opbrengs.
- e) Die balans van sy rekening indien enige.

Die uitbetaling geskied dus outomaties en so vinnig moontlik tensy anders versoek word.

Verder word elke lid maandeliks 'n oorsig van sy rekening gestuur eweas aan die end van die boekjaar, om by die belastingopgawe van diens te kan wees.

ii) Wat nou transaksies met non-lede aangaan:

Die administratiewe werksaamhede aan hierdie transaksies verbonde, is vanselfsprekend minder as in die geval van lede. Hier is nie sprake van kredietaankope, heffinge ens. nie.

Die ontvangstes word net aangeteken, en nadat aftrekking gemaak is vir swak sakke en dergelike, word die non-lid per tjek uitbetaal. Die sake met non-lede word as kontant-transaksies beskou, en daar word byvoorbeeld geen non-lederekeningskaart vir hulle bygehou nie. Die uitbetaalde bedrae word vir hulle op 'n graanleweringskaart aangeteken vir inkomstebelastingdoeleindes.

Die Boekhou-afdeling.

Die boekhouding wat by koöperatiewe organisasies algemeen in swang is, verskil in beginsel nie van die boekhouding van kommersiële sake nie, en die Wet op Koöperatiewe Vereniginge⁶⁷⁾ gee dan ook nie aan op watter wyse die boekhouding van 'n koöperasie gevoer moet word nie. Die enigste riglyn in hierdie verband word gevind in die Maatskappywet.⁶⁸⁾ Hierdie Wet gee aan welke informasie verstrek moet word deur 'n maatskappy in die algemeen, asook die wyse waarop dit moet geskied. Art. 45 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings van 1939 bepaal dat die Raad van Direkteure minstens 3 weke voor die jaarlikse algemene vergadering die balansstaat en wins-en-verliesrekening moet opmaak. 'n Afskrif van hierdie state, behoorlik deur die ouditeure en 'n meerderheid van die Direkteure onderteken, met die verslag van die ouditeure daarby, moet op die kantoor van die maatskappy ter insae lê vir lede, minstens 14 dae voor die datum vasgestel vir die jaarlikse algemene vergadering, en 'n afskrif daarvan word aan die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings gestuur onmiddellik na die termyn van insae 'n aanvang neem. Sodanige balansstaat, wins-en-verliesrekening en ouditeursverslag word op die jaarlikse algemene vergadering voorgelees.

Die Boekhouding.

Dit is nie die bedoeling om in hierdie hoofstuk die

67) No. 29 van 1939.

68) No. 46 van 1946.

boekhoustelsel wat vandag by die Sentraal-Wes in gebruik is, in besonderhede te behandel nie. Immers, die grondbeginsels van boekhouding bly dieselfde, ongeag die vorm waarin 'n saak gedryf word. In hoofsaak sal net ingegaan word op die gebesigde boekhousistees.

Die boekhouding van die maatskappy is verdeel in 6 onafhanklike afdelings, nl.:

- 1) Graanafdeling.
- 2) Meule-afdeling.
- 3) Saadskoonmaakafdeling.
- 4) Viljoenskroonnywerhede.
- 5) Handelsafdeling.
- 6) Algemeen.

Elke afdeling het 'n onafhanklike boekhoustelsel tot by die wins-en-verliesrekening. Die saldo's van hierdie 6 rekeninge word verwerk in 'n algemene wins-en-verliesrekening, waarna die finale balans opgestel word.

Ter verduideliking volg hier die skematiese behandeling van die graanafdeling.

Van verskillende boeke word die wins-en-verliesrekening van graan opgestel. Hierdie rekening gee 'n oorsig van die netto hanteringskommissie en bergloon ontvang vir die verskillende graansoorte teenoor die gemaakte kostes.

Onder die kostes kan genoem word:

Salarisse, lone, bankkoste, bokseile, pakpale, onderhoudskoste, waardeverminderinge en ander onkoste in verband met die instandhouding van die loodse.

Die balans van hierdie wins-en-verliesrekening word oorgedra na die algemene wins-en-verliesrekening. Die wins-en-verliesrekening in verband met graan bevat egter net koste wat direk met die ontvangte graan in verband staan.

Die administratiewe koste wat deur die hoofkantoor gemaak word, word op 'n afsonderlike rekening aangegee: die administratiewe rekening van die hoofkantoor. Op hierdie laaste

rekening word die totaal van alle koste deur die hoofkantoor gemaak, aangegee. Die totaal van hierdie rekening word persentasiegewys aan die verskillende afdelings toegeken. Die graanafdeling dra 76% van al hierdie koste; die ander afdeling respektiewelik handelsafdeling 15%, fabriek- en meule-afdeling elk 4%, en die saadskoonmaakafdeling 1%.

In geval daar 'n netto winssaldo oorbly na hierdie toerekening, word hierdie wins op 'n aanwendingsrekening verdeel. Hierdie aanwendingsrekening word deur die Raad van Direkteure aanbeveel, en moet op die jaarlikse algemene vergadering bekragtig word. 'n Gedeelte word meestal afgesonder vir diwiddende aan lede, bonus aan direkteure, voorsiening vir slegte en twyfelagtige skulde ens. Die grootste deel word egter oorgedra na die reserwerkeninge. Die gevolg hiervan is dat op die jaarlikse balansstaat geen wins of verlies gewys word nie.

4. SAMEVATTING.

In hierdie hoofstuk is die interne werksaamhede van die maatskappy behandel en die verskillende afdelings uitvoerig beskryf. Die werksaamhede wat deur die afdelings verrig word, kan min of meer in twee groepe verdeel word, naamlik dié wat noodwendig van plaaslike aard is, en dié wat 'n groter omvang het en 'n groter mate van koördinasie vereis tussen die verskillende liggame wat met dieselfde produk handel. Onder die eerste groep word verstaan funksies soos die ontvangs, die gradering, opberging en somtyds bewerking van die boer se produkte; die uitbetaling van die prys (nou in die meeste gevalle vasgestel) en die verleen van 'n beperkte finansiële hulp aan lede deur die verkoop van sekere benodigdhede op krediet. Aan die ander kant bestaan die tweede groep funksies uit die werklike bemarking en aankoop van boerderybenodigdhede.

Die koöperasie het 'n groot aantal takke en opslagplokke wat versprei is dwarsdeur die gebied waarin die koöperasie

optree, en wat sorg vir die plaaslike funksies. Die hoofkantoor sorg vir die bemerking van produkte, die aankoop van benodigdhede en vir distribusie van laasgenoemde onder die verskillende takke; terwyl die administrasie verder op die hoofkantoor gekonsolideer word. Die omvang van die plaaslike sowel as die ander groep funksies, word grotendeels duidelik as ons op die diverse tabelle in die statistiese oorsig van die werksaamhede van die maatskappy, wat in die volgende hoofstukke behandel sal word, let.

.....

HOOFSTUK VII

DIE ONTWIKKELING VAN DIE SENTRAAL-WES STATISTIES

GESIEN.

1. Die aantal lede van die Maatskappy.

Op 1 Julie 1909 het die Sentraal-Wes begin met 48 lede, dog die ledetal het gestadig uitgebrei tot 3,462 in 1932. Uit die eerste tabel hieronder kan gesien word dat die grootste getal 3,462 lede was wat onder die Sentraal-Wes in sy hoedanigheid as koöperatiewe vereniging geregistreer was.

In 1937 begin die Sentraal-Wes as koöperatiewe maatskappy sy werksaamhede met ruim 1,000 lede. Hierdie getal sedert 1937 ruim vertienvoudig en in 1955 was daar 11,833 ingeskrewe lede.

TABEL 5

Ledetal van die
Sentraal Westelike Koöperatiewe Vereniging

Boekjaar	Getal lede	Boekjaar	Aantal lede	Boekjaar	Aantal lede
Stigting 1909	48	31-5-1918	546	31-5-1927	1111
31-5-1910	254	-19	451	-28	1198
-11	500	-20	495	-29	1126
-12	573	-21	721	-30	1170
-13	486	-22	721	-31	2017
-14	529	-23	895	-32	3426
-15	521	-24	1020	-33	3142
-16	589	-25	800	-34	2504
-17	580	-26	1197	-35	1749
				-36	1248

TABEL 6

Ledetal van die
Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy.

Boekjaar	Getal lede	Boekjaar	Getal lede	Boekjaar	Getal lede
31-5-1937	1055	31-5-1944	7315	31-5-1951	12279
-38	1788	-45	8238	-52	12386
-39	3299	-46	9214	-53	12363
-40	4409	-47	10173	-54	11797
-41	5154	-48	10929	-55	11833
-42	5662	-49	12002		
-43	6486	-50	12963		

2. Blanke Personeellede in diens van die Maatskappy.

In 1936 het die Vereniging afgesluit met 'n kantoorpersoneel van 9 en 38 loodsmanne, dus 47 persone in totaal.

Syfers vir die jare 1937 tot 1942 was vir skrywer nie beskikbaar nie, maar uit onderstaande tabel kan gesien word dat die personeel die laaste tien jaar aansienlik uitgebrei het.

TABEL 7

Blanke personeel in diens van die Maatskappy.

Boekjaar	Getal Persone	Boekjaar	Getal Persone	Boekjaar	Getal Persone
1942-43	141	1947-48	422	1952-53	594
-44	172	-49	525	-54	612
-45	232	-50	577		
-46	296	-51	597		
-47	328	-52	619		

3. Die Graanafdeling.

a. Geïvesteerde kapitaal.

Die kapitaal geïvesteer in die graanafdeling van die Maatskappy bedra vir die boekjaar 1953-54 en 1954-55 respektiewelik £693,716 en £777,630.

Hierdie kapitaal is as volg verdeel:

<u>Vaste bates:</u>		£391,368		£471,865
Geboue - kosprys	£468,297		£561,865	
min waardevermin- dering.	102,309 £365,988		115,894 £445,971	
Gronde	25,380		25,894	
<u>Bestendige bates:</u>		£212,348		£305,765
Masjinerie & Uit- rusting.	£ 35,883		£ 53,160	
Bokseile.	146,503		194,490	
Voertuie.	29,400		57,485	
Spoorwagsylyne.	562		630	

Netto wins gemaak op graanomset. 69)

Boekjaar	Waarde
1951-52	£142,023
-53	76,504
-54	216,808
-55	335,561

b. Graanaankope van die Sentraal-Wes.

TABEL 8

Mielie-aankope (1910-1936)
(Die Sentraal-Wes as Vereniging.)

Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke
1909-1910	36,500	1918-1919	203,230	1927-1928	295,498
-11	107,465	-20	112,855	-29	321,237
-12	84,350	-21	254,898	-30	257,024
-13	107,504	-22	175,088	-31	1,303,732
-14	67,400	-23	203,663	-32	1,680,723
-15	47,363	-24	422,693	-33	1,419,913
-16	125,851	-25	62,751	-34	73,038
-17	69,136	-26	837,466	-35	577,054
-18	99,444	-27	61,513	-36	601,807

69) Voordat indirekte, algemene hoofkantoorkoste in rekening gebring is.

Mielie-aankope (1936-1955)
(Die Sentraal-Wes as Maatskappy.)

Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke
1936-1937	318,948	1943-1944	3,213,768	1950-1951	5,058,420
-38	1,344,381	-45	2,884,252	-52	5,703,911
-39	1,090,279	-46	3,074,369	-53	1,757,776
-40	2,517,306	-47	1,467,064	-54	6,120,013
-41	1,604,846	-48	2,950,331	-55	7,795,776
-42	2,129,417	-49	6,423,274		
-43	1,375,114	-50	1,722,903		

Koringaankope (1936-1955)

Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke
1936-1937	45,018	1943-1944	602,157	1950-1951	1,365,425
-38	45,856	-45	94,127	-52	1,392,678
-39	228,768	-46	90,482	-53	806,335
-40	271,303	-47	624,026	-54	698,569
-41	277,097	-48	693,368	-55	569,137
-42	123,647	-49	612,348		
-43	688,901	-50	400,527		

Kafferkring-aankope (1936-1945)

Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke	Boekjaar	Getal sakke
1936-1937	-	1943-1944	31,444	1950-1951	34,011
-38	3,059	-45	42,133	-52	36,745
-39	1,413	-46	29,715	-53	33,113
-40	10,309	-47	22,013	-54	258,965
-41	6,364	-48	57,496	-55	234,406
-42	22,392	-49	141,379		
-43	15,580	-50	23,487		

Wintergraan-, Grondbone-, Sonneblomsaad-, en
allerlei produkteaankope (1944-1955).

Boekjaar	Wintergraan Getal sakke	Grondbone Getal sakke	Sonnebloms. Getal sakke	All. produkte Getal sakke
1944-1945	19,905	-	-	12,558
-46	18,098	-	-	9,138
-47	8,664	-	-	37,914
-48	15,658	46,784	28,763	11,031
-49	1,350	226,301	139,126	53,659
-50	1,108	175,751	68,775	12,833
-51	29,924	238,292	155,754	17,924
-52	6,542	212,022	249,299	24,346
-53	6,119	219,435	277,790	12,135
-54	4,604	307,364	342,652	34,070
-55	2,052	390,004	261,832	13,770

Hoeveelheid & Waarde van totale Graanomset
(1936-1955.)

Boekjaar	Getal sakke	Waarde	Boekjaar	Getal sakke	Waarde
1936-37	363,966	£179,123	1945-46	3,221,802	£3,102,243
-38	1,393,296	546,632	-47	2,159,681	2,165,800
-39	1,320,376	682,863	-48	3,803,431	3,790,232
-40	2,755,725	1,079,774	-49	7,697,437	9,108,554
-41	1,872,262	1,217,059	-50	2,405,384	5,410,562
-42	2,273,882	1,599,004	-51	6,899,750	7,935,866
-43	2,079,595	1,211,367	-52	7,625,543	13,311,063
-44	3,844,165	3,836,707	-53	3,112,703	8,498,699
-45	3,042,981	2,425,121	-54	7,766,237	13,732,748
			-55	9,266,977	15,985,246

4. Die Handelsafdeling.

Vir die uitoefening van handelsbedrywigheide beskik die maatskappy oor 40 winkels, wat versprei is oor die gebied waarin die maatskappy optree.

Vaste en Bestendige Bates.

Die vaste en bestendige bates vir die handelsbedrywighede
het die volgende kapitaal vereis:

1953-'54		£165,475	1945-'55	£174,413
Vaste bates:		£153,603		£164,276
Geboue teen kosprijs	£138,519		£152,459	
min waarde- vermindering	21,931		25,198	
	£116,588		£127,261	
Gronde	37,015		37,015	
Bestendige Bates:		£11,870		£10,137
Masjinerie & Uitrusting	£ 10,114		£ 8,820	
Voertuie	1,756		1,317	

Netto Wins op Handel 70)

Boekjaar	Waarde
1951-1952	£34,691
-53	14,479
-54	52,936
-55	50,793

TABEL 9

Omset Gereedskap (1909-1955)

Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde	Bruto Wins %
1909-1910	£ -	1925-1926	£25,003	1941-1942	£128,191	
-11	3,255	-27	10,792	-43	164,410	
-12	5,600	-28	16,848	-44	266,470	
-13	9,841	-29	24,128	-45	387,721	
-14	8,582	-30	27,496	-46	537,373	
-15	2,373	-31	27,440	-47	616,947	
-16	5,641	-32	30,292	-48	909,588	
-17	6,838	-33	2,789	-49	1,143,695	
-18	6,628	-34	6,310	-50	1,098,945	
-19	11,112	-35	9,090	-51	1,442,788	9.3
-20	16,211	-36	11,871	-52	1,980,910	8.1
-21	27,661	-37	24,726	-53	1,711,853	7.5
-22	11,250	-38	31,673	-54	1,920,424	7.8
-23	9,755	-39	51,345	-55	2,379,254	7.7
-24	15,575	-40	66,756			
-25	12,300	-41	88,004			

70) Idem. 69.

Omset graansakke- en seilgaren (1944-1955)

Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde
1936-1937	153	1943-1944	295,953	1950-1951	897,740
-38	28,806	-45	437,934	-52	738,642
-39	31,075	-46	217,633	-53	435,800
-40	89,793	-47	184,400	-54	879,488
-41	70,289	-48	300,000	-55	923,992
-42	115,276	-49	782,000		
-43	128,979	-50	373,146		

Omset Kunsmis- & Petrol (1936-1955)

Kunsmis			Petrol	
Boekjaar	Waarde	Bruto Wins %	Waarde	Bruto Wins %
1936-1937	11,154			
-38	12,914			
-39	18,179			
-40	17,262			
-41	21,789			
-42	24,269			
-43	20,937			
-44	41,742			
-45	57,170			
-46	98,683	2.2	21,348	7.8
-47	101,366	2.2	22,833	8.0
-48	135,155	2.4	34,257	7.8
-49	140,448	2.2	42,742	5.5
-50	162,608	2.3	49,635	6.5
-51	190,815	2.6	64,394	4.7
-52	229,716	2.1	68,951	4.4
-53	155,094	1.8	60,297	4.5
-54	150,578	2.0	67,813	4.2
-55	217,992	2.0	65,218	3.6

5. Die Nywerheidsafdeling.

Viljoenskroonse Nywerhede.

Fabrieke:

Die maatskappy beskik te Viljoenskroon oor die volgende fabrieke: Dopfabriek, oliepers- en verfyningsfabriek en kragvoerfabriek.

Vaste en Bestendige Bates:

Die kapitaal geïnvesteer in die vaste en bestendige bates van die fabriek op 31 Mei 1954 £140,740 bedra en op 31 Mei 1955 £148,411.

<u>Vaste Bates:</u>		£70,136		£71,648
Geboue kosprys	£74,167		£77,547	
min waardevermindering	7,236		9,104	
	£66,931		£68,443	
Grond	3,205		3,205	
<u>Bestendige Bates:</u>		£74,604		£76,763
Masjinerie & Uitrusting	£69,498		£68,314	
Voertuie	1,234		4,823	
Spoorwagsylyne	3,872		3,626	

TABEL 10

Omset Fabriek (1949-1955)

Boekjaar	Oliepers	Kragvoer	Dop	Netto Wins
1949-1950	75,629	16,753		
-51	72,937	56,697		
-52	216,372	101,307	118,107	28,611
-53	90,659	155,233	-	2,444
-54	184,925	137,111	23,237	6,587
-55	223,443	127,263	84,750	9,079

Die Meulens.

Die maatskappy beskik oor die volgende meulens:

Champions, Lederle, Heuningspruit, Tweespruit, Acme, Wesselsbron en Zastron.

Vaste en Bestendige Bates:

Die kapitaal geïnvesteer in die vaste en bestendige bates t.o.v. die meulens het op 31 Mei 1954 £281,589 bedra en op 31 Mei 1955 £271,891.

Vaste bates:		£177,232		£176,100
Geboue kosprys	£164,352		£167,326	
min waardevermindering	20,964		25,145	
	£143,388		£142,181	
Grond	33,844		33,919	
Bestendige Bates:		£104,357		£95,791
Masjinerie & uitrusting & kantoor-meubels	£95,283		£87,808	
Voertuie	2,469		1,588	
Spoorwegaalwyne	6,605		6,395	

TABEL II

Omset Meulens (1944-1955)

Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde
1944-1945	9,813	1948-1949	987,586	1952-1953	1,391,579
-46	489,329	-50	1,216,902	-54	1,206,220
-47	645,300	-51	1,059,655	-55	1,554,339
-48	807,680	-52	1,338,950		

Netto Wins op Meulens (1952-1955) 71)

Boekjaar	Netto Wins
1951-1952	13.060
-53	27,041
-54	13,472
-55	<u>1,138</u>
	— (Verlies)

Saadskoonmaak.

Vaste en Bestendige Bates:

Die vaste en bestendige bates van die saadskoonmaakafdeling is ingesluit by die handelsafdeling.

71) Voordat indirekte, algemene hoofkantoor-koste in rekening gebring is.

TABEL 12

Omset Saadskoonmaakafdeling (1945-1955)

Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde	Boekjaar	Waarde
1945-1946	11,340	1949-1950	110,453	1953-1954	189,434
-47	83,900	-51	146,202	-55	190,230
-48	80,190	-52	355,044		
-49	59,901	-53	243,906		


Netto Wins Saadskoonmaak
Afdeling. 72)

Boekjaar	Netto Wins
1951-1952	28,119
-53	7,622
-54	550
-55	5,736

72) Voordat indirekte, algemene hoofkantoorcoste in rekening gebring is.

WAARDE
£ 000,000

GRAFIEK No. 1
TOTALE OMSET 1936-37 - 1954-55



GRAFIEK No. 2


HOEEVEELHEID EN WAARDE TOTALE GRAANOMSET

1945-46 — 1954-55

HOEEVEELHEID
000,000
SAKKE

WAARDE
£ 000,000

--- SAKKE
— WAARDE




GRAFIEK No. 3

TOTALE HANDELSOMSET 1945-46 - 1954-55

(OMSET GEREEDSKAP, SEILGARE EN SAKKE

AFSONDERLIK OPGENEEM)

WAARDE
£, 00, 000



6. Samevattende bespreking van die Statistiese gegewens vir die graan-, handels- en nywerheidsafdeling.

Om 'n indruk te gee van die kapitaal geïnvesteer in die verskillende afdelinge van die maatskappy, is aan die begin van elke paragraaf 'n kort oorsig daarvan gegee vir die boekjaar 1954-1955. Oor die algemeen is in 1955 meer kapitaal geïnvesteer as in 1954. Slegs die meulbedryf toon 'n geringe afname in die bestendige bates.

'n Tabel van die netto winste deur elke afdeling gemaak vir die boekjare 1951 tot 1954, is verder opgeneem. Hierdie syfers is bereken vir elke afdeling voordat die algemene direkte hoofkantoorkoste in rekening gebring is.

Wanneer die netto wins bereken word as persentasie van die geïnvesteerde kapitaal vir die laaste twee jaar, dan blyk dit dat die wins respektiewelik is:

	1954	1955
Graanafdeling	36%	43%
Handelsafdeling	32%	29%
Fabriek	4.6%	6.1%
Meulens	4.8%	-0.4%

Die skommeling in die netto winsbedrae is hoofsaaklik die gevolg van die onstabiliteit van die oeste. Die omvang van die oeste affekteer nie alleen die graanafdeling nie maar ook die ander afdelings. Grafiek no.1 gee die totale geldomset van die maatskappy sedert 1936-1937. ⁷³⁾ As hierdie grafiek vergelyk word met die grafieke no.2 en no.3 vir die totale graan- en handelsomset onderskeidelik, dan blyk die wisselwerking wat daar bestaan tussen laasgenoemde twee omsette duidelik. 'n Goeie voorbeeld is die jare 1949-1950 en 1952-1953. In hierdie jare was die oes oor die algemeen nie te gunstig nie. Grafiek no.2 toon 'n skerpe daling in omset. Grafiek no.3 toon min of meer dieselfde beeld, dog in mindere mate, veral as op die implementeomset gelet word. ⁷⁴⁾

73) Ontleen aan tabel 23, bls. 121.

74) Vgl. ook grafiek no.4.

Die omset van graansakke en seilgare volg vanselfsprekend min of meer die graanomset. Die verklaring van bogenoemde verskynsel moet gesoek word by die koopkrag van die boer, wat in hoofsaak afhanklik is van die omvang van die oes. Misluk die oes, dan word slegs die allernoodsaaklikste aangekoop of vervang.

Opmerklik is egter die groot afname in die kunsmisverkope van die maatskappy vir 1952-1953 en 1953-1954, in vergelyking met die hieraan voorafgaande periode. In die betrokke grafieke is slegs gegewens opgeneem van 1945-1946 af omdat die ledetal van die maatskappy sedert 1948-1949 nie belangrik verander het nie. Die vermindering in die ledetal in 1954 is toe te skrywe aan die feit dat in daardie jaar die Raad van Direkteure besluit het om nie-aktiewe lede uit te sit. Dit is lede wat vir 'n aantal jare geen sake met die maatskappy gedoen het nie. Dit moet egter opgemerk word dat, hoewel die ledetal van 1948-1949 af vrywel konstant was, die omset van die maatskappy deur die toepassing van betere boerderymetodes deur die lede 'n stygende neiging vertoon, ondanks die swak oeste in die eerder gemelde jare.

Die handelsomset het na verhouding minder gefluktueer as verwag sou word, en dit kan slegs toegeskryf word aan die voortdurende meganisasie van die landbou en die noodsaaklikheid vir die boere om bepaalde vervangingsaankope te maak.

In grafiek 2 is die aantal sakke graan wat ontvang is, opgeneem. Opmerklik is dit dat die afstand tussen die waarde- en hoeveelheidslyn steeds groter word. Dit is hoofsaaklik die gevolg van die stygende prys van die graanprodukte. Vir mielies byvoorbeeld is die volgende gemiddelde prys uitbetaal (per 200 lb. in sakke):

1945-1946	19/-	1951	24/-
-47	22/6	-52	26/6
-48	21/3	-53	30/-
-49	21/3	-54	32/-
-50	21/3	-55	31/-

Uit die tabel vir die omset van kunsmis en petrol blyk dit dat die kunsmisverkope in 1954-1955 in vergelyking met 1945-1946 meer as verdubbel het, teenoor 'n verdrievoudiging in die petrolverkope, 'n verskynsel wat op beter boerderymetodes en 'n groter meganisasie wys.

Die tabelle in verband met die nywerheidsafdeling van die maatskappy toon oor die algemeen 'n toename in omset, en die bedryfsresultate is nie onbevredigend nie. Dit moet in gedagte gehou word dat daar 'n ernstige mededinging heers by die verkoop van die verwerkte produkte. In die geval van die meulens was daar uiteindelik 'n klein verlies van £1,138, ten spyte van die feit dat die omset vir 1954-1955 met ruim £348,000 gestyg het. Dit is hoofsaaklik toe te skrywe aan die kompetisie wat op hierdie gebied heers en die feit dat sommige meulenaars olie uit mieliëkiem ekstraheer en sodoende hulle produkte goedkoper kan verkoop.

Die mark vir eetbare olies is nog swak en slegs 'n klein gedeelte van die olie vervaardig te Viljoenskroon, kan winsgewend verkoop word. Die ander onderafdelings van hierdie nywerheid werk egter bevredigend en as geheel is die gemaakte netto wins redelik te noem.

Uit tabel 10 blyk dat in 1952, £28,611 wins gemaak is by die fabriek en dat dit in die daaropvolgende jare baie minder is. Die rede hiervoor is, dat dit was voor die instandkoming van die Oliesadebeheerraad. Die maatskappy het in daardie jaar grondbone uitgevoer vir eie rekening en die omset van die dopfabriek was hoofsaaklik hieruit opgemaak. Sedertdien het die Oliesadebeheerraad self die uitvoer ter hand geneem, sodat die maatskappy daardie saak verloor het.

HOOFSTUK VIII

BYDRAE VAN DIE SENTRAAL-WES TOT DIE MEGANISASIE VAN DIE LANDBOU.

1. INLEIDEND.

Gedurende die afgelope dekade het die opbrengs per eenheid vir die algemene boerdery aansienlik gestyg. Volgens die rapport van die Unie aan die Voedsel- en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies vir 1955, het die jaarlikse bruto waarde van alle landbouprodukte van die Unie gedurende 1953-1954 gestyg met 412 persent, in vergelyking met die vooroorlogse periode. Vir 1953-1954 was die bruto waarde £343-miljoen teen 'n gemiddelde vooroorlogse produksie van £67-miljoen.

Hierdie groot toename in die waarde van die landbouprodukte is tot op sekere hoogte misleidend, want die landboupryse het gedurende die afgelope jare gestyg. Die toename in volumeproduksie is in werklikheid slegs 40-45 persent. ⁷⁵⁾

Die toename in produksievolume kan egter vir 'n groot deel toegeskryf word aan meer wetenskaplike boerderystelsels wat toegepas word, 'n groter produktiwiteit van plaasarbeiders en 'n diepgaander kennis van die grondslag van die landbou.

In dié verband speel die meganisasie van die boerdery 'n groot rol. Die skouspelagtige ontwikkeling wat die afgelope paar jaar in die Unie se sekondêre nywerheid plaasgevind het, het die indrukwekkende vordering wat gemaak is met die landboumeganisasie op die agtergrond gestoot. Sekere streke waar die landerye voorheen hoofsaaklik met die hulp van trekdiere bewerk is, het die afgelope dekade geheel en al van gedaante verwissel deur die gebruik van meganiese hulpmiddele. As redes vir hierdie snelle meganisasie kan die volgende faktore

75) Prof. C.G.W. Schumann: Ekonomiese vooruitgang en vooruitsigte in Suid-Afrika. Lesing gehou voor: Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch, 1954,
bls. 43.

genoem word:

- 1) Die aanvraag vir plaasprodukte, wat sedert die laaste oorlog aansienlik toegeneem het.
- 2) Die styging in pryse, wat 'n hoër inkomste aan die boer verskaf.
- 3) 'n Tekort aan arbeid.
- 4) Die meganisasie wat 'n laer eenheidskoste bied.

2. DIE BYDRAE VAN KOÖPERASIES IN DIE ALGEMEEN.

In die beginjare van die koöperasies was een van hulle hoofdoeleindes die stabilisering van pryse. Hierdie funksie het die koöperasies egter gedeeltelik verloor met die instelling van beheerrade, maar nietemin het hulle nog hul belangrikheid as diensverrigtende boere-organisasies behou, veral wat die verskaffing van boerderybenodigdhede betref en die hulp en advies wat aan die lede verskaf word in verband met bogenoemde meganisasie.

Intern gesien, is hierdie diens van verskaffing van benodigdhede nie so eenvoudig nie. 'n Intensiewe studie van die behoeftes van die boer, van die onderskeie soorte gereedskap, die verskillende fabrikate, die onderdele wat benodig word ens. word vereis. Die voorrade wat aangehou word, moet van die koöperasie se standpunt uit gesien, maklik verkoopbaar wees, en van die lid se kant, maklik verkrygbaar. Hierdie diens vereis 'n deeglike kennis, nie alleen van die omstandighede in 'n bepaalde streek en van die implemente wat die boere gebruik nie, maar ook van die soorte wat die beste resultate gee. Bowe-al is egter kennis van die mark en die heersende prystendense nodig. Die laaste kan 'n direkte invloed hê op die pryse van die goedere wat aan die lede verskaf word. 'n Juiste advies en 'n vooruitsiende inkoopbeleid kan tot groot voordeel van die lede wees.

Die risiko's verbonde aan hierdie diensverlening is in wese dieselfde as dié van 'n gewone handelaar. Die vraag,

welke goedere in voorraad aangehou moet word, en hoeveel, gesien in verband met die gevaar vir prysfluktuasies en die onverkoopbaarheid van verouderde goedere, is algemeen.

Wil koöperasies egter doeltreffend diens verleen, dan is dit nie net voldoende om landboumasjinerie te bemark nie, maar ook om oor die noodsaaklikste herstelfasiliteite te beskik. Die diens hierin verleen, laat die boer meestal besluit waar hy sal koop. Op die oog lyk dit asof dit 'n losstaande faktor is, maar in werklikheid is dit 'n belangrike verkoopsfaktor.

Die diens deur die koöperasies gesamentlik bewys en die toename daarvan ten opsigte van ware en benodighede gelewer, blyk uit die volgende syfers: 1936-1937, totale waarde £1.5-miljoen, ⁷⁶⁾; 1953-1954, £27.5-miljoen ⁷⁷⁾.

3. BYDRAE VAN DIE SENTRAAL-WES.

In die voorgaande is min of meer 'n skets gegae van die belangrikheid van die diensverlening in verband met die meganisasie van die landbou en die faktore waarmee rekening gehou moet word.

Die beleid en bydrae van die Sentraal-Wes sedert 1936 blyk uit die volgende twee tabelle:

-
- 76) Memorandum oor Koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika. Koöperasiepers van S.A., Kaapstad 1944, bylae C.
- 77) Statistiek ten opsigte van landbou- en verbruikerskoöperasies in Suid-Afrika vir die finansiële jaar geëindig 1954. Kantoor Registrateur van Koöperasies.

TABEL 13

Omset van algemene goedere en landbougereedschap
(1936-'37 - 1954-'55)

Boekjaar	Aanvangs- voorraad	Aankope en spoorvrag	Verkope 78)	Eindvoor- raad
1936-1937	£ 346	£ 11,330	£ 9,779	£ 1,897
-38	1,897	14,517	13,052	3,361
-39	3,361	22,081	19,665	5,777
-40	5,777	47,280	35,148	17,908
-41	17,908	49,586	44,347	23,148
-42	23,148	89,189	78,014	34,323
-43	34,323	116,308	112,562	38,069
-44	38,069	223,068	186,872	74,265
-45	74,265	317,543	283,664	108,144
-46	107,843	400,134	384,175	123,802
-47	123,802	501,487	443,673	181,617
-48	232,394	1,023,679	889,574	366,499
-49	366,499	1,191,597	1,148,784	409,313
-50	409,313	944,365	1,015,341	338,337
-51	338,337	1,233,936	1,231,731	338,543
-52	369,444	1,748,988	1,565,239	549,007
-53	549,007	1,331,213	1,491,103	387,439
-54	387,439	1,631,261	1,616,676	402,023
-55	402,023	2,075,063	1,924,605	552,483

78) Verkope teen kosprys.

TABEL 14

Omset van algemene goedere en landbougereedskap


Boekjaar	Bruto wins %	Omsetsnel- heid	Aanvangs- voorraad as % van verkope	Gemiddelde omset per lid
1936-1937	6.8	8.8	2	£ 10
-38	7.6	5.0	14	8
-39	6.3	4.3	17	6
-40	12.8	3.0	16	9
-41	11.1	2.1	40	9
-42	11.7	2.9	29	15
-43	13.1	3.1	30	20
-44	11.4	3.3	20	27
-45	9.1	3.1	26	38
-46	7.9	3.3	28	45
-47	9.9	2.8	29	48
-48	6.9	2.9	20	87
-49	6.6	2.9	29	102
-50	6.3	2.8	31	83
-51	8.3	3.6	27	109
-52	7.1	3.4	21	136
-53	6.9	3.4	37	129
-54	7.8	4.0	24	148
-55	7.7	4.0	20.8	176

Ten opsigte van die gevolgde voorraadbeleid kan opgemerk word dat die aanvangsvoorrade vir die verskillende boekjare van 14 tot 40 persent wissel in verhouding met die omset vir die betrokke jare (die boekjaar 1936-1937 buite beskouing gelaat). Uit die syfers blyk die voorraad-politiek van die maatskappy. Ons bemerk, dat die voorrade vergroot is in jare waarin 'n skaarste aan gereedskap verwag kon word. Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog en die onrus in Korea is duidelik waarneembaar.

Hoewel die voorraad aangehou, van jaar tot jaar gestyg het, blyk dit dat die aantal keer wat die gemiddelde voorraad gedurende 'n jaar omgeset is, die laaste jare toegeneem het. In 1941 is die voorraad 2 maal per jaar omgesit, teen 4 maal in 1955. Dit is 'n besonder gunstige wending, want kapitaal in voorrade geïnvesteer dra geen rente nie. Hoewel die bruto winspersentasie gemiddeld van 6 tot 8 persent wissel, is hierdie persentasie oor die algemeen 1 persent laer as wat deur enkele ander groot landboukoöperasies bereken word, terwyl die omset per lid ook iets laer as die

GRAFIEK No. 4

GEMIDDELTE GOEDERE- EN GEREEDSCAPSONSET PER LID (1936-37 - 1954-55)



gemiddelde is. 79)

Uit tabel 10 blyk dat die gemiddelde handelsomset per lid die laaste jare aansienlik toegeneem het - grafies weer-gegee in grafiek no.4. Dit is 'n besliste aanduiding dat die produksievermoë verbeter het, wat toe te skrywe is aan beter boerderymetodes, verbeterde gereedskap en 'n groter mate van meganisasie, wat hoofsaaklik moontlik gemaak is deur die dienste van die koöperasie. Die koopkrag van die boere het as gevolg hiervan gestyg.

Grafiek no.2 toon die toename in die handelsomset en grafiek no.4 die gemiddelde handelsomset per lid duidelik aan.

79) Bereken uit gegewens verstrek deur die Registrateur van Koöperatiewe Vereniginge met toestemming van betrokke koöperasies. Verkope bereken teen kosprys.

HOOFSTUK IX

ALGEMENE FINANSIËRINGSASPEKTE VAN LANDBOUKOÖPERASIES.

1. BEGRIPSBEPALING.

Die term finansiëring word in die spraakgebruik meesal in twee betekenisse gebruik, naamlik om aktiewe sowel as passiewe finansiering aan te dui. Onder aktiewe finansiering word verstaan kredietverlening en onder passiewe finansiering, kredietverkryging. Dit is die passiewe finansiering, of die voorsiening van 'n onderneming - in hierdie geval 'n landboukoöperasie - van sy kapitaalbehoefte, wat in hierdie bespreking op die voorgrond tree.

2. DIE KAPITAALBEHOEFTE VAN LANDBOUKOÖPERASIES.

Weens die seisoensaaard van die produksie van die lede van 'n landboukoöperasie, asook hul afhanklikheid van die klimaatsomstandighede wat daardie produksie betref, is die finansiering van landboukoöperasies 'n vraagstuk wat aanmerklik verskil van dié wat in ander sfere van die ekonomiese werksaamheid aangetref word. Terwyl die mynbou en fabriekswese ten gevolge van 'n onafgebroke opbrengs in 'n posisie is om aan hul verpligtings oor 'n kort termyn te voldoen, kry die landboukoöperasies die beloning vir hul werksaamhede eers by die verkoop van die lede se produkte, wat maande na ontvangs kan wees en elke jaar verskil na gelang die omvang van die behandelde oes.

Die kapitaalbehoefte van landboukoöperasies kan op verskillende maniere benader word. Die duidelikste wyse is om eers op die aard van die behoefte te wys en vervolgens op die omvang daarvan in te gaan.

(i) Die Aard van die Behoefte.

Soos reeds uit die voorgaande volg, het die landboukoöperasies groot kapitaal nodig; nie alleen om aan die einde van die oesseisoen die produkte aan te koop nie, maar ook om die nodige opbergings- en behandelingsfasiliteite in te stel. Gewoonlik word daarom 'n onderskeid gemaak tussen vaste kapi-

taal en bedryfskapitaal. Onder vaste kapitaal word dan verstaan kapitaal belê in kapitaalgoedere wat meermale by die omsetproses meewerk, dus loodse, geboue, masjinerie ens.; en onder bedryfskapitaal: kapitaal belê in vlottende goedere wat maar eenmaal by die produksie of omset meewerk. In die laaste geval dus kapitaal om die nodige aankope te kan maak en in die lopende kostes te voorsien.

Aangesien vaste kapitaal 'n omlooptyd het van meerdere jare, teen dié van bedryfskapitaal wat wissel van enkele maande tot een jaar, spreek Polak ⁸⁰⁾ van kapitaal met kort en lang omlooptyd. Hierdie indeling sluit meer aan by die heersende spraakgebruik op die kredietmark.

By die kredietaanbod word onderskeid gemaak tussen lang- en korttermynkrediet, met 'n grenslyn ongeveer by die duur van een jaar. Dit spreek vanself dat tussen die termyne van die kredietverlening en van die kapitaalbehoefte 'n nou verband moet bestaan en die grenslyn dus op dieselfde hoogte getrek moet word.

In die voorgaande is die kapitaalbehoefte van landboukoöperasies dus verbind met die termyne van die kredietverlening.

(ii) Die omvang van die Behoeftes.

Hierdie behoeftes is van individuele aard en word hoofsaaklik beïnvloed deur die soort koöperasie.

Die behoeftes van handelsondernemings verskil van dié van fabrieksondernemings, en albei weer van die ondernemings vir die lewering van spesiale dienste.

Dit is dus nodig om die behoeftes van die verskillende soorte landboukoöperasies, nl. bemarkingsondernemings, ondernemings vir die aankoop van landboubenodighede, verwerkings-

80) N.J. Polak: Enige grondslagen voor de financiering der Onderneming (1946), bls. 46.

ondernemings (fabrieke) en ondernemings vir die lewer van spesiale dienste, kortliks te bespreek en te let op die omvang van die behoeftes vir hierdie verskillende soorte ondernemings.

Eintlik moet hierdie indeling beskou word as 'n indeling volgens funksies, want meesal verrig 'n onderneming meer as een van hierdie funksies.

(a) Bemarkingsondernemings verrig die funksies van versameling, opberging, gradering en distribusie (soms ook nog vervoer) van lede se produkte.

Onmiddellik na die oes is die kapitaalbehoeftes die grootste, wanneer die lede hul produkte lewer en waar in die geval van beheerde produkte 'n vasgestelde prys uitbetaal word, of 'n voorskot van 60% - 80% van die waarde van die produk in die geval van onbeheerde produkte.

Aangesien daar slegs gedurende 'n klein deel van die jaar 'n toevoer van landbouprodukte is met 'n geleidelike afset, wissel die behoeftes ook met golwe. Geleidelik neem die voorraad en die kapitaalbehoefte af, totdat vlak voor die nuwe oes albei weer gering is.

In die geval van graan bv. is groot skure of opslagplekke nodig om die graan op te berg en weer geleidelik te bemark.

Nie alleen is groot hoeveelhede vaste of langtermynkapitaal nodig nie, maar ook groot bedrae van korttermynkapitaal om die nodige uitbetalings te maak.

(b) Ondernemings vir die aankoop van landboubenodighede verrig ook funksies van versameling, opberging en distribusie maar word tot 'n groot hoogte verlig van die finansiering deurdat die fabrieke voorrade dra tot kort voor die tyd wanneer die behoeftes daaraan ontstaan en ook weer bereid is om leweransierskrediet te verskaf. Gewoonlik word 'n minimum voorraad aangehou, en wanneer die seisoensvraag haas ontstaan, word daar bestel. Opberging geskied dus normaalweg vir 'n kort termyn, sodat die finansieringsbehoeftes nie so hoog

is nie en bowendien slegs vir 'n kort termyn. Selfs ook vir langtermynkapitaal is die behoeftes minder as vir die vorige groep ondernemings.

(c) Verwerkingsondernemings het uit die aard van die saak groter kapitaalbehoefte as die vorige twee soorte: nie alleen in vaste of langtermynkapitaal nie, maar ook in bedryfs- of korttermynkapitaal. Hoe meer prosesse so 'n onderneming inskakel, hoe groter word die behoeftes. Ook (en veral) hier speel die seisoens aard van landbouproduksie 'n belangrike rol, omdat die grondstowwe slegs in 'n bepaalde seisoen beskikbaar is (bv. vrugte) of in 'n bepaalde seisoen 'n oormaat verwerk moet word met 'n kleiner produksie in die res van die jaar (bv. suiwel).

Die behoefte aan korttermynkapitaal is dus vir 'n deel van die jaar gering. Die behoefte aan langtermynkapitaal hang af van die omvang van die fabriek, masjinerie ens. benodig vir die verwerking van die produkte.

Net soos by die bemarkingsondernemings kan hier geen sprake wees van leweransierskrediet nie, omdat die ledeprodusente self meesal groot kapitaaluitgawes moet maak om die produksie van landbougewasse te finansier en nie geneë is om te wag op betaling totdat die produkte verwerk en verkoop is nie.

(d) Ondernemings vir spesiale dienste is gewoonlik 'n individuele saak, aangesien die kapitaalbehoefte deur die aard van elke diens bepaal word.

Herstelwinkels vir motors, trekkers ens.; grondbewaringsdienste ens. vergroot, waar hulle saam met enige van die ander funksies verrig word, die kapitaalbehoefte, veral dié aan vaste kapitaal. Sommige dienste, bv. inligtingsdienste, kan wel sonder groot kapitaalaanwending verrig word.

3. METODES VAN FINANSIERING.

Voordat die metodes van finansiering en die bronne wat

in Suid-Afrika ter beskikking staan van die finansiering van landboukoöperasies bespreek word, moet gelet word op die volgende punte:

(i) Die Soort Koöperasie speel 'n rol, veral by die wetlike bepalings.

Daar is die volgende soorte:

1. Koöperatiewe landbouverenigings met onbeperkte aanspreeklikheid.
2. Koöperatiewe landboumaatskappye met beperkte aanspreeklikheid.
3. Spesiale koöperatiewe boeremaatskappye met beperkte aanspreeklikheid.

(ii) Die finansiële beleid van die koöperasie, nl. die mate waarin van eie en/of vreemde kapitaal gebruik gemaak sal of kan word.

Die inkomste en kapitaalfondse deur koöperasies benodig om hulle sake te dryf, word uit verskillende bronne verkry, waarvan die volgende die vernaamste uitmaak:

1. Aandelekapitaal deur lede bygedra, in maatskappye met beperkte aanspreeklikheid.
2. Toetredingsgeld betaalbaar deur persone wat lede van verenigings met onbeperkte aanspreeklikheid word.
3. Reserwes aangewend uit winste en andersins.
4. Fondse geleen of van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika òf van handelsbanke òf ander bronne.

1. Aandelekapitaal vorm die basis van finansiering van koöperasies, behalwe van koöperatiewe landbouverenigings met onbeperkte aanspreeklikheid, want Art. 22(1) van Wet No. 29 van 1939 bepaal: „'n Koöperatiewe landbouvereniging met onbeperkte aanspreeklikheid hoef geen vaste kapitaal te hê nie". Die wetlike bepalings betreffende die aandelekapitaal word uiteengesit in die Wet van 1939. ⁸¹⁾

Lidmaatskap van 'n koöperatiewe maatskappy met beperkte

81) Wet no. 29 van 1939, art. 15, 20, 21 en 24.

aanspreeklikheid word bepaal deur besit van aandele en nie deur die ondersteuning wat iemand aan 'n maatskappy gee nie. Lidmaatskap en aandelebesit is in hierdie opsig dus sinoniem, aangesien 'n aandeelhouer altyd lid is en 'n lid altyd aandele moet besit.

Persone doen vrywillig aansoek om aandele, en dit is die plig van die direkteure om daardie aansoeke goed of af te keur. Weiering om aandele uit te reik of lidmaatskap aan enige aplikant toe te staan, berus by die beslissing van die direkteure, wat nie verplig is om redes vir hulle beslissing te gee nie. In sekere opsigte skryf die wet en die regulasies spesifieke vereistes voor waaraan iemand moet voldoen voordat hy lid kan word, en die beslissing van die direkteure is aan sulke beperkings onderhewig.

Die opneem van groot getalle aandele in 'n koöperasie vind egter nie maklik plaas nie, omdat:

- (a) slegs die eerste aandeel in die onderneming die lid al die voorregte gee;
- (b) lidmaatskap beperk is tot bona fide-boere;
- (c) aandele nie vryelik verhandelbaar is nie;
- (d) rente beperk is en bonus op omset betaal word wat met die aandeelhouding selde in verband staan;
- (e) aandele nie kan appresieer in waarde nie, al word ook hoe sterk reserwes opgebou;
- (f) die reserwes nooit verdeel kan word nie behalwe in geval van likwidasie. 82)

As gevolg van hierdie posisie gebeur dit dat koöperasies dikwels nie voldoende aandelekapitaal besit nie en dus van ander middels gebruik moet maak om oor die nodige finansieringsfondse te kan beskik.

2. Toetreegelde.

Hoewel daar geen voorsiening in die Wet gemaak word vir toetreegelde nie, kan koöperatiewe landbouverenigings volgens

82) Rapport van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, Kaapstad (U.G. 16-1934), bls. 145 e.v.

die modelregulasies wél sulke gelde vorder en dit by die reserwefonds voeg.

Die bedrag deur verenigings in die verlede ten opsigte van toetredingsgelde ontvang, is nie aansienlik nie en verskaf slegs 'n geringe deel van die werklike kapitaalfondse wat nodig is en opgeneem word.

3. Reserwes.

Baie koöperasies het reeds aansienlike reserwes opgebou, wat 'n belangrike middel van finansiering is. Reserwes toon aan in hoeverre 'n koöperasie sy bedryfs- of korttermynkapitaal uit die bronne verskaf. Hoe groter dus die bedrag van reserwes, hoe minder die geleende fondse of die afhanklikheid van geleende fondse.

Die mees gewone metode om reserwes byeen te bring, is uit die wins, maar die regulasies van 'n koöperasie maak gewoonlik voorsiening dat die volgende bedrae ook in die reserwefonds gestort word, naamlik:

- (i) verbeurdverklaarde aandele;
- (ii) boetes;
- (iii) kapitale winste;
- (iv) toetreegelde;
- (v) spesiale heffings.

Die reserwefonds mag vir die volgende gebruik word:

„Die reserwefonds van 'n maatskappy of vereniging word nie op 'n ander wyse as wat deur sy regulasies toegelaat word, onder lede verdeel nie, behalwe in geval van likwidasie en kan te eniger tyd aangewend word vir enige doel waarvoor die aandelekapitaal van die maatskappy of vereniging aangewend kan word..
.... „ 83).

Aangesien die Wet van 1939 die vorming van spesiale reserwes toelaat, word hieronder 'n indeling van die verskillende

soorte reserwes gegee.

a. Algemene Reserwefonds.

Volgens die Wet van 1939 ⁸⁴⁾ moet die regulasies van 'n koöperatiewe onderneming voorsiening maak vir die verdeling van die wins, waarvan 'n deel na die reserwefonds moet gaan.

Hiervolgens moet 'n toekenning uit die jaarlikse wins na die algemene reserwefonds gaan, nadat voorsiening vir rente op kapitaal (hoogstens 8%) gemaak is, en daarna kan aan lede 'n bonus uitbetaal word of 'n spesiale reserwe geskep word. As gevolg van hierdie beleid het die meeste koöperasies aansienlike reserwes opgebou.

b. Spesiale Reserwefonds tot dekking van Verliese.

Verenigings kan volgens die Wet ⁸⁵⁾ 'n spesiale reserwe opbou vir moontlike verliese in 'n latere boekjaar of boekjare, maar moet minstens 'n gelyke bedrag in die algemene reserwe stort.

c. Die regulasies van maatskappye met beperkte aanspreeklikheid maak gewoonlik ook voorsiening vir 'n reserwe vir onvoorsiene verliese.

4. Geleende Fondse.

1. Lenings van lode: Die Roterende kapitaalstelsel.

Aangesien die voorafgaande middels nie genoegsame fondse verskaf aan koöperasies nie, word die laaste jare baie aandag geskenk aan die Amerikaanse "revolving capital system", en dit word reeds deur 'n aantal koöperasies toegepas.

Die roterende kapitaalstelsel is 'n stelsel waardeur lede jaarliks of meer dikwels 'n bedrag bydra tot die kapitaal van die koöperasie deur middel van 'n klein heffing in verhouding tot hul omset (aankope en/of verkope) by die koöperasie, in ruil vir hierdie bedrag ontvang lede dan sogenaamde "participation certificates", of dit kan ook geskied in die vorm van

84) Wet No.29 van 1939, art. 24(2).

85) Wet No.29 van 1939, art. 22(3)

obligasiesertifikate. Sulke sertifikate word uitgereik vir tydperke wat wissel van 5 tot 10 jaar en dit word daarna afge-los. Hulle dra 'n vaste rentekoers, of die rentekoers kan wissel om by die heersende diskontokoerse aan te pas.

Die fondse wat so ontvang word, kom in 'n spesiale "Ledeheffingsfonds" en kan vir enige doel binne die koöperasie aangewend word. Hoewel hierdie stelsel langsam werk in die verskaffing van die nodige fondse, bv. eers na 10 jaar die nodige fondse lewer, bied dit egter verskillende voordele:

- (a) Lede dra by in verhouding met die gebruik wat hulle maak van die onderneming. Dit gee hulle 'n groter belangstelling vir die onderneming.
- (b) Dit dra gewoonlik 'n vaste rentekoers.
- (c) Die bedrae is terugbetaalbaar op 'n spesifieke tyd en dus makliker realiseerbaar as aandele en reserwes.
- (d) Die bedrae kan 'n voorkeureis vorm by likwidasië - nadat skulde by gewone handelskrediteure vereffen is.
- (e) In geval van dood, of as 'n lid uittree uit die boerdery, kan aan terugbetaling van die obligasies of sertifikate voorkeur verleen word.
- (f) Elke geslag dra by tot die kapitaal van die onderneming en teer nie net op reserwes wat deur vorige geslagte opgebou is nie.
- (g) Selfs bedrae betaal bo die verpligte 1/10 per aandeel, kan na die fonds oorgedra word; en lede wat wil, kan vrywillig van hulle spaargelde daarin belê.
- (h) Met goedkeuring van die Registrateur kan selfs reserwes oorgeplaas word na hierdie fonds.

2. Lenings van Bankinstellings.

1. Wetlike bepalinge is opgeneem in die Wet van 1939⁸⁶⁾.

Hieruit volg dat die direkteure wel onafhanklik lenings vir 'n beperkte bedrag mag aangaan maar dat twee-derdes van die lede by 'n spesiale vergadering 'n groot lening moet goedkeur.

86) Wet No.29 van 1939, art. 23 en 25.

2. Die bronne waarvan die meeste gebruik gemaak word, is die volgende:

(i) Land- en Landboubank van Suid-Afrika.

Die Unieregering verleen deur middel van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika finansiële bystand aan koöperatiewe landbouorganisasies. Hierdie bank is opgerig in 1912, kragtens die bepalings van Wet no. 18 van 1912. Hierdie Wet is van tyd tot tyd gewysig. Wet No. 13 van 1944 is 'n gekonsolideerde Wet wat al die wysigings tot 1944 saamvat. 87)

Die bank is met regspersoonlikheid bekleed en bevoeg om as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree. Die bank is dus nie 'n departement van die Staat nie, alhoewel die Staat die bank van die nodige fondse vir langtermynlenings voorsien.

Die Landbank verskaf sowel lang- as korttermynkrediet aan koöperasies.

a. Langtermynlenings word verskaf vir die oprigting van geboue en die installering van masjinerie; dus vaste bates.

Kragtens die Landbankwet van 1944 kan koöperasies aansoek doen o.a. vir 'n lening wat terugbetaalbaar is „binne 'n tydperk, maar hoogstens 40 jaar, en in paaiemente, wat die Raad van die Land- en Landboubank bepaal" 88)

In die praktyk word hierdie lenings egter vir 'n tydperk van 10 jaar toegelaat met die doel om koöperasies in staat te stel om vaste bates soos grond, geboue, masjinerie, uitrusting ens. aan te skaf. Die lening is terugbetaalbaar in gelyke paaiemente van kapitaal en rente. Die huidige rentekoers op hierdie lening is $5\frac{1}{2}\%$.

As sekuriteit vir sulke lenings verwag die Bank gewoonlik verbande, sessies van onopbetaalde aandeelkapitaal en sessies van assuransiepolisse op die roerende en vaste bates.

87) Wet No.13 van 1944, art. 3(1).

88) Wet No.13 van 1944, art. 35 en 36.

b. Korttermynlenings of seisoenslenings word voorgeskiet om lede se produkte te betaal (ingeval van beheerde produkte) of om 'n voorskot daarvoor te verstrek wanneer die produkte by die koöperasie gelewer word.

Die Wet van 1944 magtig die Landbank om voorskotte te maak aan enige koöperatiewe vereniging of maatskappy. 89)
So 'n voorskot kan in die vorm van 'n kaskredietrekening wees.⁹⁰⁾

Wanneer so 'n kaskredietrekening deur 'n koöperasie oopgemaak word, word die koöperasie toegelaat om vir die duur daarvan geld uit die bank te trek of aan die bank terug te betaal, met dien verstande egter dat die totale bedrag op die rekening, aan die bank verskuldig, nie te enigertyd die maksimum bedrag deur die Raad vasgestel, oorskry nie. 'n Rekening van hierdie aard stem dus ooreen met 'n oortrokke rekening by 'n handelsbank.

Deur middel van hierdie rekenings word korttermynkrediet aan koöperasies hoofsaaklik verskaf vir doeleindes wat betrekking het op die ontvangs en verkoop van produkte, die aankoop van boerderybenodighede, bemestingstowwe, sakke ens., om in die behoeftes van die lede te voorsien.

Die tydperk van hierdie lenings hang af van die aard van die produkte maar is gewoonlik nie korter as 'n jaar nie. Rente word bereken op die daaglikse saldo. Die huidige rentekoers is $5\frac{1}{2}\%$ per jaar.

In watter mate hierdeur voorsien word in die kredietbehoefte op korttermyn, blyk uit die volgende syfers van seisoenslenings. In 1947 is aan koöperatiewe verenigings en maatskappye ruim £38-miljoen toegestaan en in 1954 ruim £96-miljoen. Sedert 1947 is die bedrag van die seisoenslenings dus ruim twee-en 'n half keer vergroot.

Hierdie kapitaal word nie slegs deur die Landbank self

89) Idem, art. 21(1)

90) Idem, art. 36(1)

verskaf nie, maar ook deur die ander banke. Op 31 Desember 1954 was daar bv. 'n oortrokke rekening by ander banke van £46,407,036, terwyl die bedrag uitstaande aan voorskotte aan koöperatiewe organisasies £63,967,423 bedra het. 91)

(ii) Handelsbanke voorsien ook vandag in 'n groot mate in die lang- en korttermynbehoefte van koöperasies, maar dit is nie die gewenste toestand nie, aangesien die banke nie daarvoor ingerig is om koöperasies te dien nie. Solank die surplus-fondse oorvloedig is, kan dit gaan, maar 'n tyd mag aanbreek wanneer krediet nie meer so maklik verkry kan word nie en die handelsbanke meer op hul likwiditeitsposisie sal let.

(iii) Lenings van lede word wel in 'n mate gebruik en koöperasies spoor hulle lede aan om geld aan hulle te leen, maar daar is 'n aantal beperkings op. Lenings vir redelike bedrae kan aanvaar word, mits dit vir 'n bepaalde tyd belê word. Sommige koöperasies reik obligasiesertifikate uit.

(iv) Obligasies. Dit gebeur nie dikwels dat obligasies uitgegee word nie, behalwe as sekuriteit vir lenings van lede.

4. LEEMTES IN DIE KREDIETVERSKAFFING.

Koöperasies voel dat daar leemtes bestaan, sowel ten opsigte van langtermyn- as korttermynkrediet soos verskaf deur die Landbank. Bygevolg staan hulle die afgelope paar jaar meer krities teenoor hierdie lenings van die Landbank en gaan dikwels liewers lenings aan by handelsbanke - selfs al moet hulle 'n effens hoër rentekoers betaal - om die volgende redes:

1. Vir Langtermynkrediet:

1) Die termyn van 10 jaar wat toegelaat word vir terugbetaling, is te kort.

2) Die sekuriteit wat vereis word, behels die volgende:

- a. Sessie van ingeskrewe, maar onopbetaalde aandelekapitaal, redelik verdeel onder lede van die maatskappy, tot 'n bedrag gelyk aan die volle bedrag van die

91) Staat van laste en bates van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika op 31 Desember 1954.

lening, plus 'n verdere bedrag van ingeskrewe maar onopbetaalde aandelekapitaal tot 'n bedrag van minstens vyftig persent van die lening.

b. Verbande en notariële verbande.

c. Sessie van skulde aan die maatskappy verskuldig.

d. Gesamentlike en afsonderlike waarborg deur direkteure van die maatskappy vir 'n bedrag van minstens £100 en hoogstens £500 volgens die bedrag van die lening toegestaan.

e. 'n Nominale bedrag van voorwaardelike aanspreeklikheid aan een of meer aandele geheg om aan die Wet te voldoen, indien sodanige voorwaardelike aanspreeklikheid nie reeds ten opsigte van seisoens- of ander lenings verskaf is nie. ⁹²⁾

3) Die laaste jare het die Landbank 'n beleid begin volg om nie meer so vryelik langtermynkrediet aan alle koöperasies te verskaf nie. Daar is ook besluit om geen nuwe lenings aan verwerkingskoöperasies te verstrek nie.

2. Korttermynkrediet:

Die leemtes verbonde aan hierdie metode van kredietverlening is kortweg die volgende:

- 1) Die sekuriteit vereis - identies met dié vir langtermynlenings.
- 2) Die Landbank skiet nie meer as 60% van die heersende markwaarde van die produkte voor nie, en is daarby uiters konserwatief met die skatting van die waarde.
- 3) Die tydperk van terugbetaling is vry kort, in sommige gevalle net twaalf maande.
- 4) Die voorskotte word te laat betaal om die produksie van die boer te finansier, want hy kry die bedrag eers nadat die produkte by die koöperasie gelower is. ⁹³⁾

Die gevoel het by die georganiseerde landbou en koöperasies ontstaan om 'n hervorming van die Landbank teweeg te bring, of 'n ander liggaam in te stel wat wel op 'n beter wyse

92) Rapport van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediete. Kaapstad 1934, (U.G. 16-'34), bls. 1.

93) Idem, bls. 150 en 151.

in al die kredietbehoefte sal voorsien.

Die koöperatiewe raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie het reeds geruime tyd aandag geskenk aan landboukrediet en die finansiering van koöperasies. ⁹⁴⁾ Pogings om die Landbank te omskep, sal blykbaar nie slaag nie, en daarom het die Koöperatiewe Kongres onlangs in beginsel die goedkeuring gegee aan die stigting van 'n nuwe inrigting om in hierdie behoeftes te voorsien.

Dit sal egter nog geruime tyd duur voordat die onderneming in werking gestel sal kan word. Aanvanklik is die gedagte om alleen voorsiening te maak vir die vorme van krediet waarvoor die Landbank nie voldoende voorsiening kan of wil maak nie.

5. SAMEVATTING.

By die voorsiening van landboukoöperasies in hul kapitaalbehoefte, word die aard en die omvang van die behoeftes hoofsaaklik bepaal deur die soort onderneming en die gevolgde finansiële beleid. Wetlike bepalinge gee vir elke soort koöperasie min of meer aan welke finansiële beleid gevolg kan word, met andere woorde, in welke mate van nuwe en of vreemde kapitaal gebruik gemaak kan word. Oor die algemeen word in die kapitaalbehoefte voorsien deur middel van aandelekapitaal, reserwes en geleende fondse.

Wat die laaste betref: by die geleende fondse tree die roterende kapitaalstelsel, 'n stelsel waarby kapitaal van lede vir 'n sekere periode in die onderneming aangewend word, die laaste tyd meer en meer op die voorgrond.

Die grootste gedeelte van die geleende kapitaal word egter nog van bankinstellings verkry. Hierdie lenings is meestal verdeel in lang- en korttermynlenings om by die wisselende behoeftes van die landboukoöperasies aan te pas.

94) Sien aanhangsel CA, bls. 52 van die Jaarverslag 1953, en bls. 65 van die Jaarverslag 1954 van die Koöperatiewe Raad.

Aangesien daar baie leemtes in die kredietverskaffingsstelsels bestaan, word op die oomblik deur die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie gewerk aan die verbetering en aanvulling van hierdie stelsels.

HOOFSTUK X

FINANSIËLE TOESTAND VAN DIE SENTRAAL-WES.

1. Algemene omskrywing van die doel en betekenis van finansiële state.

Die volgende, versigtig bewoorde omskrywing sit die doel en betekenis van finansiële state vir ons doel duidelik uiteen: „Financial statements are prepared for the purpose of presenting a periodical review or report by the management and deal with the status of the investment in the business and the results achieved during the period under review. They reflect a combination of recorded facts, accounting conventions and personal judgement, and the judgements and conventions applied affect them naturally. The soundness of the judgements necessarily depends on the competence and integrity of those who make them and on their adherence to generally accepted accounting principles and conventions". 95)

2. Opsomming van die Balansstate, 1947-1948 tot 1954-1955.

Die finansiële stabiliteit van die koöperasie blyk uit die onderstaande opsomming van die balansstate van die jongste agt jare.

TABEL 15

Opsomming balansstate van 1947/48 tot 1954/55.

	1947-48	1948-49	1949-50	1950-51
Vaste bates	503,973	574,410	630,561	678,912
Bestendige bates	113,954	234,112	224,155	299,153
Vlottende bates	2,827,358	4,753,476	2,445,326	5,394,026
Totale bates	3,445,285	5,561,998	3,300,042	6,372,091
Betaalbare laste	3,094,291	5,133,993	2,968,917	6,024,800
Surplus bate bo laste	350,994	428,005	331,125	424,291

95) Examination of financial statements by independent public accountants, Bulletin prepared and published by the American Institute of Accountants, 1936, bls. 1.

	1951-52	1952-53	1953-54	1954-55
Vaste bates	702,336	781,044	838,854	938,240
Bestendige bates	432,641	419,139	446,315	554,533
Vlottende bates	6,343,636	4,352,478	7,054,906	8,504,075
Totale bates	7,478,613	5,552,661	8,359,075	10,131,848
Betaalbare laste	7,026,658	5,089,890	7,769,940	9,177,320
Surplus bate bo laste	551,955	567,771	709,134	954,528

'n Oorsig van hoe die surplus bate bo laste saamgestel is, word in die volgende tabel gegee.

TABEL 16

Surplus bate bo laste, 1947-48 tot 1954-55.

	1947-48	1948-49	1949-50	1950-51
Opbetaalde aandele	69,423	71,543	73,233	68,500
Reserwes	167,974	216,950	112,644	192,289
Heffingsfonds	113,597	139,512	145,248	163,502
	350,994	428,005	331,125	424,291
	1951-52	1952-53	1953-54	1954-55
Opbetaalde aandele	66,688	64,734	63,622	62,921
Reserwes	298,071	319,173	445,434	670,703
Heffingsfonds	187,196	183,864	200,078	220,904
	551,955	567,771	709,134	954,528

Bostaande tabel stel die leser in staat om te oordeel hoe die netto waarde van die fondse van die maatskappy vermeerder het van £350,994 in 1947 tot £954,528 in 1955. Hierdie vermeerdering is grotendeels toe te skrywe aan die toename van die reserwes en die heffingsfonds en nie aan die opbetaalde aandeelkapitaal wat selfs enigszins afgeneem het nie.

- Opsomming van die vernaamste balansposte van die boekjaar 1953-54 en vergelyking daarvan met 'n soortgelyke opsomming vir alle spesifieke mieliekoöperasies.

TABEL 17

Vergelykende Statistiek ten opsigte van die vernaamste
Balansposte van landboukoöperasies in Suid-Afrika
vir die boekjaar geëindig 30 Junie 1954 96)

Balansposte	Landbou- Koöperasies	Mielie- Koöperasies	Sentraal-Wes
Totale laste:	91,426,683	21,550,383	8,276,740
Opbetaalde aandelekap.	5,624,517	364,921	63,622
Reserwes	21,995,489	1,167,743	325,434
Onaangewende wins	2,792,263	42,408	-
Langtermynlenings	7,144,538	2,113,553	1,068,276
Korttermynlenings	36,889,391	16,044,250	6,229,245
Krediteure	16,980,485	1,817,508	590,163
Totale bates:	91,426,683	21,550,383	8,276,740
Vaste bate	23,488,375	2,787,758	1,285,168
Vlottende bate	67,471,459	18,762,625	6,991,512
Netto wins	3,939,629	562,178	176,387
Netto verlies	121,559	11,582	-
Totale omset:	211,365,522	46,100,973	17,323,421
Landbouprodukte	177,009,421	34,848,555	13,732,748
Boerderybenodighede	29,504,647	9,119,510	2,799,917
Dienste	4,851,454	2,132,908	790,756
Koöperasies, beperk	258	7	1
Koöperasies, onbeperk	10	-	-
Totale	245,301	34,500	11,800

In bostaande tabel is die balanstotale vir alle landbou-koöperasies opgeneem, en 'n algemene indruk van die finansiële posisie van die landboukoöperasies kan hieruit gevorm word. Aangesien hierdie totale geen juiste vergelykingsbasis vorm om die syfers van die Sentraal-Wes aan te toets nie - daar is te veel soorte koöperasies -, is die totale van die sewe mieliekoöperasies afsonderlik opgeneem.

As aangeneem word dat die finansiële toestand van die mieliekoöperasies gesond is (die verlies van £11,582 buite beskouing gelaat), dan gee hierdie totale 'n vergelykingsbasis

96) Die tabel is ontleen aan gegewens verstrek deur die Kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

om die posisie van die Sentraal-Wes nader te ontleed.

Hierdie vergelyking moet geskied op die basis van die aantal aangeslote lede. 97)

Die mieliekoöperasies het 34,500 lede; hiervan is 11,800 lede van die Sentraal-Wes. Dit is min of meer een derde van die totaal. Met ander woorde, as die relatiewe posisie van die Sentraal-Wes nagegaan word op basis van die aangeslote ledetal, dan moet die balanstotale min of meer een derde wees van die totale vir die mieliekoöperasies gesamentlik.

As dus op hierdie benaderingsbasis 'n vergelyking gemaak word, dan blyk ten eerste dat die opbetaalde aandelekapitaal besonder laag is en in wese verdubbel behoort te wees. Die reserwes is min of meer eweredig, hoewel aan die lae kant. Die totaal van die langtermynlenings is hoog, amper die helfte van die totaal. Die korttermynlenings is eweredig as in aanmerking geneem word dat die pos landbouprodukte baie groter is as een derde van die totaal. Die vaste bate van die Sentraal-Wes is iets meer as die helfte van die totaal (vgl. langtermynlenings). Die vlottende bate is ook meer as een derde. Die netto wins is eweredig. Die verkoopte boerderybenodighede is, gesien die vergelykingsbasis, £200,000 te laag. Die bewese dienste wat, behalwe die direk gelewerde, hoofsaaklik bestaan uit die opbergings- en hanteringsvergoeding, is eweredig. Die totale omsat vergelyk baie gunstig met die totaal. 98)

4. FINANSIERINGSKEMA VIR DIE BOEKJAAR 1953-54.

Dit is moeilik om die finansiering van elke bate presies afsonderlik te bepaal in 'n saak soos hierdie, maar onderstaande skema is so korrek moontlik opgestel om die leser 'n insig te gee hoe hierdie spesifieke koöperasie gefinansier word.

97) Dit is wetlik nie toelaatbaar om die finansiële toestand van 'n koöperasie sonder toestemming van die Raad van Direkteure te publiseer nie.

98) Hoewel die omsat van die Sentraal-Wes ruim £18-miljoen bedra, was dit nie moontlik om die juiste bedrag in te reken nie. Aangesien die totaal vir al die mieliekoöperasies dus ook te laag is, maak dit nie baie saak in hierdie uiters globale vergelyking nie.

Finansieringskema:

A. Vaste bates	£1,264,247
Aandeelbesittings	20,921
	<u>£1,285,168</u>

Hierdie bate is as volg finansier:

Landbank vaste boulening	£ 881,691
Aandelekapitaal	63,622
Res. Hernuwing & Verplasing	
Kapitale bates	10,000
Algemene reserwe	100,000
Lede-heffingsfonds	29,777
Heffingsfonds	200,078
	<u>£1,285,168</u>

Handelsvoorrade en Debiteure:

B. Handelsvoorrade	£1,082,715
Div. Deb. en debiet- balanse	1,466,509
	<u>£2,549,224</u>

Hierdie bate is as volg finansier:

Oortrokke rekening:	
Volkskas	£ 424,609
Landbanklening	1,181,561
Maalbedryflening	-
Handelskrediteure	550,765
Reserwe vir toevallighede	215,434
Lede-heffingsfonds	137,459
Voorsiening vir aansui- wering op oeste	39,396
	<u>£2,459,224</u>

Ander vlottende bates:

C. Oeste onafgehandel	<u>£4,419,819</u>
-----------------------	-------------------

Hierdie bate is as volg finansier:

Oeslening Landbank	£4,331,178
Voorsiening vir aansui- wering op oeste	
Oortrokke bankrekening	88,640
	<u>£4,419,818</u>

5 Bespreking van ekele Balansposte.

1. Aandelekapitaal.

Op 31 Mei 1955 het die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy op £385,218 gestaan, terwyl die opbetaalde kapitaal £62,921 beloop het.

Die onopbetaalde kapitaal is gesedeer aan die Land- en Landboubank as kollaterale sekuriteit op teenswoordige en toekomstige lenings.

Aangesien die aandelekapitaal so'n belangrike finansierings- en sekuriteitsbron by lenings uitmaak en die neiging by die lede bestaan om so min moontlik aandele uit te neem - die eerste aandeel in die onderneming gee die lid al die voorregte -, het die maatskappy in sy statuut die volgende verpligtings gestel: 99)

"Elke lid is verplig om vyf-en-twintig aandele in die maatskappy te besit as die totale waarde van sy sake met die maatskappy gedurende die onmiddellike voorafgaande boekjaar nie meer as die som van £100 beloop nie, en dertig aandele as die waarde van sulke sake meer as die som van £100 beloop." Wanneer dit blyk, dat enige lid nie die minimum getal aandele hou ooreenkomstig hierdie skaal nie, kan die Raad van Direkteure aan hom, sonder dat hy 'n aansoek daartoe ontvang het, voldoende aandele toeken om sy aandele te bring tot die vereiste minimum, en 2/- van die nominale waarde van elkeen van die aandele aldus toegeken, is na toekenning betaalbaar; en die saldo is betaalbaar ooreenkomstig Art.5 van die statuut. 100) In Art.5 word ook gesê, dat die nominale waarde van elk aandeel £1 is, waarvan een tiende betaalbaar is by aansoek en die balans in sulke paalemente en op sulke datums, tye en plekke, as wat deur die direkteure bepaal mag word.

99) Art.16A van die Statuut van die Maatskappy.

100) Enige lid is, nieteenstaande die bepalings van hierdie artikel, geregtig om, onderhewig aan die goedkeuring van die Raad, meer aandele te besit as die getal aan hom toegeken onder hierdie verpligtingsartikel.

Die aandelekapitaal bestaan uit 385,218 aandele (31 Mei 1955). Die ledetal bedra in hierdie jaar 11,833. Dit kom neer op 32.5 aandele per lid. Die totale opbetaalde bedrag is egter £62,921, wat neerkom op ongeveer £5.6.- per lid. Wanneer hierdie berekening op die voorafgaande jare toegepas word, dan blyk hieruit dat, hoewel die aandele besit per lid sedert 1939 geleidelik toegeneem het, die opbetaalde bedrag daarenteen 'n geleidelike afname per lid vertoon. (Sien tabel no. 18).

TABEL NO.18

Verdeling van Aandelekapitaal, 1937-1938 tot 1954-1955.

Boekjaar	Aandele- kapitaal	Opbetaal £	Ledetal	Gemiddeld opbet. p. lid	Aantal aand. per lid
1937-38	9,838	997	1,788	£ 11. -	10
-39	64,873	47,529	3,299	14. 8. -	20
-40	94,985	50,303	4,409	11. 8. -	21.5
-41	105,736	51,442	5,154	10. -. -	25
-42	115,186	48,929	5,662	8.13. -	20
-43	129,220	48,944	6,486	7.10. -	20
-44	145,250	50,382	7,315	6.17. -	20
-45	168,297	51,906	8,238	6. 6. -	20.5
-46	210,663	56,016	9,214	6. -. -	22.8
-47	242,741	59,075	10,173	5.16. -	23.8
-48	347,552	69,423	10,929	6. 7. -	31.8
-49	377,451	71,543	12,002	5.19. -	31.5
-50	404,192	73,233	12,963	5.14. -	31.2
-51	386,773	68,500	12,279	5.11. -	31.5
-52	388,441	66,688	12,386	5. 8. -	31.3
-53	385,374	64,734	12,363	5. 4. -	31.1
-54	384,512	63,622	11,737	5. 8. -	32.7
-55	385,218	62,921	11,833	5. 6. -	32.5

2. Reserwes: Die reserwes van die Sentraal-Wes is die volgende: (31 Mei 1955)

Algemene reserwe	£105,703
Heffingsfonds	220,904
Reserwe vir waardevermindering vir voorrade	80,000
Reserwe vir moontlike slegte skulde	55,000
Reserwe vir toevallighede	300,000
Reserwe vir hernuwing en verplasing van kapitale bates	30,000
Administrasie gelykstellingsfonds	100,000
	<u>£891,607</u>

Onder die algemene reserwe kan vir praktiese doeleindes die heffingsfonds ingesluit word.

Meesal is die opbou van die algemene reserwefonds maar moeilik vanweë die klein jaarlikse winste wat oor die algemeen deur die koöperasie gemaak word. Die heffingsfonds begin 'n belangrike rol in die finansiering van die koöperasie speel, en wel omdat die bydrac tot hierdie fonds verpligtend vir lede is. 101) Die tempo waarteen hierdie fonds opgebou word, gee 'n taamlik goeie aanduiding van die mate waarin die koöperasie besig is om finansieel selfstandig te word.

'n Oorsig van die toename van hierdie fonds en die reserwefonds vir die Sentraal-Wes word saamgevat in tabel no.19.

TABEL 19

Oorsig van Reserwe- en Heffingsfonds
1937-38 tot 1954-55

Boekjaar	Reserwes (met inbegrip van Heffingsfonds)	Heffingsfonds
1937-38	£ 20,685	£ 18,376
-39	47,509	23,508
-40	71,305	34,747
-41	88,810	41,477
-42	94,764	50,279
-43	111,011	57,200
-44	162,850	71,644
-45	206,129	81,735
-46	222,855	92,451
-47	226,759	100,331
-48	280,511	113,597
-49	356,462	139,512
-50	258,741	145,248
-51	355,793	163,502
-52	485,267	187,196
-53	503,029	183,864
-54	645,512	200,078
-55	891,607	220,904

101) Art.76 van die statuut van die Maatskappy, agterin.

Die roterende kapitaalstelsel.

Omdat die opbetaalde gedeelte van die aandelekapitaal slegs 'n klein gedeelte van die uitgereikte aandelekapitaal uitmaak, is verskillende metodes ter aanvulling van die bedryfskapitaal bespreek, tot daar uiteindelik deur lede op 'n vergadering besluit is om 'n ledeheffingsfonds in te stel, waardeur die bedryfskapitaal van die maatskappy aansienlik aangevul kan word sonder om 'n ernstige las op die lede te plaas. In die statuut van die Maatskappy word die werking van hierdie fonds duidelik uiteengesit. ¹⁰²⁾ Van 1 November 1952 af betaal elke lid 'n heffing van 6d. op elke sak graan deur hom aan die maatskappy gedurende die boekjaar gelewer. Die bedrae aldus van lede ingevorder, word in 'n spesiale fonds, genoem „Ledeheffingsfonds“, in die naam van elke lid afsonderlik gestort, welke fonds jaarliks gekrediteer word met rente teen 'n koers van hoogstens 5% per jaar, wat van jaar tot jaar deur die Raad van Direkteure vasgelê word.

Op 25 Mei 1955 het hierdie fonds £329,854 bedra teen £167,235 in 1954 en £26,545 in 1953. Dit kom dus neer op 'n gemiddelde bydrae van ruim £26 per lid vir die drie jaar wat hierdie fonds in werking is.

Verwag word dat die ledeheffingsfonds, waarop tans 5% rente betaal word, oor enkele jare ongeveer ses- tot sewehonderduisend pond sal beloop. Hierdie bedrag sal dan aangewend kan word vir doeleindes waarvoor geen geld van die Land- en Landboubank verkry kan word nie. 'n Aansienlike bedrag hiervan is reeds aangewend om die bou van nuwe loodse en die aankoop van gereedskap te finansier.

3. Lening.

Dit is die beleid van die Raad van Direkteure van die Sentraal-Wes om lenings vir sowel 'n lang as 'n kort termyn slegs by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika op te neem.

102) Art.78a van die statuut van die Maatskappy, agterin.

Hierdie beleid is gevolg van die oprigting van die Bank in 1912 af.

Die lenings wat ontvang word, neem die vorm aan van:

a. Langtermynlenings vir die oprigting van geboue soos pakhuise, of vir die verskaffing van toerusting vir die behandeling of verwerking van die produkte wat van die lede ontvang is.

Die vaste boulening van die Sentraal-Wes bedra ruim £676,418 (31 Mei 1955). As sekuriteit vir sulke lenings verwag die Bank gewoonlik verbande, sessies van onopbetaalde aandelekapitaal en sessies van assuransiepolis oor die roerende en vaste bates.

b. Korttermyn- of seisoenslenings word voorgeskiet eers tens om lede se produkte te betaal, as die produkte onder die beheerraad val, of 'n voorskot daarvoor te verstrek wanneer die produkte by die koöperasie gelewer word, en vervolgens om plaasbenodighede aan te koop om aan die lede te verskaf.

Reeds eerder is daarop gewys dat hierdie lenings in die vorm van „kontant kredietrekenings" verstrek word en 'n soort oortrokke bankrekening of 'n lopende rekening is, en dat die rente op die daaglikse balans bererken word.

Die tydperk van hierdie lenings hang af van die aard van die produkte maar is gewoonlik nie korter as 'n jaar nie. Rente word bererken op die daaglikse saldo. Die huidige rentekoers is $5\frac{1}{2}\%$ per jaar. Die lenings wat opgeneem word, word verdeel in:

- (i) lenings vir somergewasse en
- (ii) lenings vir wintergewasse.

Op die algemene ledevergadering word beslis oor die bedrae waarvoor 'n lening aangevra sal word. Dit spreek vanself dat hierdie bedrae nie altyd noukeurig kan wees nie, aangesien hulle op 'n skatting van die behoeftes vir die toekomstige oesjaar berus; bygevolg is dit soms nodig om 'n addisionele lening aan te vra. Die beramings word meesal 'n jaar vantevore gemaak.

Hieronder volg 'n opgawe van die maksimum bedrae aangevra, en toegestaan deur die Land- en Landboubank vir somer- en wintergewasse, en die bedrae wat werklik opgeneem is vir die finansiering van die mielie- en koringaankope gedurende die afgelope 16 jaar.

TABEL 20

Korttermynlenings 1938-39 tot 1954-55

Boekjaar	Somergewasse		Wintergewasse	
	Toegestaan	Opgeneem vir mielies alleen	Toegestaan	Opgeneem vir koring alleen
1938-39	£ 400,000	£ 462,592	£ 750,000	£ 208,631
40	800,000	940,769	400,000	218,993
41	800,000	718,132	500,000	283,755
42	1,000,000	933,622	500,000	159,097
43	2,250,000	1,024,902	750,000	923,371
44	2,750,000	2,846,672	1,500,000	1,015,730
45	2,750,000	2,706,246	1,500,000	195,478
46	4,000,000	3,086,430	1,500,000	90,944
47	3,500,000	1,986,928	4,000,000	1,210,000
48	4,000,000	3,193,023	3,000,000	1,347,795
49	5,000,000	5,934,724	3,000,000	1,313,302
50	5,000,000	1,093,716	3,000,000	798,864
51	7,500,000	6,406,009	4,000,000	3,279,796
52	10,000,000	8,031,399	4,000,000	3,632,855
53	8,000,000	2,732,775	4,000,000	2,258,735
54	10,000,000	10,318,229	4,000,000	1,916,786
55	10,000,000	12,973,105	3,250,000	1,436,647


Hoewel die maksimum toegestane bedrae in werklikheid nie baie belangrik is nie, blyk hieruit duidelik die groot toename in die geskatte finansieringsbehoefte van die Maatskappy.

6. Omvang en aard van die kredietbehoefte.


Om die bestuurder en die Raad van Direkteure 'n insig te gee in die omvang van die kredietbehoefte gedurende die boekjaar, word deur die lederekeningsafdeling maandeliks 'n opgewaardeerde verslag van die verkope op krediet aan lede asook voor uitbetalings gemaak t.o.v. graan ontvangste. Verder

GRAFIEK NO. 5^A

UITSTAANDE SKULDE 1948-52



GRAFIEK No. 5 UITSTAANDE SKULDE 1952-56



LYS VAN BALANSE SOOS OP 25/9/54 VERSKULDIG TEN OPSIGTE VAN UITSTAANDE BALANSE OP 31/5/54

Saksie	Uitstaande 31/5/54	100% Heffing	Soos uitstaande op 25/9/54	¹ Sakke	² Gereedskap	³ Kunsmis	⁴ Diverse
1	89,070. 4. 9	502.10. 3	2,977. 1. 9	245. 4. 9	2,521.17. 7	2. 5. 2	207.14. 3
2	114,734.16. 3	831.12. 2	7,202.18. 6	164. 4. 3	6,409.13.11	158. 0. 0	471. 0. 4
3	123,213. 9.11	576. 3. 4	4,294. 2. 8	71.15. 6	2,181. 2.10	111.14.10	1,929. 9. 6
4	154,837.10. 6	805.13. 5	5,175. 0. 9	490. 9. 5	4,432. 9. 0	194. 0.11	58. 1. 5
5	121,230. 8. 2	304. 3. 1	3,769. 8. 8	237. 9. 9	2,877. 7.11	170.16. 6	483.14. 6
6	110,820.13.11	509.16. 5	4,457.17.11	444.14. 3	2,519. 6. 1	672.12.10	821. 4. 9
	£713,907.11. 6	£3,580. 4. 0	£27,876.10. 3	£1,653.17.11	£20,941.17. 4	£1,309.10. 3	£3,971. 4. 9

MIN:

Mei 1949 Balanse nog	111.15. 8	1,152. 7. 6
verskuldig	3,468. 8. 4	26,724. 2. 9.
Mei 1950 Balanse nog	3. 2	16. 5. 8
verskuldig	3,468. 5. 2	26,707.17. 1
Mei 1951 Balanse nog	34.15.10	237.14.11
verskuldig	3,433. 9. 4	26,470. 2. 2
Mei 1952 Balanse nog	106.17. 0	1,558. 4. 6
verskuldig	3,326.12. 4	24,911.17. 8
Mei 1953 Balanse nog	219. 4. 0	2,849. 5. 2
verskuldig	3,107. 8. 4	22,062.12. 6
Min beskikbare Heffing	3.107. 8. 4	

Netto bedrag van £18,955. 4. 2 dus nog t.o.v. finansiële jaar geëindig Mei 1954 uitstaande op 7/10/54.

toon die staat aan: die opbrengs van graanlewerings en die bedrag ontvang vir afbetalings vir kredietaankope deur lede maak.

Die saldo van hierdie staat gee, tesame met die balans uitstaande aan die begin van die maand, die bedrag wat uitstaande is aan die end van die maand.

Wanneer hierdie maandelikse balanse in 'n grafiek weergegee word vir enkele agtereenvolgende jare, word 'n vry duidelike beeld verkry van die omvang van die behoeftes (grafiek 5A en 5B).


Uit die grafiek kan gesien word dat die behoeftes gedurende die twee oesperiodes, nl. dié van somer- en wintergewasse, aansienlik verskil, en nie alleen dit nie, maar daar is ook groot verskille van jaar tot jaar al na gelang van die omvang van die oeste. Om die uitstaande balans aan die einde van 'n maand nader onder te verdeel, is moeilik. Dit word deur die koöperasie alleen gedoen aan die einde van September elke jaar t.o.v. balanse dan nog verskuldig soos op 31 Mei van daardie jaar. 'n Afskrif vir September 1954 is hieronder weergegee. (Vgl. die bylae hierteenoor).

Bostaande het hoofsaaklik betrekking op die behoeftes aan korttermynkrediet. Aandag sal nou geskenk word aan die omvang van die kredietverlening deur die maatskappy aan sy lede.

Soos eerder genoem, maak artikel 77 van die statuut van die Sentraal-Wes voorsiening vir die verkoop van landbouwerktuie, masjinerie en ander boerderybenodighede op krediet aan lede, mits die bedrae aan die maatskappy verskuldig ten opsigte daarvan, nie 100% van die lid se persoonlike bydrae tot die heffingfonds oortref nie.

Aangesien die grafiek wel die omvang van die Heffingfonds aangee maar nie die omvang van die kredietaankope as sodanig nie, is dit in besonderhede weergegee vir 17 maande in die newegaaende tabel en grafiek.

GRAFIEK NO. 6
VERKOPE OP KREDIET 1954-'55



TABEL 21.

Verkope op krediet aan lede.

(Mei 1954 - Sept. 1955)

Maand	Gereedskap	Kunsmis	Sakke	Totaal	100%-II.Fonds.
Mei	122,602	13,887	328,603	465,092	198,983
Junie	94,329	43,527	282,526	420,382	201,327
Julie	70,457	26,158	158,192	254,807	204,460
Augustus	114,094	28,218	117,217	259,529	211,390
September	105,105	23,652	29,900	151,657	221,563
Oktober	130,142	26,877	455	157,474	225,789
November	131,894	13,765	24,531	170,190	221,150
Desember	88,642	6,202	15,740	110,584	221,115
Januarie	99,499	2,566	2,341	104,406	221,809
Februarie	76,661	10,127	190	86,978	221,733
Maart	79,526	6,661	1,282	87,469	204,761
April	84,437	11,205	12,047	107,689	221,730
Mei	119,307	27,301	186,251	332,859	221,825
Junie	86,356	40,066	267,184	393,606	222,422
Julie	69,147	41,555	179,383	290,085	226,768
Augustus	117,501	36,562	144,988	299,051	236,580
September	116,297	32,349	25,069	173,715	242,317

Grafiek No.6

Die hier gebruikte skaal is te klein om die kunsmisverkope in rekening te bring, maar soos uit die tabel gesien kan word, vind die meeste verkope plaas in die maande Mei tot Desember. Die verkope van gereedskap skommel gedurende die jaar tussen £70,000 en £130,000. Die verkoop van sakke, daarenteen, daal skielik van £328,000 in Mei tot £455 in Oktober, met 'n kleine oplewing in November, om daarna in Mei weer skielik te styg.

Hoewel die totale verkope op krediet gedurende die boekjaar 1954-55 £2,244,024 bedra, is dit gemiddeld per maand minder as £200,000 en dus laer as die 100%-heffingfonds, wat gemiddeld £216,000 bedra.

7. Die Wins-en-Verlies-rekening.

Alvorens die wins-en-verliesrekeninge van die koöperasie sedert die oorgang van koöperatiewe vereniging na koöperatiewe maatskappy behandel word, val 'n paar opmerkings te maak ter bepaling van wat hier onder bruto en netto wins of verlies verstaan word.

Onder bruto wins of verlies word hier verstaan, die wins of verlies wat oorbly nadat alle direkte koste teen die departementele wins-en-verliesrekeninge in berekening gebring is, maar voordat die toedeling van die hoofkantooradministrasiekoste gemaak is. Nadat alle indirekte koste en hoofkantooradministrasiekoste in die algemene wins-en-verliesrekening in berekening gebring is, bly daar die netto wins of verlies oor.

Die verskil tussen hierdie twee bedrae gee dus die hoofkantoor administratiewe en indirekte koste. Die laaste geld egter alleen vanaf 1952. Voor 1952 was daar nog geen toedeling van die direkte koste teen die departementele wins-en-verliesrekeninge nie. Om hierdie redes is daar in 1952 plotseling 'n skerp daling in die bruto wins en die koste, soos uit die volgende tabel blyk.

TABEL 22

Oorsig van Wins, Verlies en Algemene Koste.
(1937-38 tot 1954-55)

Boekjaar	Bruto W. of V.	Netto W. of V.	Administr. in-direkte koste
1937-1938	£ 30,602	£ 5,194	£ 25,408
39	37,909	5,233	32,676
40	67,519	14,835	52,684
41	67,899	11,948	55,951
42	86,126	18,538	67,588
43	87,537	17,478	70,059
44	143,807	38,709	105,098
45	189,162	43,033	146,129
46	158,252	19,179	139,073
47	164,387	9,598	154,789
48	314,691	67,020	247,071
49	427,508	80,759	346,749
50	215,578	104,022	319,600
51	472,033	84,699	387,334
52	218,635	117,582	101,053
53	117,521	28,232	89,289
54	289,804	176,387	113,417
55	394,294	258,640	135,654

Die verlies van £104,000 in 1950 is hoofsaaklik te wyte aan die mislukking van die mielie-oes in daardie jaar. 'n Normale oes vir daardie jaar moes ongeveer 4-miljoen sakke mielies bedra, wat 'n inkomste van ongeveer £330,000 sou inbring het. In die verliesjaar is slegs ongeveer 1 $\frac{3}{4}$ -miljoen sakke mielies gehanteer, waarop 'n netto inkomste van slegs £80,000 verdien is.

In die verlede het die Raad van Direkteure met die oog op sulke gebeurlikhede 'n konserwatiewe beleid gevolg en 'n spesiale gebeurlikheidsreserwe opgebou, wat groot genoeg was om die hele verlies op te neem. Die bestendigheid van die maatskappy moet ingerig wees om, van 'n administratiewe standpunt sowel as van die kant van kapitale bates, minstens 'n normale oes van sy lede te kan hanteer. Staande koste van

hierdie dienste kan dus nie in 'n swak jaar verminder word nie, terwyl die inkomste wel ernstig mag daal.

TABEL 23

Bruto omset en netto winspersentasie van die Maatskappy
(1937-38 tot 1954-55)

Boekjaar	Omset £	% netto wins
1937-38	607,110	0.8
39	771,302	1.9
40	1,236,323	0.9
41	1,375,352	1.3
42	1,842,471	0.9
43	1,504,757	2.5
44	4,402,241	0.9
45	3,260,589	1.1
46	4,360,757	0.4
47	3,682,928	0.2
48	5,908,147	1.1
49	12,126,832	0.6
50	8,366,303	-
51	11,699,430	0.7
52	18,185,387	0.6
53	12,531,635	0.2
54	18,273,587	0.9
55	21,468,517	1.2

Wanneer die bruto omset van die maatskappy vergelyk word met die netto wins, dan kan gesien word dat die persentasie netto wins van die bruto omset maar baie klein is.

Administrasie-en Indirekte koste.

Soos gesien, is in 1952 'n begin gemaak met die toerekening van koste aan die verskillende departementele afdelings. Op die finale rekenings van die laaste jare word net administratiewe en indirekte koste van die hoofkantoor gewys. Dit is om hierdie redes dat dit moeilik is om vergelykings met voorgaande jare te maak.

Van 1945 tot 1952 het die administratiewe koste gemid-

deld 3.7% van die omset bedra. Vir die jare 1952 tot 1955 is dit respektiewelik 0.55%, 0.71%, 0.62% en 0.63%.

Lopende Koste.

Die lopende koste van die maatskappy word betaal uit die onaangewende wins van die vorige jare en uit die hanterings- en opbergingsvergoeding wat van die beheerrade ontvang word nadat die graan verspoor is.

8. Samevatting.

Die finansiële toestand van die Sentraal-Wes toon 'n merkbare verbetering in vergelyking met dié van 'n tiental jare terug.

Die netto waarde van die fondse van die Maatskappy het sedert 1947 amper verdrievoudig. Hoewel die opbetaalde aandelekapitaal enigsins afgeneem het met die in werking tree van die roterende kapitaalstelsel, waartoe elke lid nou gemiddeld reeds ruim £26 bygedra het, het die bydrae van elke lid tot die finansiering van die koöperasie gestyg tot 'n gemiddelde van byna £32., as die gemiddelde opbetaalde aandelekapitaal in aanmerking geneem word. 'n Verdere £18 per lid kan nog bygetel word vir die lede se bydrae tot die Heffingsfonds. Dit bring die bedrag waarmee die gemiddelde lid finansiëel by die Maatskappy geïnteresseer is op ongeveer £50 in 1955, en dit teen £16 in 1947. Hoewel hierdie syfers 'n mooi vooruitgang toon, het die kapitaalbehoefte egter aansienlik vermeerder. 'n Indruk hiervan kan uit tabel 16 gevorm word deur te let op die bedrae opgeneem aan korttermynkrediet van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, Beperk, en uit die oorsig van die uitstaande skulde weergegee in grafiek 5.

Tabel 19 toon die bruto omset van die Maatskappy in vergelyking met die netto winspersentasie sedert 1938; gesien kan

word dat, hoewel die omset aansienlik vermeerder het, die maatskappy in sy finansiële beleid nie van die koöperatiewe beginsel, nl. om diens te lewer vry van enige koste behalwe die noodsaaklike, afgewyk het nie.

AFDELING D

DIE FUNKSIONERING VAN DIE KOÖPERASIE:

BEOORDELING

HOOFSTUK XI

Die funksionering van die Sentraal-Wes as Landboukoöperasie.

Nou dat die Sentraal-Wes in sy funksionering as landboukoöperasie onder die oog gekom het, dring enkele opmerkinge hulself na vore. Weliswaar is hier en daar reeds 'n kort bespreking van bepaalde feite en/of verskynsels opgeneem, dog dit was terloops; die werkswyse was hoofsaaklik beskrywend. In die volgende paragrafe volg egter 'n aantal opmerkinge van beoordelende aard.

1. Funksies van Landboukoöperasies in die algemeen.

Hoewel landboukoöperasies oorspronklik gestig is om die lede se produkte gesamentlik en dus voordeliger te bemark, het die meeste koöperasies hul funksies aansienlik uitgebrei, met die gevolg dat ander funksies ook belangrik geword het. Die belangrikste funksies kan soos volg opgesom word:

- a) die bemarking van lede se produkte;
- b) die voorsiening van dienste in verband met die bemarking van produkte;
- c) die verwerking van lede se produkte verby die stadium waarin dit gewoonlik bemark word;
- d) die verkoop van benodighede; en
- e) die lewering van dienste in verband met die aankoop en onderhoud van landbougereedskap.

Waar in die voorgaande al hierdie funksies beskryf is, wil ek hier enkele opmerkinge dienaangaande maak wat die Sentraal-Wes betref.

By die bemarking van lede se produkte en die voorsiening van dienste in verband met die bemarking van produkte, kom kompetisie en massahantering sterk onder die aandag. In die gewone handelswêreld word konkurrensie as 'n gesonde verskynsel beskou. Daar word aangevoer dat dit die doeltreffendheid van die koop en verkoop bevorder en daarom neig om pryse te laat daal deur die vermindering van winsgrense. In die koöperatiewe handel word dit egter sterk afgekeur dat koöpera-

sies met mekaar meeding. Die winsmotief speel hier geen rol nie en konkurrensie sal neig om hanterings- en opbergingskoste te verhoog. Aangesien koöperasies so goed as teen kosprys werk, sal duplisering van dienste in 'n bepaalde streek groter uitgawes meebring as in die geval van massahantering van produkte deur een koöperasie. Om konkurrensie en dus duplisering van dienste in 'n bepaalde gebied te voorkom, word net een koöperasie vir 'n besondere produk in 'n bepaalde streek toegelaat. In en om die gebied waarin die Sentraal-Wes optree, is verskillende ander koöperasies werkzaam, maar hulle het hul eie werkterrein. Die voordele aan hierdie sisteem verbonde, is kortliks die volgende:

Deurdat landboukoöperasies op 'n bepaalde gebied moet spesialiseer, sal hulle ook die mees doeltreffende diens en die beste produk kan lewer. Spesialisasie stel byvoorbeeld die Sentraal-Wes in staat om die hantering en opberging van produkte op groot skaal ter hand te neem. Dit verminder die eenheidskoste van hantering en opberging.

Konklusie: in jare waarin 'n swak oes deur die maatskappy gehanteer is, het duidelik geblyk dat die hanterings- opbergings- en andere koste toeneem. Massahantering is dus voordeliger en stel die koöperasie beter in staat om dienste in verband met die bemarking van lede se produkte te lewer. Die kosprys van die diens verminder vanselfsprekend met die omvang daarvan.

Wat die verwerking van lede se produkte verby die stadium waarin dit gewoonlik bemark word betref, kan ons opmerk: Oorspronklik het die koöperasie daarna gestrewe om ordelike bemarking te bevorder, maar teenswoordig is die moontlike hoër opbrengs wat die produsent kan kry deur dat die koöperasie die produkte verwerk of bewerk, belangrike strewe. Op die oomblik kan die resultaat op hierdie gebied reeds bepaald

bevredigend genoem word, maar die nywerheidsafdeling kan ongetwyfeld in die toekoms uitgebrei en verder ontwikkel word. Dit is veral op hierdie gebied dat die koöperasie kan toon waartoe hy as koöperasie in staat is.

Hocwel hierdie funksie in die lewe geroep is as uitbreiding van die diensverlening aan lede, kan non-lede egter ook hiervan gebruik maak.⁽¹⁾ Ofskoon die Maatskappy dus deur sy statuut selfs hiertoe in staat gestel word, word sake op ander gebied met non-lede as onkoöperatief en onwettig bestempel. Die Maatskappy het dus wel die reg om die produkte van sy lede aan enigeen te verkoop en teen die voordeligste manier van die hand te sit, maar dit het nie die reg om non-lede in ander dienste te laat deel hê nie. Dit sou dus byvoorbeeld in beginsel verkeerd wees om die voordeel van lae pryse van die handelsafdeling aan non-lede beskikbaar te stel. Dit is juis een van die belangrikste dienste wat aan lede gelewer word, en vir 'n geringe bedrag kan 'n bona fide-boer, wat 'n non-lid is, lid van die koöperasie word en in alle voordele deel hê. Dit is dus nie nodig om af te wyk van die prinsipe om slegs sake met lede te dryf nie.

Wat die verkoop van benodighede en die lewering van dienste in verband met landbougereedskap betref: Die koöperasie tree op as 'n agent en koop landboubenodighede vir sy lede op 'n kommissiebasis. Verskillende werktuie word selfs rogstroeks ingevoer en lede het deel in die profyt. Die betekenis van hierdie diens is van baie belang, soos eerder uiteengesit, want sedert die pryse van die meeste landbouprodukte deur die diverse beheerrade vasgestel is, gaan die belangstelling van die boer uit tot vermindering van die produksiekoste. Die diens wat deur die koöperasie verleen word met die verkoop

(1) Statuut van Maatskappy, art. 3(p): - Om met goedkeuring van die Minister van Landbou en Bosbou, meulenaarsdiens- te ten behoeve van non-lede beskikbaar te stel. - Verder kan ook saad tot 'n bepaalde bedrag aan non-lede verkoop word.

van gereedskap, is dus van groot betekenis maar behoort egter nog uitgebrei te word. Die Sentraal-Wes het oor twee werkwinkels beskik, maar hulle is weens gereelde verlies na enkele jare gesluit. Al wat nog in stand gehou word, is 'n smidswinkel te Kroonstad. Hierdie diensverlening moet myns insiens weer en beter opgeneem word, gesien die voordeel vir die lede hieraan verbonde.

Die ou beproefde metode het ongeskik geblyk (of die verlies aan swak bestuur te wyte was, word in die midde gelaat), maar daar kan seker 'n ander oplossing gevind word. Enkele mobiele werkseenhede met een vaste werkwinkel op 'n sentraal geleë plek sou byvoorbeeld 'n stap in die goeie rigting wees.

Ten slotte behoort na ek meen meer aandag geskenk te word aan meer algemene landbouvoorligting. Sedert die ontstaan van die Maatskappy het die nadruk geval op die verbetering van die bemarkingsmetodes. Die vraag ontstaan of, relatief gesproke, die klem nie te veel op die bemarkingsy geval het nie en te min op die produksiesy. Die vraagstuk van verhoogde produksie en verlaging van die produksiekostestruktuur geniet al meer die algemene aandag. Deur die aanstelling van voorligtingsbeamptes en/of deur die uitgee van voorligtingsartikels kan die resultate van proefnemings aan lede oorgedra word, kan hulle verder ingelig word oor korrekte boerderymetodes. As gevolg van die graderingsmaatreëls en die feit dat gegreeerde produkte hoër pryse behaal, leer die boere reeds om beter produkte te produseer en aan hoër standaarde te voldoen. Tewens, as dit op die juiste manier en deur alle koöperasies gesamentlik ondersteun word, kan aandag gewy word aan die regulering van die landbouproduksie. Deur lede te adviseer om bepaalde produkte te verbou, kan 'n oorproduksie van die een en tekort van die ander gewas in 'n mate vermy word. Uiteindelik sal dit tot voordeel van die hele landbougemeenskap strek, en 'n vrees vir 'n prysdaling, soos dit op die

oomblik bestaan, indien daar sprake van oorproduksie is, sal minder gegrond behoef te wees. Hier lê braakveld vir 'n toekomsfunksie van die koöperasies.

2. Geregistreerde Ledetal.

Die aantal geregistreerde lede van die Sentraal-Wes het van 1909 tot 1932 toegeneem van 48 tot 3,426, om weer af te neem tot 1,055 in 1937. Na 1937 vermeerder die aantal snel en die laaste paar jaar is om en by die 12,000 lede ingeskryf. As redes vir bogenoemde verskynsel kan die volgende genoem word:

Die depressie van 1929-32 en die daling van die mieliepryse is waarskynlik die oorsaak van die groot toename in die aantal lede teen daardie jare. Die pryse wat deur koöperasies uitbetaal is, was gewoonlik iets hoër as die gemiddelde pryse wat in daardie jare op die oop mark geheers het.⁽¹⁾

Die geleidelike ekonomiese opclwing na 1932, die instelling van die Mieliëbeheerraad en die feit dat die Sentraal-Wes 'n vereniging was met onbeperkte aanspreeklikheid, het die belangstelling van die boere vir die koöperasie laat afneem, sodat die ledetal in 1936 op slegs 1,208 te staan gekom het. Na die reorganisasie van die Sentraal-Wes tot koöperatiewe maatskappy verander die beeld egter. Die beheerraadstelsel, wat 'n baie groter mate van finansiële stabiliteit vir die koöperasie tot gevolg gehad het, het naamlik in werking gekom. Bygevolg het heelwat produsente wat voorheen geneig was om voordele uit seisoenpryskommeling te behaal en/of wat nie volle vertroue in die beweging gehad het nie, by die Maatskappy aangesluit. Die non-lid moet nou, kragtens die feit dat die Sentraal-Wes as agent van die beheerrade optree, sy produkte by die koöperasie aflewer. Hy ontvang die opbrengs van sy oes by die koöperasie en kry, vir 'n geringe lidmaat-

(1) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en landboukrediet, Kaapstad 1934, (U.G.-16-'34), bls. 48.

van sy oes by die koöperasie en kry, vir 'n geringe lidmaatskapgeld, 'n aantreklike diensverskaffing en ander voordele. Hierdie faktore is waarskynlik 'n gedeeltelike verklaring waarom die lidmaatskap sedert 1937 vertienvoudig het. Die rede vir die groeiende ledetal moet dus nie gesoek word by swak pryse soos in die verlede nie, maar by positiewe faktore soos hierbo genoem.

3. Bestuur en Beheer.

Die sukses van 'n koöperasie en die ondersteuning wat van die lede verkry word, hang in 'n groot mate af van die bekwaamheid van die Raad van Direkteure en die beleid deur hulle gevolg. Sonder gesonde sakekennis en ondernemerstalent sou die koöperasie dit nie ver gebring het nie, en dit kan as 'n kompliment genoem word dat die direkteure - wat boere is - die Sentraal-Wes gemaak het tot die grootste mieliekoöperasie van Suid-Afrika.

4. Bydrae van die Sentraal-Wes tot die ontwikkeling van die Landbou.

Die Sentraal-Wes staan as 'n landboukoöperasie seker sy plek vol in die bydraes wat deur die landboukoöperasies gelewer word tot ontwikkeling van die landbou. Die jaar 1955 was die 46e jaar van die bestaan van die Maatskappy, en sedert sy ontstaan was die omset van produkte en goedere ruim £136.5-miljoen, waarvan £131.8-miljoen in sy hoedanigheid as koöperatiewe maatskappy. Die geweldige vooruitgang van die laaste 19 jaar blyk hieruit ten volle. Vir die hantering van graan en die omset van goedere was 1955 'n rekordjaar. Die produksievermoë van die lede het - gesien die feit dat die ledetal die laaste 5 jaar nie noemenswaardig toegeneem het nie - aansienlik vermecorder. Hoewel hierdie verbetering grotendeels toe te skrywe is aan beter boerderymetodes wat toegepas word en 'n grotere mate van meganisasie,

het die dienste deur die koöperasie gelewer, aansienlik hier-toe bygedra.

Op nywerheidsgebied is die beeld op die oomblik nie so rooskleurig nie. Die sterk kompetisie wat op hierdie gebied heers, laat sy invloed gedug voel. Die koöperasie maak egter nog 'n redelike profyt en stel alles in die werk om deur middel van beter kwaliteit die mededingers die hoof te bied.

5. Uitbetaling aan Lede.

Vermeld kan word, dat dit die gewoonte van die Maatskappy is om elke lid outomatics uit te betaal vir sy graanlewering sodra 'n kopiefaktuur ontvang word van die loodsman by wie gelewer is. Die voordeel van hierdie vlotte uitbetaling is dat die lid amper dadelik oor sy geld kan beskik en nie tot die einde van die maand of, wat ook gebeur, tot hy uitbetaling versoek en sy lewerings-faktuur instuur, op uitbetaling hoef te wag nie. Bogenoemde feit kan op sigself 'n diens genoem word, wat seker hoog deur die lede gewaardeer word.

6. Boekhouding.

Die gevaar dat afdelings met 'n onafhanklike boekhoustelsel té onafhanklik word, is veral by groot maatskappye met uitgebreide werksaamhede gedurig aanwesig. So iets moet altyd voorkom word, want die bestuur van 'n saak sal beter in staat wees om leiding te gee en toesig te hou oor die finansiële administrasie as laasgenoemde bestuur word vanuit een punt. So 'n sisteem word deur die Sentraal-Wes gevolg. Die hoofboekhouer is verantwoordelik vir alle boekhoukundige werk. Waar die omvang of situasie van 'n afdeling dit regverdig, word sub-boekhouers met die nodige personeel aangestel. Die sub-boekhouers is egter ondergeskik aan die hoofboekhouer en moet die riglyne volg wat hy aangee.

Die voordele wat aan hierdie sentralisasie verbonde is, kom kortliks hierop neer:

- (i) die afdelingsboekhouer is verantwoording verskuldig aan die hoofboekhouer en nie aan die hoof van die betrokke afdeling nie;
- (ii) die verslag van die afdelingsboekhouer sal objektiewer wees, gesien rede (i); en
- (iii) die kans op bedrog en onreëlmatighede word kleiner as in die geval van 'n boekhouer wat slegs aan sy afdelingshoof verantwoording verskuldig is.

Met ander woorde, die boekhousisteen wat die Sentraal-Wes volg, is in sy organisasie 'n doeltreffende sisteem. Vir 'n moontlike interne verbetering hiervan word in paragraaf 8 enkele suggesties na vore gebring.

7. Finansiële Toestand.

By vergelyking van die vernaamste balansposte met dié van alle spesifieke mieliekoöperasies, is reeds enkele opmerkings omtrent die finansiële toestand gemaak.

Eerder is reeds gewys op die omvang van die behoefte aan bedryfskapitaal, en dit het geblyk dat die Sentraal-Wes hoofsaaklik met fondse van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika geleen, sake dryf. Deur die koöperasie is van die somerseisoenlening (1953-54) die volgende bedrae opgeneem vir:

mielies	£10,318,229
kafferkring	432,511
maalbedryf	1,177,869
graansakke	650,903
gereedskap	400,000
saad	113,130
oliesaad	1,860,752
van die winterseisoenlening vir:	
kring	£ 1,961,786
ander produkte	5,619
graansakke	101,839

In totaal is gedurende daardie finansiële jaar dus 'n bedrag van £17,022,637 opgeneem. Die totale omset van die Sentraal-Wes vir die betrokke jaar was £18,273,587. Dit wil dus sê dat slegs 'n klein persentasie van die totale omset deur die koöperasie self gefinansier is. Hierdie persentasie word nog kleiner as in gedagte gehou word dat op die balans van die jaar onder bespreking, ruim £1-miljoen nog verskuldig was aan krediteure en handelsbanke.

Die vaste en bestendige bates van die Maatskappy bedra £1,285,168, die vaste boulening £700,963.

Die gebrek aan „eie" kapitaal is dus omvangryk. Deur die instelling van die lede-heffingsfonds het die maatskappy reeds getrag om verligting op hierdie gebied te weeg te bring. Die fonds bedra op die oomblik (1955) reeds £330,000, en word hoofsaaklik aangewend om nuwe vaste bates te finansier waarvoor nie geld van die Land- en Landboubank geleen kan word nie. Hoewel die fonds uiteindelik 7- tot 8-honderdduisend pond sal bedra, is dit lank nie voldoende om in alle kapitaalbehoeftes te voorsien nie. Die reserwefonds neem wel gereeld elke jaar toe, en het selfs sedert 1937 verveertigvoudig, maar die opbetaalde aandelekapitaal daarenteen neem eerder af as toe.

In die eerste jare van die Sentraal-Wes as koöperatiewe maatskappy was die aantal aandele uitgereik per lid om en by die twintig en ruim £10 per lid was opbetaal. Teenswoordig is die verhouding: uitgereik per lid 32,5 aandele, en opbetaal £5.6.-.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die aandele wat aan die Land- en Landboubank as sekuriteit vir lenings kan sodeer word, wel toegeneem het, maar dat die persoonlike bydrae van die gemiddelde lid omtrent die helfte is van wat dit kort na die stigting van die Maatskappy was. wat opbetaalde

aandelekapitaal betref. Uit tabel no. 21 blyk dit dat die lede elke maand gemiddeld aan krediet by die maatskappy 'n bedrag opneem gelykstaande aan die heffingsfonds. Die gedagte dring homself na vore dat die lede wel alle finansiële voordele geniet wat die Maatskappy kan aanbied, maar nog nie voldoende daartoe bydra om die tekort aan die finansieringsmiddele op te los nie.

Hoewel die finansiële interesse van die lede gemiddeld toegeneem het van £16 in 1947 tot £50 in 1955, het die gemiddelde bruto omset per lid met die Maatskappy van £360 tot £1800 toegeneem vir bogenoemde jare. Dit is dus 'n vermeerdering van 500 persent.

Die lid se grotendeels gedwonge finansiële belangstelling het slegs toegeneem met 300 persent vir hierdie periode. Hoewel aangevoer kan word dat die jaar 1947 nie representatief is nie weens die slegte oes, gee 'n herberekening met 'n te verwagte omset van £4.5-miljoen tog nog 'n toename van 400 persent. Hierdie syfers is slegs ter illustrasie na vore gebring om daarop te wys dat, hoewel groter reserwes deur die maatskappy opgebou is en die finansiële stabiliteit verbeter het, die bydrae van die lede tot die finansiering van hul koöperasie nog lank nie voldoende is nie en in verhouding met die omset agterbly, en dus in wese minder is as in 1947. In 1955 is alleen al ruim £800,000 aan rente op opgenome lenings betaal. 'n Gedeelte van hierdie rente kon seker aan lede uitbetaal geword het, as hulle meer kapitaal in hul eie koöperasie sou geïnvesteer het. Dit lyk myns insiens onnatuurlik dat die koöperasie na die byna 50 jaar van sy bestaan nog vir amper sy gehele kapitaalbehoefte van geleende fondse afhanklik is, en dat die meeste lede genoë neem met 'n minimum aan persoonlike bydrae.

Wil die koöperasie eendag op eie bene staan, dan sal die lede hulself meer moet inspan. Hoewel belegging in aandele nie aantreklik is nie weens die onverhandelbaarheid daarvan, kan baie gedoen word deur middel van vrywillige bydraes tot die ledeheffingfonds, wat roterend is.

8. Administratiewe en Direkte Koste.

Hierdie kostebedrag neem van jaar tot jaar toe. Die batige saldo of winspersentasie op die totale omset (sien tabel no.23) bly egter in verhouding min of meer dieselfde. Die bedrag uitbetaal aan salarisse en lone (naturelle) was in 1954 respektiewelik £343,606 en £113,862. Tien jaar vroeër was dit £45,038 en £26,737. Die omset was toe egter ruim 4-miljoen teenoor die £18-miljoen in 1954. Die omset in 1944 is gehanteer deur 172 blanke personeellede, die van 1954 deur 612. Die bedrywigheide het dus $4\frac{1}{2}$ maal verdubbel, die personeel $3\frac{1}{2}$ keer, en die bedrag uitbetaal aan salarisse en lone het toegeneem met 6.3, die van blanke personeel selfs met 7.6. 'n Blote vergelyking tussen die twee bogenoemde tydperke kan egter enigsins misleidend wees as nie in gedagte gehou word nie dat individuele lone en salarisse sedert 1944 aansienlik gestyg het. Gesien hierdie gegewens, kan ondanks die feit dat die gemiddelde winspersentasie ongeveer gelyk gebly het, gevra word of die bogenoemde koste nie verlaag kan word nie deur 'n toepassing van intensiewe meganisasie, veral op administratiewe gebied. Ekstern is deur die gebruik van sak-hysers die naturellearbeid reeds aansienlik verminder, maar intern is nog min aan meganisasie gedoen. Weliswaar is die lederekeningsafdeling tot 'n sekere hoogte gemeganiseer, maar die omvang van die werksaamhede in ander afdelings regverdig seker die instelling van 'n algemene meganisasiesisteen vir alle afdelings. Nie alleen sal die instelling van so 'n sisteen die administratiewe werksaamhede van verskillende afdelings aansienlik verminder nie, maar ook 'n beter kontrole en bedryfs-

beheer sal moontlik word, omdat gegewens daaglik beskikbaar sal wees, afgesien nog van die besparing wat dit sal meebring. Statistiese gegewens sal bowendien outomaties beskikbaar wees. Die omvang van die sake van die Maatskappy regverdig seker so 'n stap en dit kan uiteindelik alleen tot voordeel van die lede wees.

HOOFSTUK XII

Slotbeskouing

Die hoofpunte van wat in hierdie verhandeling bespreek is, word in die volgende paar bladsye weergegee:

Soos uit die inhoudsopgaaf reeds blyk, word in afdeling A en B hoofsaaklik met die teoretiese en geskiedkundige handel, terwyl in afdeling C meer spesiaal op die interne werksaamhede van die Sentraal-Wes ingegaan word.

Deur verskillende bevolkingsgroepe in die ekonomiese struktuur, o.a. deur die landboubevolking, is die afgelope honderd jaar reeds koöperasies gevorm. Hierdie landboukoöperasies se hoofdoel is om die landbouprodukte en lewende hawe van die lede so voordelig moontlik te verkoop en om hulle te voorsien van landboubenodighede en/of dienste te lower in verband met die boerdery en ander werksaamhede. „Koöperasie” in die algemeen kan beskryf word as 'n ekonomiese stelsel waarin die mense demokraties georganiseer is om te voorsien in hulle behoeftes deur wedersydse hulp te verleen, met diens as die onderliggende beginsel, en nie wins nie.

Die Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk, is deur die landbougemeenskap van Wes-Transvaal aan die begin van hierdie eeu te Klerksdorp gestig. Ten einde die betekenis van hierdie koöperasie te kan vasstel, en die bydrae wat hierdie koöperasie gelewer het in die rasionalisering van die bemarkingsproses te kan nagaan, het ons in die eerste plek die toestande kortliks ontleed wat voor die invoering van die koöperatiewe bemarkingskemas bestaan het.

Toe die koöperatiewe beweging vir die eerste maal deur die koloniale regerings gepropageer is gedurende die eerste dekade van hierdie eeu, het die ekonomiese omstandighede in daardie tyd seker so 'n stap geregverdig, want die bemark-
ing en distribusie van goedere en/of dienste, was ver van

volmaak. Toentertyd is veral nadruk gelê op die nadele van individualistiese bemarkingsmetodes, die gebrek aan finansiële bronne onder die boere (wat hulle verplig het om hul produkte kort na/of selfs gedurende die oestyd te verkoop) en op die verskil in prys tussen wat die boere vir hul produkte gekry het en dié wat die verbruikers moes betaal. Die belangrikste tussenpersoon in die versamelingsbedryf van die landbouprodukte was die plaaslike handelaar. Hy het gewoonlik krediet aan boere verleen met die toekomstige oes as sekuriteit. Die boere was, nadat hulle die oes ingesamel het, meesal feitlik verplig om dit aan die handelaar aan te bied. Daar was oor die algemeen geen alternatiewe bemarkingsmetode nie. Verder het die boer min kennis van sakemetodes gehad, en die handelaar wat hiermee beter vertrouwd was en 'n goeie kennis van bemarkingstoestande gehad het, was gewoonlik in staat om die boer te oortuig dat die prys wat hy vir die produkte aangebied het, die beste was wat hy sou kon kry. Tereg het die boeregemeenskap gemeen dat, deur saam te staan, onnodige tussenpersone en skadelike mededinging uitgeskakel kon word. Al die vereistes vir 'n doeltreffende bemarkingstelsel het dus ontbreek, en daar was min of geen koördinasie van bedrywighede nie. Dit wek dus geen verbasing nie, dat die verskillende koloniale regerings en later die Unieregering sulke vasberade pogings aangewend het om landboukoöperasies onder die boere aan te moedig. Die Koöperatiewe beweging het teen daardie tyd reeds 'n hoë mate van sukses in die buiteland en veral Denemarke behaal, en die algemene mening was dat dit 'n goeie vooruitsig op sukses in hierdie land het. Hoewel die beweging sekere terugslae ondervind het sedert dit ingevoer is, het dit nogtans aansienlik uitgebrei, veral gedurende die afgelopen dekade. Die betekenis van die landboukoöperasies en veral die bydrae wat deur die Sentraal-Wes gelewer is en tans nog gelewer word, blyk vandag onteenseglik uit die posisie wat die

Koöperasies inneem in die landbou-ekonomie van die land. Die Sentraal-Wes lewer (1954) ruim 31% van die mielies wat deur die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid van koöperasies ontvang word en bedra ruim 20% van die totale ontvangste van die Raad in gebied A. Ondanks hierdie sukses moet 'n mens tog versigtig wees. Koöperatiewe organisasies word dikwels deur die boeregemeenskap gesien as 'n middel om al die probleme van die landbougemeenskap op te los, en die aksent het veral geval op hoër pryse en nie soseer op die ander dienste wat hierdie vorm van organisasie kan lewer nie. Hierdie beswaar geld in sekere sin vandag nog: te veel aandag word aan die bemarkingsy geskenk veral met die oog op hoër pryse, en te min aan die produksiesy.

Wat die Sentraal-Wes se ontwikkeling betref: na 'n beskeie begin het die koöperasie steeds in omvang en betekenis toegeneem. Hoewel die groot ontwikkeling pas na 1937 gekom het, is dit aan die bestuur en beheer van die maatskappy te danke dat die Sentraal-Wes vandag die grootste mieliekoöperasie in die suidelike halfmond is.

In afdeling C is soos reeds eerder genoem, die interne werksaamhede van die Maatskappy behandel en die verskillende afdelings uitvoerig beskryf. Die werksaamhede wat deur die afdelings verrig word kan min of meer in twee groepe verdeel word, nl. dié wat noodwendig van 'n plaaslike aard is en dié wat 'n groter omvang het en 'n groter mate van koördinasie vereis tussen die verskillende liggame wat met dieselfde produksie handel. Onder die eerste groep val funksies soos die ontvangs, die gradering, opberging en somtyds die bewerking van die boer se produkte; die uitbetaling van die prys (nou in die meeste gevalle vasgestel) en die verleen van 'n beperkte finansiële hulp aan lede deur die verkoop van sekere benodighede op krediet. Aan die ander kant, bestaan die tweede groep funksies

uit die werklike bemarking en die aankoop van boerderybenodighede.

Die koöperasie het 'n groot aantal takke en opslagplekke wat dwarsdeur die gebied waarin die koöperasie optree, versprei is en wat sorg vir die plaaslike funksies. Die hoofkantoor sorg vir die bemarking van produkte, die aankoop van benodighede en vir die distribusie van laasgenoemde onder die verskillende takke; terwyl alle administrasie verder op die hoofkantoor gekonsolideer word. Dit is vir 'n goeie begrip van die werkzaamhede van die koöperasie noodsaaklik dat bogenoemde onderskeiding in gedagte gehou word. Die omvang van die plaaslike sowel as van die ander groep funksies, word grotendeels duidelik as gelet word op die diverse tabelle in die statistiese oorsig van die werkzaamhede van die maatskappy en op die bydrae van die Sentraal-Wes tot die meganisasie van die landbou. Die betekenis van hierdie laaste funksie neem die laaste jare steeds meer toe, veral nou dat die eintlike bemarkingsfunksie grotendeels van die koöperasies op die diverse beheerrade oorgegaan het.

In die laaste hoofstukke is veral aandag geskenk aan die finansiering. Voordat die Staat kredietfasiliteite aan koöperatiewe organisasies toegestaan het, was daar geen spesiale finansiële fasiliteite vir die boerdery nie. Die rede waarom daar so 'n spesiale behoefte bestaan het, was dat handelsbanke nie vir die behoeftes in hierdie bedryf voorsiening gemaak het nie en dit selfs vandag tot 'n minimum beperk. Die boerderybedryf het gewoonlik krediet benodig vir betreklik lang termyne - ses tot nege maande - en dit is gewoonlik te lank vir 'n handelsbank. Boere het om hierdie rede op so 'n groot skaal gebruik gemaak van die krediet van die plaaslike handelaar met die oes as sekuriteit. Hierdie toestand was baie onbevredigend, want in die eerste plek was die kapitaal-

fondse van die handelaar nie toereikend nie, en in die tweede plek het die vergoeding wat die boere moes betaal uitgeloop op laer pryse vir die boer se produkte of hoër pryse vir die goedere aan hom verkoop. Die voorsiening van staatshulp in die vorm van korttermynlenings was afhanklik van die instel van koöperatiewe verenigings, ten einde 'n behoorlike beheer oor, en verhaal van, die lenings te versker. Hierdie fasiliteite is onmiddelik na die oprigting van die koöperasies aan die boere beskikbaar gestel. Sulke lenings waarop 'n lae rentekoers gevra is, het die koöperasies in staat gestel om krediet aan lede te verleen vir die aankoop van plaasbenodighede en om voorskotte op produkte wat vir verkoop gelewer word te betaal.

Daarnaas kon die koöperasies langtermynlenings van die Staat (Land- en Landboubank van Suid-Afrika, Beperk) verkry vir die oprigting van geboue en opslagplekke, om sodoende die nodige opbergingsfasiliteite in te stel. Hierdeur was die koöperasies in staat om dwarsdeur die jaar die produkte op die gunstigste tydstip te bemark. Op die oomblik is die koöperasies, vir sowel die kort- as die langtermyn-finansieringsbehoeftes, nog hoofsaaklik afhanklik van vreemde fondse. Op bls. 106 is die finansieringskema van die Sentraal-Wes vir 1954 opgeneem en 'n taamlike goeie insig in die finansieringsposisie kan hieruit gekry word. Die redes dat die koöperasies, en met name die Sentraal-Wes, oor so min eie fondse beskik, moet hoofsaaklik gesoek word in die onaantreklikheid van die aandele. Hulle is onverhandelbaar en die eerste aandeel gee die lid alle voorregte. 'n Oplossing is gesoek deur die lede te dwing om 'n sekere aantal aandele in die koöperasie te laat uitneem, maar die bedrag wat opbetaal moet word is so gering dat dit min gehelp het. Die onopbetaalde gedeelte word nou gesedeer as sekuriteit vir lenings. By die

Sentraal-Wes bedra die finansiële bydrae van elke lid afsonderlik tot die finansiering van die koöperasie gemiddeld nie meer as £6 aan opbetaalde aandele nie. Dog alweer na die instelling van 'n by statuut verpligte bydrae per sak gelewerde graan tot 'n ledeheffingsfonds, het die finansiële steun van die lede toegeneem. Gemiddeld is sedert die 3 jaar van die bestaan van die fonds £9 per lid per jaar inbetaal. Hierdie fonds werk op die basis van 'n roterende kapitaalstelsel en is in wese 'n lening vir enkele jare. Die fonds voorsien reeds in sekere kapitaalbehoeftes waarvoor geen geld van die Landbank geleen kan word nie. Hoewel hierdie fonds dus verpligtend is vir lede, gee dit indirek die lede meer belangstelling by die maatskappy. (In 1955 is reeds £330,000 bygedra tot die ledeheffingsfonds).

Soos uit tabel 19 te sien is, volg die Sentraal-Wes 'n gesonde reserwevormingspolitiek. In 1955 was die bedrag aan reserwes amper £900,000, ruim £700,000 meer as in 1945.

Die koöperasie kan uit die aard van die saak slegs geringe kredietfasiliteite ter beskikking van die lede stel, en die lid se bydrae tot die heffingsfonds beperk in die meeste gevalle sy kredietopneming. Tog word gemiddeld nog £200,000 per maand op hierdie wyse aan lede verskaf.

Die verskil tussen 'n koöperatiewe maatskappy en 'n publieke maatskappy kom reeds in die hoofdoelstelling van 'n koöperasie na vore: ekonomiese diens vry van enige koste behalwe die noodsaaklike, tot voordeel van die lede, en nie wins soos in die geval van 'n publieke maatskappy nie. Prakties blyk die toepassing van hierdie prinsipe duidelik by die Sentraal-Wes, as gekyk word na die netto winspersentasie op die totale omsot (tabel 23). Die netto winspersentasie is vir die laaste jare onder 1 persent, en net in 1955 is dit

vir die eerste keer weer iets daarbo. Met ander woorde,
die maatskappy beantwoord nog ten volle aan die hierbo
genoemde prinsipe.

LYS VAN AANGEHAALDE WERKE.

- J.J. Adams: 'n Historiese oorsig van die koöperatiewe Wetgewing in Suid-Afrika voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1952.
- M.H. de Kock: The Economic development of South Africa. Westminster 1935.
- H. Frankel: Coöperation - Competition in the marketing of maize in South Africa. London 1938.
- P.G. le Clus: Landboukoöperasie en landbouorganisasie in Suid-Afrika voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1952.
- N.J. Polak: Enige grondslagen der financiering der onderneming. Haarlem 1946.
- C.G.W. Schumann: Structural Changes and Business Cycles in South Africa, 1806-1936. London 1938.
- Ekonomiese vooruitgang en vooruitsigte in Suid-Afrika voordrag gehou voor: Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1954.
- Die Unie van Suid-Afrika tot 1939, in: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II. Kaapstad 1951.
- W.H. van der Merwe: Bemerkingswetgewing en die koöperatiewe beweging voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1952.
- A.P. van der Post: Economics of Agriculture. Johannesburg 1937.

Memorandum oor Koöperasie en die ontwikkeling daarvan in die Unie van Suid-Afrika. Koöperasiepers van S.A., Bpk., Kaapstad 1944.

Offisiële jaarboeke vir die Unie van Suid-Afrika, Staatsdrukker, Pretoria.

Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake
Koöperasie en Landboukrediet, (U.G. 16-'34). Kaapstad 1934.

Verslag van die Distribusiekoste-kommissie, (U.G. 28-'47).

Verslag oor die Werkzaamhede van die Raad van Beheer oor die
Mielienywerheid in die boekjaar geëindig 30 April 1955,
W.P. - 16682 - 23/12/54.

P.W. Voster: Die Mieliebedryf. Boerdery in Suid-Afrika,
Maart 1952,

S T A T U T E

van die
Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Bpk.

- Art. 3(b). Om die lede van landbouwerktuie en masjinerie, saad, misstowwe en ander boerdery-benodighede te voorsien;
- (f) om winkels op te rig, verkry en te drywe volgens koöperatiewe stelsel vir die verkoop en aflewering van boerderybenodighede;
- (o) om meulenaarsdienste ten behoeve van sy lede beskikbaar te stel;
- (p) met goedkeuring van die Minister van Landbou en Bosbou aandeel verleen ingevolge Subartikel (m) van hierdie artikel, meulenaarsdienste ten behoeve van nie-lede beskikbaar te stel.
- Art. 5. Die nominale waarde van elke aandeel is Een Pond, waarvan een-tiende betaalbaar is by aansoek en die balans in sulke paaielemente en op sulke datums, tye en plekke, as wat deur die direkteure bepaal mag word; mits geen oproep een-vierde van die nominale waarde van die aandeel te bowe gaan of betaalbaar is binne 'n maand vanaf die laaste oproep nie, en dat minstens veertien dae vantevore van so 'n oproep skriftelik kennis gegee word.
- Art. 16A Elke lid is verplig om vyf-en-twintig (25) aandeel in die Maatskappy te besit as die totale waarde van sy sake met die Maatskappy gedurende die onmiddellike voorafgaande boekjaar nie meer as die som van £100 beloop nie, en dertig (30) aandeel as die waarde van sulke sake meer as die som van £100 beloop. Wanneer dit blyk dat enige lid nie die minimum getal aandeel hou ooreenkomstig hierdie skaal nie, kan die Raad van Direkteure aan hom, sonder dat hy 'n aansoek daartoe ontvang het, voldoende aandeel toeken om sy aandeel te bring tot die vereiste minimum en 2/- (twee sjielings) van die nominale waarde van elkeen van die aandeel aldus toegeken, is na toekenning betaalbaar; en die saldo is betaalbaar ooreenkomstig Artikel 5 (vyf) van hierdie Statuut. Enige lid is, niesteenstaande die bepaling van hierdie artikel geregtig om, onderhewig aan die goedkeuring van die Raad, meer aandeel te besit as die getal aan hom toegeken onder hierdie verpligtingsartikel.
- Art. 70 Dadelik by die begin van elke seisoen, maar nie later dan die 15de Mei van elke jaar nie, moet elke lid die Raad van Direkteure skriftelik in kennis stel van die soort, kwaliteit en hoeveelheid van sy verwagte oes op vorms wat vir daardie doel deur die Raad verskaf sal word, en indien hy versuim om dit te doen, maak hy hom skuldig aan 'n boete van £1.

- Art. 76 Op elke sak graan gedurende die boekjaar deur 'n lid gelewer, word 'n heffing van een pennie (1d) per sak opgelê en word gevorder van enige voorskot of ander bedrag wat aan die lid betaalbaar is ten opsigte van enige graan of produkte wat deur die lid aan die Maatskappy gelewer is. Sodanige heffing word in naam van die betrokke lede tot 'n spesiale fonds, genoem die heffingsfonds, gekrediteer.
- Art. 77 Landbouwerktuie en -masjinerie en ander boerderybenodigdhede mag op krediet aan 'n lid verkoop word mits die bedrag wat deur hom aan die Maatskappy verskuldig is ten opsigte daarvan nie 100% van sy bydrae tot die Heffingsfonds sal oortref nie en tot so 'n mate sal sy bydraes as sekuriteit dien vir die krediet wat aan hom toegestaan is. Die Raad van Direkteure bepaal die voorwaardes waarop sodanige krediet aan lede toegestaan word, die omstandighede waaronder ledeskulde teen hul bydraes tot die Heffingsfonds afgeskrywe kan word en die wyse waarop lede ingeval van so 'n afskrywing hulle kredietbalanse in die Heffingsfonds sal herstel.
- Art. 77A (a) Benewens die bepalinge van Artikel 77 mag die Raad van Direkteure landbou-implemente, misstowwe, berokingsmiddels, insekdodende middels, sakke, bindertou en ander boerderybenodigdhede aan sy lede op krediet verskaf teen sekuriteit van produkte afgelewer of nog onafgelewer, die opbrengs waarvan aan sodanige lede betaalbaar mag word;
- (b) Die Raad van Direkteure kan ook na goedgekeurde besluit om duursame landbougereedskap, -werktuie en -masjinerie ooreenkomstig die huurkoopstelsel aan lede te verskaf, mits 'n behoorlike huurkoopkontrak of huurkoopkontrakte daarvan gesluit word waarvan die termyn oor 'n tydperk van hoogstens 2 jaar strek en waarvolgens 'n deposito van tenminste een-vyfde van die waarde van sodanige artikels gestort word.
- Art. 78 (a) Ingeval van beëindiging van lidmaatskap, deur bedanking, oordrag van aandele of uitsetting word, mits die Maatskappy in die vermoë is om dit te doen en onderhewig aan die bepalinge van Artikel 13, 75% van die bedrag deur sodanige lid tot die Heffingsfonds bygedra, aan hom of sy wettige verteenwoordigers terugbetaal: met dien verstande dat in die geval van 'n lid wat bedank, of wat uit die Maatskappy uitgesit word, hy tenminste drie agtereenvolgende jare lid van die Maatskappy moes gewees het. Die balans deur die betrokke lid bygedra, word na die heffingsreserwerekening oorgedra.
- Art. 87 As die Maatskappy daartoe in staat is, voorsien hy sy lede van landbouwerktuie en masjinerie en ander boerderybenodigdhede.

- Art. 88 Sulke artikels word verskaf teen kosprys plus 'n kommissie wat deur die Raad van Direkteure sal bepaal word.
- Art. 94 Landbouwerktuie en ander boerderybenodigdhede word nie deur die Maatskappy op krediet verskaf nie behalwe onder die voorsienings in Artikel 77 van die Reglemente.
-